

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BOERE IN DIE ZUID-
AFRIKAANSCHЕ REPUBLIEK EN DIE PORTUGESE
VAN MOSAMBIEK, TUSSEN DIE JARE 1836-1869.

INHOUD.

Hoofstuk.

Bladsy.

I. 'n Kort oorsig van die geskiedenis van die Portugese in Oos-Afrika en die omstandighede waaronder hulle gelewe het tydens die eerste kennismaking van die Voortrekkers met hulle.	1.
II. Die eerste ontmoeting tussen die Boere en die Portugese.	14.
III. Andries Hendrik Potgieter se ideaal in verband met Delagoabaai.	32.
IV. Die handel en verkeer tussen Zoutpansberg en Inharibane.	51.
V. Die verdrag van 1850.	76.
VI. Die verdrag van vrede, vriendskap en handel van 1869.	99.
Lys van geraadpleegde bronne en werke.	121.

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BOERE IN DIE ZUID-
AFRIKAANSCHÉ REPUBLIEK EN DIE PORTUGESE VAN MOSAM-
BIEK, TUSSEN DIE JARE 1836 - 1869.

DEUR

BAREND SALSON COLYN VAN TONDER.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die Graad van M.A.(Geschiedenis) in die fakulteit van
Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria.

31 Januarie 1952.

Hoofstuk I

'n Kort oorsig van die geskiedenis van die Portugese in Oos-Afrika en die omstandighede waaronder hulle gelewe het tydens die eerste kennismaking van die Voortrekkers met hulle.

Die Portugese en die Hollanders was die eerste twee Europese nasies wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Dit het egter 'n paar eeue geneem voordat die Voortrekkers met die Portugese in aanraking gekom het. Om die verhouding wat daar toe tussen hulle bestaan het, beter te kan begryp, is dit nodig om eers kortliks die geskiedenis en omstandighede waaronder die Portugese gelewe het, te skets.

Soos ons weet, was die Portugese die eerste blanke ras wat in die latere Portugees-Oos-Afrika voet aan wal gesit het. Op 6 Januarie 1498 het 'n Portugese vloot onder leiding van Vasco da Gama die mond van 'n rivier, waarskynlik die Limpopo, ten noorde van Delagoabaai, bereik. (1) Hulle het hier 'n vriendelike swart volk, van wie hulle koper, ivoor en eetware geruil het, aangetref, en vier dae later die reis voortgesit. In die Quilimanerivier is anker gegooi. By die inboorlinge, wat klaarblyklik van Arabiese afkoms was, is Oosterse artikels aangetref. (2) Hier het 'n groot aantal van die bemanning aan koors beswyk. (3) Da Gama het tien Portugese bandiete wat in Lissabon tot die dood veroordeel was, by hom gehad. Hulle lewens sou gespaar word op voorwaarde dat hulle op enige plek wat hulle aangesê word, sou bly. Twee bandiete is by Quilimane

-
1. G.M. Theal: "The Portuguese in South Africa." p. 90.
 2. Edgar Prestage: "The Portuguese Pioneers." p. 256.
 3. Ibid: t.a.p. p. 256.

2.

agtergelaat om kennis op te doen omtrent die land en sy bevolking. Die lotgevalle van hierdie twee Portugese is egter onbekend.

Mosambiek is die volgende plek wat besoek is. Hier het hulle handelsvoertuie aangetref. Dit was 'n taamlike groot stad bevolk met Arabiere en Bantoes. ⁽⁴⁾ Ook kry hulle inligting hier oor die Indiese handel en van goud wat in die suide by Sofala reeds verhandel is. ⁽⁵⁾ Die vriendelike behandeling wat die Portugese ook hier te beurt geval het, is egter gou beëindig toe die Arabiere verneem dat hulle Christene is. Na 'n skermutseling is die reis na die Ooste voortgesit. ⁽⁶⁾ Voortaan sou daar altyd vyandskap tussen Arabiere ^{en Portugese} bestaan.

Nadat die seeweg na die Ooste gevind is, het daar gereelde vlote na die Ooste gevaar. Soos bekend het Cabral omstreeks 1500 Sofala aangedoen en gunstig oor toestande daar rapporteer.

Tydens da Gama se tweede reis in 1502 het een van sy skepe onder bevel van Antonio de Campo die huidige Delagoabaai binnegeseil. Die bemanning het gedink dat die groot rivier wat in die baai uitmond, sy oorsprong in 'n groot meer in die binneland gehad het. Die baai kry toe die naam Da Lagoa, dit beteken "van die meer" Tans word die naam Delagoa geskrywe. ⁽⁷⁾

Da Gama se skepe het die goudhawe aangedoen en is daar vriendelik deur die Arabiere behandel. ⁽⁸⁾

Oor die algemeen het daar egter byna voortdurend 'n toestand van oorlog tussen die twee rasse bestaan. Hoe-

-
4. Eric Axelson: "South East Africa." 1488- 1530. p. 40.
 5. G. M. Theal: "The Portuguese in South Africa." p. 91.
 6. Edgar Prestage: t.a.p. p. 257.
 7. Theal: t.a.p. p.96.
 8. Eric Axelson: "South East Africa. " p. 55.

3.

wel hulle in die minderheid was, het die Portugese tog die oorhand gekry, danksy hulle groter oorlogservaring, beter toerusting en hulle bekeringswerk. Die Arabiere van die streke was daarenteen verdeeld en minder ondernemend weens die langdurige bloedvermenging met die inboorlinge. In 1509 is die Arabiere heeltemal verslaan.

Soos bekend het die Portugese koning en staat hom die alleenreg toegeëin om met die Ooste handel te dryf en geen partikuliere inisiatief is geduld nie. Al die Oosterse ware en ook die goud van Oos-Afrika is na Lissabon gebring en vandaar oor Europa versprei.

Aangesien die Portugese gedink het dat daar baie goud by Sofala is, het hulle in 1505 'n fort en handelstasie daar gebou en dit as die hoofvesting in Oos-Afrika beskou. ⁽⁹⁾ Hier is ivoor en goud van die Bantoes vir linne, krale ens. geruil.

In 1507 het Mosambiek die middelpunt van die Oos-Afrikaanse handel en die verversingstasie van die vlote na en van Indië ⁽¹⁰⁾ geword. Van hierdie eiland af is bote na die Ooskus-hawens gestuur om handel te gaan drywe en groot winste is gemaak deur die ivoor-handel.

Twee forte naamlik Sena en Tete is verder die binneland in, langs die Sambesie, gebou. Albei was handelstasies waarheen en vanwaar koopware die rivier op en af in bootjies vervoer is.

In 1544 het 'n sekere Lourenco Marques Mosambiek verlaat en op 'n ontdekkingsstog na die suide gegaan. Hy het in Delagoabaai gekom en daar inboorlinge wat gretig

9. G.M. Theal: "The Portuguese in South Africa." p. 10.

10. G.M. Theal: "History of South Africa, before 1795."

Dl. 1 p. 189.

4.

was om ivoor te verruil , aangetref. 'n Tydelike handelstasie is op een van die eilande in die baai opgerig, en jaarliks is skope van Mosambiek af gestuur om die ivoor hier te kom haal. Die grootste inham in die Baai is deur die Portugese Lourenco Marques genoem. Alle ander Europese nasies het egter die naam Delagoabaai gebruik. ⁽¹¹⁾ Omstreeks dieselfde tyd is 'n handelstasie ook met die doel om ivoor te versamel, in Inhambane opgerig.

Die Portugese het as gevolg van omstandighede in Suid-Afrika heeltemal ontaard. Daar was 'n vloedgolf van onbehoorlikheid, immoraliteit en agteruitgang. ⁽¹²⁾ 'n Blanke vrou is selde gesien en elke Portugees het 'n paar inboorlingmeide as vrouens vir hom aangehou. Ook het koors baie vroue Portugese laat beswyk of hulle uitgeput. Daar was niks wat hulle tot kraginspanning aangespoor het nie. Hulle was verwyder van die beskawing en het gedurig met barbare te kampe gehad. Daar was geen priesters tot voor die einde van die sestende eeu nie. Deur die versengende hitte van die subtropiese son was die Portugese so uitgeput en lui dat hulle niks verrig het nie. ⁽¹³⁾

In 1569 het koning Sebastiaan van Portugal besluit om die goudstreke in Oos-Afrika in besit te neem. Die gebrekkige goudwinning uit die streke is aan die luiheid en onbedrewenheid van die Bantoes gewyt. Besit van die goudmyne sou Portugal net soveel goud besorg as wat die Spanjaarde uit Meksiko kry. So altans het die mense in Lissabon gedink.

Die jong koning van Portugal het 'n ervare offisier,

11. Ibid. t.a.p. p. 131.

12. E. Axelson: "South East Africa." p. 163.

13. Das Neves: "a Hunting expedition to the Transvaal." p. 5.

Noot: Das Neves het die gebied in die 19 de eeu besoek en die toestande so aangetref. Ons kan aanneem dat dieselfde toestande en miskien nog in 'n erger graad , in die vorige eeue daar geheers het.

5.

Francisco Baretto , opdrag gegee om Oos-Afrika te verower en hom en sy manskappe deeglik van krygstoerusting voorsien. Baretto is ook aangestel as goewerneur-generaal van Mosambiek. Nieteenstaande honderde soldate aan koors beswyk het, het Baretto die Bantoes tamme onderwerp. Die Portugese het na die verowering gevind dat die goudmyne arm was en was bitter teleurgesteld hieroor. (14)

Die Portugese het nooit 'n poging aangewend om Oos-Afrika te koloniseer nie. Hulle was handelaars en sendelinge niks meer nie.

Hulle seggenskap was selfs in die bloeiendste tyd uiters beperk en teen die middel van die sewentiende eeu, honderd-en-vyftig jaar nadat Sofala in besit geneem is, het hulle nog hulle vervalte en swak poste behou en het dit gelyk of dit net deur 'n guns van die Bantoes toegelaat word.

Die negentiende eeu:

In die begin van die negentiende eeu was die Portugese mag en invloed ten suide van die Samesie maar nog baie gering. Daar was slegs 1200 christene in die hele gebied en hierby is inbegrepe Portugese, Arabiere, Asiate, Bantoes en gemengde rasse. Aangesien die koors te kwaai was, kon die Portugese nie die gebied koloniseer nie. Portugees-Oos-Afrika het vanaf Kaap Delgado in die noorde tot suid van Delagoabaai gestrek. Die oppervlakte was 80,000 vk. myl en dit het 'n bevolking van 500,000 gehad. (15) Die grense van die Portugese invloedssfeer in die binneland was vaag. Die hoofkwartier was Mosambiek waar die goewerneur-generaal gesetel was. Daar was sewe provinsies nl. Sofala, Quilimane, Samesie, Ibo, Inhambane, Lourenco Marques en Mosambiek. Elkeen het 'n goe-

14. G.M. Theal: "The Portuguese in South Africa." p. 152.

15. J.D. D'Orsey: "Portuguese discoveries dependencies and missions in Asia and Africa". p. 433.

6.

werneure of kommandant, ondergeskik aan die goewerneur-generaal, gehad.

Alhoewel omring deur inboorlinge, het die Portugese gedurende die eerste jare van die negentiende eeu nie veel las van die kant van die Bantoestamme ondervind nie. Die Tonga's wat in die omgewing van die Baai gewoon het, was 'n heterogene ras sonder enige stamverband. Hulle kon dus nie as 'n eenheid teen die Portugese optree nie.⁽¹⁶⁾ Die Portugese se sukses in die handel het van die Tonga's se welwillende ondersteuning afgehang. Vanaf Mpfuma het Tongasmouse elke jaar gedurende die wintermaande kus toe gegaan om ivoor, goud, koper, tin, slawe en velle vir krale, spieëls, messe, tonteldose en doekgoed te verruil.⁽¹⁷⁾

Die Tonga's het vasgestelde handelsroetes in die binneland gehad.⁽¹⁸⁾ Daar was verskillende roetes wat hulle gevolg het: Een het vanaf Delagoabaai die Laeveld ingegaan, oor Mojadisnek na die plaas Bellvue 75, waar 'n hoof handelsstasie was. Daarvandaan het dit tot by Elim gelei. 'n Tweede het oor die plaas Madrid 112, waar later 'n handelsdepot deur Inhambaanse handelaars opgerig is, gegaan en van daar af na Benjailand. Die roete wat die meeste gevolg is, was die een vanaf Lourenco Marques oor die latere Pelgrimsrust, Ohrigstad, Magobaja se Lokasie en digby Tzaneen tot by die teenswoordige Elimhospitaal. 'n Vierde roete het vanaf Elim ooswaarts verby Mashaukop, langs die teenswoordige motorweg by Punda Maria verby, oor Pafuri tot by die Limpopo en daarvandaan langs die rivier af kus toe gegaan.

Elke handelaar het afsonderlik sake gedoen, maar het

16. Junod, H.A: "The life of a South African tribe" Dl. 1.

p. 28.

17. Van Warmelo, N.J: "The copper miners of Mesina." pp. 68-69.

18. Punt W: "Die Van Rensburg moord." in "die Volkstem", 23.9.39 met 'n sketskaart van die roetes deur Dicke.

7.

gesamentlik vir beskerming voorsiening gemaak. Daar was ver-
skanste depôts langs die roetes. Die handelaars het hulle kara-
vane by die depôts laat rus en hulle handelsartikels en geruilde
goedere afgelaai. Vann die depôts af het klein handelaars in
alle rigtings tussen die Tongastamme ingegaan om handel te drywe.
Al die ivoor, koper, goud en velle wat ingesamel word, word
deur hulle na die depôts geneem om vandaar deur draers na die
hawens vervoer te word. Die handelaars moes altyd gereed
wees vir 'n verrassings aanval, 'n oonthoud, 'n poging tot
rowery of om die besittings af te pers. (19)

Omstreeks 1820 is die rustige lewe van die handel-
drywende Tongastammetjies aan die Ooskus egter wreed deur
Mannekos versteur. Hy was een van Chaka se generaals, maar
hy het in 1817 moeilikheid met die Zoeløekoning gekry, en
na 'n geveg waarin Mannekos die onderspit gedelf het, het hy met
'n gevolg van honderd man na die noorde gevlug. In die jare
1821-1822 trek hulle aan die oostelike hellings van die Lebom-
boberge noordwaarts tot in die omgewing van Delagoabaai. 'n
veroweringsgedagte het by Mannekos posgevat. Ander vlugteling
uit Zoeløeland het by hom aangesluit. Spoedig het hy al die
Tongastammetjies verower. Die militêre stelsel van Chaka is
op hulle afgedruk en as slawe moes hulle hom help om nuwe
verowerings te maak.

In 1825 het hy die gebied naby die Baai verlaat en
na die streek tussen die Matolo- en Nkomatiriviere verhuis.
Deur ondertrouery tussen die Zoeloes en Tonga's het nou 'n
nuwe ras ontstaan wat as die Gasastam bekend was. Hulle
hoofman Mannekos was ook bekend as Soshangane, daarom is
sy onderdane ook bekend as die Shangaans. Hierdie naturelle

19. Dicke B.H: "The Bush speaks." p.p.21-22.

se gesigte het knoppies wat deur snye veroorsaak was, gehad, daarom het die Voortrekkers hulle die Knopneuse genoem. Mannekos was weldra die onbetwisbare regeerder in die gebied wat vandag bekend staan as Portugees-Oos-Afrika. Die gebied tussen die Sambesie en Delagoabaai is deur hom skoongegee. Van 'n gewone veggeneraal van Chaka het hy geklim tot 'n magtige heerser van Gasaland.⁽²⁰⁾ Die Tongastammetjies wat nie onder Mannekos wou staan nie, nl. die aanhangers van Nkuna, Baloji, Mavundja, Maluleka, en Hlengwe, het na Transvaal gevlug. Beweer word dat een van hierdie stammetjies vir Van Rensburg vermoor het.

Omdat die Zoutpansberge deur die Bawenda wat van die noorde af gekom het,⁽²¹⁾ bewoon was, moes die vluggende Tongastammetjies hulle in die Laeveld wat met tsetsevlieë besmet was, vestig. Hulle kon geen vee aanhou nie en het toe as handelaars opgetree. Hulle leier het van die grafiet, koper en ysternyne asook van die olifantsgebied besit geneem en 'n aansienlike handel met die Portugese gedryf.

In die negentiende eeu was ivoor, goud, koper en slawe die vernaamste handelware aan die Ooskus van Afrika. Eers in 1862 is slawehandel in die Portugese gebied finaal belbelet. Die Bantoes was gedurig in stryd met die Portugese omdat lg. baie inboorlinge gevang en as slawe uitgevoer het, hulle vee in beslag geneem het, en hulle meide as vrouens geneem het. Veral Mannekos het die Portugese hoofbrekens besorg. As die Bantoestamme gesamentlik teen die Portugese opgetree het, sou dit klaarpraat met lg. gewees het, maar die inboorlinge was onderling verdeel.

In 1834 was daar 'n geval waar die Portugese van Inhambane 'n Bantoestan help veg het teen Mannekos. Inhambane het

20. Bryant, A.T: "Olden days in Zululand and Natal" p. 254.

21. Slayt, H.A: "The Ba Venda." p. 9.

toe ongeveer 1,500 inwoners gehad waarvan minder as 100 Portugese was. Daar was reeds winkels, huise en 'n kerk. Ten minste tien skepe het jaarliks die hawe vanuit Mosambiek besoek.⁽²²⁾ Omdat die Portugese kaptein van Inhambane die Bantoestarmetjie teen Mannekos gehelp het, het hg. die dorp geplunder en al die Portugese, behalwe tien wat betyds gevlug het, om die lewe gebring. Jare daarna is die dorp weer opgebou.

Die hawe Sofala is ook deur 'n Bantoestan, die Abagasa, in 1836 aangeval en geplunder en al die blankes is om die lewe gebring. Die Portugese het weer Sofala beset, maar die hawe het nooit weer so 'n belangrike posisie beklee as voorheen nie.⁽²³⁾

Die Abagasastan het Sena ook gedóeltelik in 'n puinhoop omskep. Vier-en-vyftig Portugese en basters is hier om die lewe gebring. Die res van die bewoners het na 'n eiland in die Sambesierivier gevlug, en is eers toegelaat om terug te keer nadat die Portugese handelaars belowe het om jaarliks aan die opperhoof van die veroweraars 'n hoeveelheid koopware te gee.

In 1833 het Mannekos Delagoabaai aangeval. Die inwoners het na 'n nabygeleë eiland gevlug. Die Gasa's het die fort verwoes en die vlugteling agtervolg en om die lewe gebring. Nadat die aanvallers die Baai verlaat het, is daar weer Portugese vanuit Mosambiek daarheen gestuur om die fort te herbou. 'n Portugese goewerneur is aangestel en daar het weer Portugese handelaars gekom.

22. R. 1279/57. Brief no. 23.

23. G. M. Theal: "Geschiedenis van Zuid-Afrika." p. 435.

Dit was dan die toestand van sake in die Baai toe die Boere vir die eerste keer met die Portugese in aanraking gekom het. Na die koms van die Boere het dit beter met die Portugese gegaan wat betref die naturelle moeilikhede, want hulle het soms saam teen die inboorlinge opgetree. Toe die naturelle-hoof Langa-poema, bv. die olifantjagters in die Transvaal aangeval het, het die Portugese belowe om die Boere met 'n gewapende mag te hulp te kom.⁽²⁴⁾ Op 'n ander keer het die Boere vir Panda gewaarsku om nie die Portugese fort aan te val nie. Panda het toe sy planne laat vaar. Ook Mannekos wat die Portugese baie lastig geval het, het hom voortaan gedra uit respek vir die Boere se gewere. In 1861 is Mannekos dood en het dit met die Portugese beter gegaan. Mannekos se twee seuns het gestry om die opperhoofskap. Die Portugese het die een seun, Umzila gehelp en die oorwinning behaal. Umzila het die Portugese 'n stuk grond gegee en sy skatpligtigheid erken.⁽²⁵⁾ Van toe af het die Portugese betreklik min moeilikhede met die inboorlinge gehad.

Lourenco Marques het reeds voor die koms van die Voortrekkers die belangstelling van ander nasies getrek. Hier is eers in 1787 'n fort en 'n handelstasie deur die Portugese gebou___ maar die ivoorhandel was van so 'n geringe omvang dat die inkomste nouliks die uitgawe gedek het.

In 1796 word die fort deur die Franse verwoes, maar dit is in 1799 herbou. Daarna het Amerikaners sonder

24. R. 4617/61. Albasini aan Schoeman. 4 Sept. 1861.

25. Staats Courant der Z. A. Republiek, van 21 April 1863.

11.

verlof van Portugal 'n walvisindustrie vir 'n tydperk daar aan die gang gehou.

In 1822 verskyn 'n Engelse opmetingsekspedisie ~~and~~ onder kaptein Owen in die hawe. Hy het magtiging van die Portugese koning verkry om daar navorsing te doen en vra die goewerneur om beskerming teen die inboorlinge in die gebied waar hy sou werk. Die goewerneur het geantwoord dat die naturelle nie onderdane van die Portugese is nie, waarop Owen toe gedink het dat die Portugese gesag net strek tot 'n paar myl van die fort, en toe Kapele, 'n opperhoof langs die Temberivier, aangebied het om sy land aan Engeland af te staan vir 'n paar handelsartikels het Owen dit met graagte aanvaar.⁽²⁶⁾ Ook Makasana het sy gebied tussen die Maputarivier en die see deur 'n ooreenkoms aan Engeland afgestaan. Na Owen se vertrek het hierdie twee opperhoofde die Portugese verseker dat hulle gebied nog steeds aan Portugal behoort. Toe die goewerneur egter die Portugese vlag op die betrokke gebied hys, is hy en al sy soldate om die lewe gebring. Dieselfde lot sou die Engelse onder ~~diese~~ omstandighede getref het.⁽²⁷⁾

Bathurst, die koloniale sekretaris van Engeland, het nie beswaar teen Owen se verdrag met Kapele gemaak nie. As ~~die~~ Delagoabaai aan Engeland behoort het, sou dit 'n gunstige geleentheid verskaf het vir die afskaffing van ~~slaw~~ slawerny op die Oos-Afrikaanse kus. Lord Charles Somerset het so 'n stap afgekeur en dit as gevaarlik en onprakties beskou.⁽²⁸⁾ Die Britse regering het toe besluit om geen ge-

26. Owen se verdrag met Kapele. Gevind in G.M.Theal: "Records of South Eastern Africa." IX, p.17.

27. G.M.Theal: "The Portugese in South Africa" p. 279.

28. Somerset aan Bathurst, 22 April 1824. Aangehaal by C.J. Uys: "In the era of Shepstone." p. 140.

bied in Portugees-Oos-Afrika te annekseer nie. Dertien jaar later het admiraal Campbell van die Britse vloot gevra of hy moes optree ingeval die Amerikaners Delagoabaai wou annekseer. Die Britse regering het hom in kennis gestel dat "His Majesty's government does not assert any right of sovereignty in Delagoa Bay."

Geen verdrag van Engelse met inboorlinge van Portugees-Oos) -Afrika is ooit erken deur die Britse regering nie.

In die dae toe die Voortrekkers vir die eerste keer met die Portugese in aanraking gekom het, was Lourenco Marques nie veel beter as 'n gewone Kafferstat nie. Die beste huis, wat ook maar bouvallig was, het aan 'n handelaar behoort. Hierdie handelaar, Vicente dos Santos, het die alleenreg in die ivoorhandel gehad. Daar was 'n paar Mohammedaanse en 'n paar Europese handelaars in die dorpie. 'n Handel op klein skaal is gedryf. Die inwoners was verswak deur bloedvermenging met 'n laer kultuurgroep en uitgeput deur die subtropiese son en koorssiekte, sodat hulle gevolglik weinig ondernemingsgees besit het en geen steen aangeroer het om die toestand te verbeter nie. ⁽²⁹⁾

In 1838 het Francis Owen 'n tydlank in Lourenco Marques deurgebring. Uit sy dagboek blyk dit dat die dorp nagenoeg 'n honderd inwoners insluitende Portugese, Masbickers en Maleiers gehad het. Hy skrywe verder:

"Most of the inhabitants are connected with the government or are soldiers belonging to the fort. They have no priest or any form of religion and tho the ~~governor~~ is married, yet others live in the same way that our countrymen have done at Fort Natal, in a system of disgraceful polygamy, purchasing the daughters of natives for cattle or goods and these they call their wives."

29. Das Neves: "a Hunting expedition to the Transvaal"
p. 173.

13.

Hy skrywe voorts dat slawerny nog aan die orde van die dag is. Die hoofvoedselsoorte in die streek was rys, mielies, pluimvee, varke en tropiese vrugte. ⁽³⁰⁾

Uit bostaande blyk dit dus dat die Portugese voorwaar nie in 'n benydenswaardige posisie verkeer het nie. Hierdie treurige toestand van sake was die hooforsaak van die Boere se wanhoop om met die Portugese handel te drywe en met die buiteland in verbinding te kom.

30. "The Diary of the Rev. Francis Owen" Edited by Sir George Cory, Van Riebeeck Genootskap, Kaapstad 1926, p.139 v.v.
Ook aangehaal deur D.W.Kruger: "Die weg na die see." p.46.

Hoofstuk II

Die eerste ontmoeting tussen die Boere en die Portugese.

Die Voortrekkers het die Kaapkolonie verlaat met die doel om vry te wees _____ vry van Britse heerskappy en dwinglandy. Hulle wou vry wees om hulle eie taal te praat en instellings waaraan hulle gewoon was, te bestendig., vry van 'n nadelige uitwerking op hulle van die liberale naturelle-beleid wat as gevolg van die bepleitings van die filantropie vir hulle geformuleer was.⁽¹⁾ Piet Retief het in sy manifes uitdruklik verklaar:

"Ons is vasbeslote om, waar ons ook al mag gaan, die beginsel van ware vryheid hoog te hou."⁽²⁾

Uit die Kaapkolonie het die Voortrekkers getrek om

" een eigen land en een eigen regeringsvorm te bekom en opterigten, en om daardoor ons vry te houden van alle wetten en gewoonten van andere natiën, die met ons geweten en nationaal gevoel strydig en in ons oog onbehoorlyk zyn."⁽³⁾

Materiële griewe sowel as ideële faktore het 'n groot rol gespeel as dryfveer van die Groot Trek. Dit was die vryheidsdrang wat ons by ons Germaanse voorouers geërf het wat die innerlike beweegrede was tot die georganiseerde verlatting van die Kaapkolonie.

"The Great Trek was however more than a matter of mere bellyneed. It was unprecedented in South African

1. Gustav Preller: "Voortrekkermense." Dl.II, p.4. Her-

inneringe van Karel Trichardt.

2. Ook: Manfred Nathan: "The Voortrekkers of South Africa" pp. 5-18. Ook: H. Cloete: "The history of the Great Boer Trek." pp. 1-3

2. G. Preller: "Historiese opstelle." p. 50. Oorspronklik in "Grahams-town Journal" 22 Jan. 1837. 3. "De oude Emigrant", 3 April 1860.

history by reason of its organisation, its size and its spirit."⁽⁴⁾

Piet Retief het aan die Britse goewerneur verduidelik dat hulle wegtrek nie omdat hulle in opstand wou kom teen die Britse owerheid nie, ---die Voortrekkers wens op goeie voet met Engeland te bly---maar alleen omdat hulle erken wou word as 'n vry en onafhanklike volk.⁽⁵⁾

Ook by Andries Pretorius het die vryheidsdrang 'n groot rol gespeel as dryfveer vir die verlating van die Kaapkolonie. Op 20 Maart rig hy 'n brief aan die Britse offisier in Port Natal waarin hy sê dat die Voortrekkers nie Britse onderdane is, of wou wees nie, want iedereen het die reg om vry te wees: "

"Verder moet ik UE. zeggen dat wey ons geboortland zonder opstand heb verlaaten, voor ons zelve weetende, een vry gebooren volk te zeyn, en oock door een ieder daarvoor gehouden moet worden." (6)

Die Voortrekkers wou nie alleen staatkundig onafhanklik wees nie, maar ook ekonomies. Hulle tweede doel was daarom om 'n hawe te verkry. Hulle het goed besef dat die bewoning van die binneland onmoontlik sou wees tensy hulle 'n hawe gehad het. Ofskoon hulle hierdie doel nie openlik verklaar het nie, blyk dit tog baie duidelik uit die hele handel en wandel van die Voortrekkers, sowel as van hulle eerste nasate, die geslag van Paul Kruger, dat hulle alle kragte in die werk sou stel om 'n hawe te verkry. Die trek van Trichardt (en vermoedelik ook van Van Rensburg) na Delagoabaai, en die geselskappe van Retief, Maritz en Uys na Natal, is vir ons afdoende bewys dat hulle die see in gedagte gehou het, en moes besef het dat 'n hawe vir hulle absoluut onontbeerlik was.

4. Eric Walker: "A History of South Africa." p. 205.

5. Gustav Preller: "Piet Retief." p. 132.

6. Voortrekker-Argiefstukke p. 60.

Die enigste hawe wat nie in besit van een of ander moondheid was nie, was Port Natal. Indien die Trekkers ~~ver~~ verder weg van die Kaapkolonie wou wees, sou hulle van die Portugese hawens aan die Ooskus van Afrika gebruik moes maak, om met die buiteland in verbinding te kom.

Baie Voortrekkers het nooit die plan gehad om Natal toe te trek nie, maar om diep, die binneland in te dring en om te probeer om in verbinding met die Portugese te kom. In die Kolonie het party boere in 1836 gesê:

"dat seij een streek veldt wil soeken soo naa aan die portigese cantoor dat seij die ken bereiken om hun kruijt, kleederen en soo voort van daar te hebben"(7)

Ook Louis Trichardt sê self aan die Portugese kaptein, Antonio Candido Pedrose Gamitto, op 13 April 1838 dat hy oorspronklik van plan was om met die Portugese in aanraking te kom:

"daarop heb ik gezeg, dat ik na de Portugeese kuste gaan zal" (8)

Die Groot Trek was 'n goed georganiseerde en doelbewuste beweging:

"Those who trekked knew for what they were trekking."(9)

Daar is drie ekspedisies uitgestuur om eers die binneland behoorlik te gaan ondersoek voor die Trekkers hulle op die uittog begewe het.⁽¹⁰⁾

Een ondersoekingskommissie het onder leiding van Johannes Pretorius gestaan en het noordweswaarts beweeg tot in Damaraland waarvoor hulle op hulle terugkeer 'n ongunstige rapport gelewer het en daarmee natuurlik die aspirant emigrante afgeskrik het om hulle na die Dorsland te begewe.

7. P.J.van der Merwe:"Die Noordwaartse Beweging van die

Boere voor die Groot Trek" p. 370.

8. Preller, G:"Dagboek van Louis Trichardt."(1836-1838)
Tweede verbeterde uitgawe 1938. p. 305.

9. Walker, Eric:"The Great Trek." p. 105.

10. Hofstede, H.J:"Geschiedenis van de Oranje Vrijstaat" p.61.

Vgl. ook Bird:"Annals of Natal." Dl. I,p.231.

Ook Preller:"Voortrekkermense" Dl.I,p.275.

Ook J.F. van Oordt:"Paul Kruger en de opkomst der Z.A.R."p.23.

Ook Theal,G.M:"History of South Africa."1834-1854.p.128.

'n Tweede kommissie het onder 'n sekere Scholz noordwaarts gegaan tot by Zoutpansberg in Noord-Transvaal. Die Trekkers wat blykbaar op die rapport van hierdie Scholzkommissie reageer het, was die geselskappe van Trichardt en Van Rensburg.⁽¹¹⁾

Die derde kommissie het onder leiding van P.L.Uys gestaan. Hierdie ekspedisie het deur die Kaffergebiede van die Kaapkolonie noord-ooswaarts in die rigting van Fort-Natal beweeg en gunstig berig oor die streek.⁽¹²⁾

Die Trekkers het nie almal dieselfde boerderybelange gehad nie. Louis Trichardt en Andries Hendrik Potgieter het die grasvlaktes van Transvaal verkies aangesien hulle veeboere was. Hulle het ook nie kans gesien om met hulle troppe vee oor die Drakensberge te trek nie. Die Hoëveld was in 'n sekere mate al bekend want vroeër het sommige Boere al daar gaan wild jag.

Gedurende die sewentiende eeu het veeboere reeds noordwaarts getrek, hoofsaaklik omdat hulle weiveld en water vir hulle vee gesoek het, en daarom is dit dat daar al voor die aanvang van die Groot Trek, boere ten noorde van die Oranjerivier gevestig was, terwyl baie ander periodieke besoeke aan daardie streek met hulle kuddes vee gebring het.⁽¹³⁾

Na die ooste kon die Boere nie gaan nie, want hulle is daar deur die Bantoes gestuit.

Voortrekkers soos Piet Retief en Piet Uys wou Natal toe trek. Hulle het gesê dat die Trekkers 'n eie hawe moes hê, want sonder handel sou hulle nie kon bestaan nie.

11. Lion Cachet: "De worstelstrijd der Transvalers." pp.

96-97.

Ook Manfred Nathan: t.a.p. p.20.

12. G.M.Theal: "History of South Africa." 1834-1854. p.128.

Vgl. ook Preller: "Voortrekkermense" Dl. Ip. 275.

Ook Manfred Nathan: t.a.p. p.21.

13. P.J.van der Merwe: t.a.p. p.200.

Andries Hendrik Potgieter het egter gemeen dat Natal veels te naby aan die Kaapkolonie geleë is, en dat die Engelse hulle daar sou lastig val, en dat daarom die toekoms in Transvaal gesoek moes word. Hy het moontlik meer van die Portugese hawens Delagoabaai en Sofala af geweet as van van Port Natal wat nie so lank in gebruik was nie. Die Portugese het vanuit hulle eie hawens met die binneland handel gedryf en die Boere sou eerder met hulle hande drywe as met die Engelse wat alreeds in Port Natal gevestig was. ⁽¹⁴⁾

Ook Louis Trichardt het na die Zoutpansberge getrek met die bedoeling om van daar die Portugese hawens te bereik. ⁽¹⁵⁾

Louis Trichardt was die eerste Voortrekker

wat met die Portugese in aanraking gekom het. Die Trichardts was 'n welgestelde en gesiene familie in die oostelike grensdistrikte van die Kolonie. Die vader van Louis Trichardt het as burgeroffisier 'n werksame aandeel geneem in aan die verset in Graaff-Reinet in 1795, eers teen die gesag van die Oos-Indiese Kompanjie en daarna teen die Engelse. ⁽¹⁶⁾

Louis Trichardt was 'n ryk veeboer en 'n veldkornet van die wyk Smaldeel, Somerset-Oos. ⁽¹⁷⁾ Saam met soveel ander het die Trichardt familie baie jare lank die ellende en nood, veroorsaak deur 'n gebrekkige kleurling- en natuurlike beleid, aanskou en beleef, en toe hierdie beleid in 1828 sy toppunt bereik in die afkondiging van Ordonnansie 2350---die gelykstellingsordonnansie, het hulle gevoel dat

"die vrybrief gegee was aan die Boere om 'n ander land te gaan soek." ⁽¹⁸⁾

Net nadat die Uyskommissie van Natal af teruggekeer het, is die Trichardt-trek die Grootrivier oor, met die be-

14. Volgens F.S.Steyn in "Voortrekker Gedenkboek van U.P." p.34, het daar 'n vaste handelsroete vanaf die Bawendastat by Masoakop bestaan, waar ook 'n handelsdepôt was, na die Portugese gebied in die Ooste. (Steyn kry hierdie gegewens van mededelings van B.H.Dicke en die U.P.-ekspedisie in 1938.
 15. G.S.Preller: "Voortrekkermense" Dl. I p.16. (Bewering v. .Gas.
 16. G.E.Cory: "The rise of South Africa," Dl. IV. p.3.
 17. Manfred Nathan: t.a.p. p.80.
 18. G.S.Preller: t.a.p. Herinneringe van Kameel Trichardt, p.5
 Vgl. ook G.E.Cory: t.a.p. p.1 .

doeling om iewers vir Andries Hendrik Potgieter te wag.⁽¹⁹⁾

Die trek het 'n paar maande aan die Caledonrivier vertoef om sekerheid te verkry aangaande Potgieter se planne en het toe koersgevat noordwaarts tot oor Vaalrivier, naby Elands-spruit waar hulle die trekgeselskap van Hans van Rensburg aangegref het.⁽²⁰⁾

Links voor hulle was nou die gevreesde Matabelies van Silkaats. Vir die twee betreklike klein trekkies was die toestand gevaarlik, en hulle het hulle hulle gehaas om saam, alleen slegs 'n dagreis van mekaar geskei, agter om die Matabelie-magte te beweeg, oor die Suikerbosrand, dan regsweeg deur Trichardtspoort en so noordwaarts langs Olifantsrivier op tot by Strydspoort. Hier het die trekke weer uiteen gegaan. Hans van Rensburg is verder noordwaarts na die Soutpan terwyl Trichardt 'n tvdlank bly staan het.⁽²¹⁾

Waarom hierdie skeiding en gevolglike verswakking te midde van gevare? Carolus Trichardt verklaar later aan Ode dat Van Rensburg na Inhabane vertrek het,

"Trichardt zocht naar zeehaven den anderen noordwaarts

Hieruit sou afgelei kon word dat die verskil ontstaan het oor watter seehawe, Inhabane of Delagoabaai, as doelpunt sou dien. Maar Louis Trichardt skrywe later uitdruklik aan die kommandant van Delagoabaai:

"dat in de maand Julij 1836 agt huishoudende menschen van ons getrokken ben met hunne famielie en eigendom, met oogmerk na Uw Ede op gemelde Baaij om aldaar met Uwen goedgunstigheid te mogen handelen."⁽²²⁾

Die onmiddellike doel van beide trekke was blyk-

19. G. Preller: "Historiese opstelle," p. 71.

20. Claude Fuller: "Louis Trigardt's trek across the Drakensberg." 1837-1838 p. 22.

Ook F. S. Steyn: "Die voorste Trekkers." 'n Artikel in die "Voor-trekker-Gedenkboek van U.P." p. 30.

21. G. S. Preller: "Dagboek van Louis Trichardt." Tweede verbeterde uitgawe. p. LXV.

22. Ibid. t. a. p. p. 81.

baar aanraking met die Ooskushawens en by voorkeur Delagoabaai,, die verskil was blykbaar alreeds een van tempo. Van Rensburg was haastig, Trichardt wou wag tot Potgieter nader kon.⁽²³⁾

Op sy soektog na die Portugese, het Van Rensburg noord van Zoutpansberg reg oos gedraai tot by die Limpopo.⁽²⁴⁾ Hierdie Voortrekkers het eers na Zoutpansberg gegaan omdat hulle gemeen het dat die naaste pad na Delagoabaai deur Noord Transvaal gegaan het. Hulle was nog onkundig oor die geografiese ligging van Delagoabaai en hulle het hom te ver noord geskat.⁽²⁵⁾

Preller, Theal en van Oordt is die mening toegedaan dat dit vermoedelik dig by die samevloeiing van die Limpopo- en die Olifantsrivier was,⁽²⁶⁾ waar Van Rensburg se hele reisgeselskap van nege-en-veertig blankes en baie bediendes in Julie 1835 deur 'n Zoeloe-impi onder Mannekos aangeval en uitgenoor is, maar volgens B.H.Dicke, 'n meer moderne navorsers, wat die roete wat Van Rensburg gevolg het noukeurig probeer vasstel het, het die moord by die samevloeiing van die Metale- en Limpoburiviere plaasgevind.⁽²⁷⁾

Nadat Louis Trichardt 'n tydjie in die Zoutpansberge vertoef het, het hy stadig noordwaarts gereis op die waspore van Van Rensburg, al langs Houtrivier op na die Soutpan. Hier het baie beeste siek geword en Trichardt was verplig om terug te val tot in die buurt van die latere Schoemansdal en teenswoordige Louis Trichardt.⁽²⁸⁾

23. G.M.Theal: t.a.p. p.271.

24. Ibid. t.a.p. p.271

25. Claude Fuller: t.a.p. p. 23.

26. J.H. van Oordt: t.a.p. p.24.

Vgl. ook: G. Preller "Historiese opstelle," p.71.

27. Ook: G.M.Theal:t.a.p. p.272.

27. B.H.Dicke: "The northern Transvaal Voortrekkers."p.133.
Sien noot op volgende bladsy.

28. Claude Fuller: T.a.p. p. 24.

In die nabyheid van 'n stat van 'n Bawendehoof nl. Rambooya, ontmoet hulle Andries Hendrik Potgieter met 'n kommissie van elf man.⁽²⁹⁾ Hy het sy nense aan Sandrivier gelaat, en is met perdewaens na die noorde om verbinding met Trichardt en Van Rensburg te soek, die land te verken en inligting in te win aangaande bewoonbare gronde, en eindelijk om in medewerking met die voorste trekke verbinding met die Portugese hawens te kry. Vir verskeie lede van die Potgieter-kommissie was dit 'n teleurstelling om Van Rensburg, by wie van hulle familieledes was, nie daar te vind nie. Daarom word drie dae na hulle aankoms planne beraam vir 'n ekspedisie om verbinding met hom te soek "ten einde te zien waar de beste havenplaats te vinden zou zijn"⁽³⁰⁾

Op hierdie tog het uitgegaan Louis Trichardt en sy seun Carolus met drie van Potgieter se nense nl. Bronkhorst,⁽³¹⁾ Robbertse en Swanepoel. Hierdie ekspedisie het tot by die samevloeiing van die Limpopo- en Olifantsrivier gevorder. Hier het hulle verneem van die moord.⁽³²⁾

29. Manfred Nathan: t.a.p. p. 96.

Vgl. ook Claude Fuller: t.a.p. p. 24.

30. G. Preller: "Voortrekkermense" Dl. II, p. 7. Herinneringe van Karel Trichardt.

31. B.H. Dicke: t.a.p. p. 158.

32. Noot: Daar bestaan geen definetiewe bewyse waar Van Rensburg vernoor is nie. Volgens B.H. Dicke en die U.P. ekspedisie van 1938, kan aangeneem word dat die noord plaasgevind het binne 'n sirkel van veertig myl straal met middelpunt by die samevloeiing van die Limpopo- en Levuvuriviere. (Laasgenoemde is ook bekend as die Pafuririvier.) Binne hierdie gebied kan ons ook kom tot die nader bepaling dat die noord plaasgevind het min of meer langs 'n erkende handelsroete na die Ooskus aan die oewer van 'n groot rivier.

Hierna het hulle terugkeer omdat die bosse te ruig begin word het en omdat daar koors en tsetsevlieë in die streek was.. en ten laaste om vir Potgieter van die moord te verwittig. ⁽³³⁾

Terselfdertyd ry Potgieter met sy twee perdewa noordwaarts om Zoutpansberg heen, deur die Limpopo tot ongeveer tagtig myl daarvandaan, waar hy 'n Portugese handelstasie aangetref het en homself kon vergewis van die moontlikheid van verbinding met die see. ⁽³⁴⁾ Die Portugese sêuse het vir Potgieter heelwat omtrent Delagoabaai en die Portugese vertel en ook dat die Portugese bewus was van die nadering van die Boere. ⁽³⁵⁾

Na hulle terugkeer uit die noorde het hulle weer by Trichardt aangesluit en blykbaar met hom en sy mense die afspraak gemaak dat hulle by Zoutpansberg nees wag tot tyd en wyl dat Potgieter en Celliers hulle manskappe vanuit die noordelike streke van die teenswoordige Vrystaat kon gaan haal om by Trichardt se mense in die noorde aan te sluit, sodat hulle dan saan 'n poging kon aanwend om 'n hawe langs die Ooskus te verkry.

Louis Trichardt het 'n jaar lank op Potgieter in Zoutpansberg gewag. Hy het niks geweet van die noordaanvalle van die Matabelies op die Trekkers in die Vrystaat nie en van die strafekspedisie na Mosega nie. Hy het gewonder waarom hy niks van Potgieter en sy mense hoor nie. ⁽³⁶⁾

In die tussentyd het Trichardt boodskappers na Lourenco Marques gestuur om die gesindheid van die Portugese agter te kon. ⁽³⁷⁾

Op 7 Maart 1837 skrywe Trichardt aan die

33. Herinneringe van Karel Trichardt. Preller: "Voortrek-kermense." Dl. II, p.7.

34. B.H.Dicke: t.a.p. p.149.

35. G.Preller: "Dagboek van Louis Trichardt." Tweede verbeterde uitgawe. p. 336. Bylaag III. Verklaring van Bronkhorst.

36. Claude Fuller: t.d.p. p.29.

37. Manfred Nathan: t.a.p.p.103.

van Delagoubai:

"Wel Ed. Heeren en Vrienden, met de beste res-
speck noemt wy de Vrijheid Uw Ed. te invormeeren dat in de
maand Julij 1.1. agt huishoudende menschen van ons getrok-
ken ben met oogmerk reg na Uwe voornoemde Baaij, om aldaar
met Uw Ed guns te handelen.... Nu verstaan hebbende door
de Knopneusen aan de Groote Rivier, dat de menschen alle
vermoord ben, --- en (daar ik) nu groot gevaar ziet by U.
Ed. te komen handelen met U Ed. gunste, is by deze als
wij mag onse ootmoedige versoek, ons met U Ed. raad te
begunstigen, hoedanig ons te gedragen by U Ed. te komen"

In die brief vertel Trichardt verder dat hulle
sewe-en-veertig siele is waarvan slegs sewe weerbare
manne. Hy sê voorts dat hulle gebrek ly aan negosie-
ware en ammunisie om hulle teen aanvalle te verdedig.
Hy vra dat die Portugese aan hom moes skrywe en vir hom
moet meedeel of hy as ruilprodukte slagosse, koeie, hamels
olifantstande, wol en wildsvelle vir hulle kan bring. (38)
Hierdie brief is met die hulp van die opperhoof Sakama na
die Portugese geneem. (39)
Op 9 April het daar drie naturelle by Trichardt aangekomm
en gesê dat die Portugese versoek dat die Boere aan hulle
moes skrywe. (40)

38. G.S. Preller: Dag boek van Louis Trichardt. Tweede
uitgawe. p. 40 en 41.

Ook: Fuller: t.a.p. p. 30.

Ook: G.E. Cory: The rise of South Africa. p. 18.

39. G. S. Preller: t.a.p. p. 41.

40. Ibid:t.a.p. p. 42.

Ons sien dus dat die Portugese op hierdie stadium wel bewus was van die teenwoordigheid van die Boere in Noord Transvaal.

Op 10 April 1837 skrywe Trichardt weer 'n brief aan die "Wel Ed. Heeren en Vrienden van Relagoa of Delagoabaai," met dieselfde inhoud as die eerste een en verder ook nog dat die Portugese vir hulle klerasie, linne, garing, naalde ens. ter waarde van 'n honderd Riksdalers moes stuur. (41)

Op 11 Mei 1837 het Trichardt 'n derae brief aan die Portugese geskrywe. Hierdie brief het feitlik dieselfde inhoud gehad as die eerstes. Hy vertel die Portugese dat hy gebrek ly aan ammunisie en negosiegoed en doen ook navraag omtrent die handelsmoontlikhede in die baai. (42) Hierdie brief is by die fort in Delagoabaai besorg deur die baster, Gabriël Buys. (43)

In Augustus 1837 het Buys teruggekeer van die Baai. Saam met hom het Antonie en Lourens, twee Portugese askari's, gekom. hulle het in gebroke Engels vertel dat die Portugese niemand by die fort kon vind wat Louis Trichardt se brief, wat natuurlik in Hollands geskrywe was, kon verstaan nie. Buys het vertel dat die Portugese kommandant hom versoek het om in die Baai te vertoef tot tyd en wyl 'n skip opdaag waarop daar miskien 'n persoon sou wees, wat die brief verstaan. Gabriël het egter gesê dat hy haastig was, en nie langer kon bly nie. (44)

41. G.S. Preller: t.a.p. p. 58.

42. G.S. Preller: t.a.p. p. 81.

43. Ibid: t.a.p. p. 77.

44. Volgens Fuller t.a.p. p. 29 het die eerste twee briewe nooit die Portugese bereik nie.

Volgens die twee Askari's, Antonie en Lourens, het die kommandant van Delagoabaai vir Trichardt uitge-
nooi om self na die Baai te kom. Indien hy inwillig sou
(45)
hulle hom die pad aanwys.

Dit het Trichardt voor 'n ernstige probleem geplaas 'n Jaar lank het hulle nou al g ewag , en nog was daar geen taal of tyding van Potgieter nie. Wat met die agterste mense gebeur het, was vir hulle 'n raaisel. In hulle afgesonderdheid het hulle onveilig g gevoel. Sou die lot van Van Rensburg hulle nie ook uiteindelik tref nie? Daar was reeds allerlei gerugte dat Silkaats in aantog was.

'n Ander rede wat Trichardt beweeg het om te trek, was dat teen diejaar 1837 daar reeds 'n groot gebrek aan klerasieware, linne, garing en naalde by die gemeenskap in Scutpansberg was. Ook het hulle lank reeds geen koffie, tee en suiker meer gehad nie. Dit het baie wenslik geword om handelsbetrekkinge met die Portugese aan te knoop. Aan die ander kant was Trichardt bewus van die moeilikhede en gevare van 'n trek na die kus. Op die 9de Augustus besluit Trichardt dat hy eers 'n verkenning stog na die baai sou maak om te sien hoe die veld is en of hy met sy vee by die "stad" sou kon bestaan. (46) Hoeveel smart en ellende kon die uitvoering van hierdie plan nie bespaar het nie - maar dit was anders beskik.

Na raadpleging met Jan Pretorius en die ander manne word besluit om te trek. In hierdie besluit is hulle versterk deur 'n berig van die soldate dat ses dagreise anderkant Dingaan, blankes woon met baie vee, "Bemerk wy" sê Trichardt, "Dat het Africaandersmoet weesen, en maak wy ons gedagten op Moolman." Jacobus Moolman, wat saam met die Uys kommissie in 1834 by hulle

45. G.S.Preller: t.a.p. p. 137.

46. Ibid: t.a.p. p. 140.

in Kafferland verby is. Die gedagte om eindelijk weer vanuit Delagoabaai in verbinding met landgenote te kom, was 'n groot aansporing. Op 23 Augustus 1837 het die trek na Delagoabaai begin. (48)

As 'n mens die omstandig hede waaronder Louis Trichardt verkeer het, en die plek waar hy gestaan het in ag neem, dan het hy nog al 'n buitengewone roete na Delagoabaai gevolg. Die mees natuurlike roete wat hy moes gevolg het, was al met die Letaba-Vallei langs. Verder moes hy al met die voetpad van die naturelle voetgangers wat suid-oos gelei het, getrek het. Hierdie roete is gevolg deur naturelle wat deur die Portugese gestuur is om klerasie, krale ens. te ruil vir velle, inoer en ander artikels van die inboerlinge in Noord-Transvaal. (49)

Trichardt het wel hierdie roete oorweeg, maar daar was seker redes waarom hy dit nie gevolg het nie. Eerstens het Van Rensburg en sy geselskap in daardie rigting aan hulle einde gekom. Verder sou hulle onmiddellik die gebied van die tsetsevlies betree het. (50)

Vir Trichardt is ong etwyfeld vertel dat daar 'n ander beter pad was. Hy het dus weer op sy spore suidwaarts getrek tot by Sekwati se stat en daar oos gdraai. Die roete wat hy dus in die oeg gehad het, was die een tussen Sekoekoeniland en Lydenburg. Hy was vasberade om hierdie roete te volg, nieteenstaande Sekwati se waarskuwing dat dit 'n waterlose gebied was en dat daar 'n hoë bergreeks in die pad was, nl, Steenkampsberg, waar Sobuza, die Swasie, gewoon het. Kortliks is die roete wat werklik gevolg is, die volgende :-

47. Ibid: t.a.p. p. 148

48. Ibid: t.a.p. p. 150

49. Claude Fuller: Louis Trigarats trek across the Drakensberg. p.p. 31-32.

50. Ibid. T.a.p. p. 32.

Pietersburg na die Olifantsrivier deur Chuniespoort of Pienaarspoort in die rigting van Adriaanskop. (51) Dan al met die stroom langs tot anderkant Tygerpoort. Die Malapo word gekruis by Koedoeskop. Hiervandaan was die roete aangetoon deur die rigting van 'n natuurlike voetpad wat na die berge by Ganspoort gelei het. Hiervandaan het die trek al langs die Olifantsrivier, wat etlike kere deurkruis is, gegaan, om eindelijk kort suid van waar dit die Drakensberge sny, in die gebied van die tsetsevlieë te beland. (52)

Op hierdie tog het baie vee verongeluk deur in die vanggate van wild te val. Verder het al Trichardt se natuurlike bediendes wat teënsinnig was om na Delagoabaai te gaan, weggeloo. Daar het egter nog groter moeilikhede voorgelê. Suidwaarts het die dood gelê en wag op hulle vee, reg voor hulle was die berg, waaroor skynbaar geen wa ooit kon gaan nie. Hy besluit om 'n pad oor die berg te maak. (53) Dit was 'n baie moeilike taak om die klippe en bosse uit die weg te ruim. Van die lede van die geselskap wou selfs die waens daar laat, en te voet na die Baai gaan, maar die vroue het hulle geïnspireer om te volhard en na drie weke was al die waens bo op die berg. (54) Daar was egter nog baie moeilikhede voor. Die oostelike hange was veel steiler as die westelike, met dwarsbanke waaroor slegs kaffervoetpaadjies gelei het en wat skaars 'n deurgang vir die vee gebied het en glad nie vir die waens nie. Uiteindelijk is 'n kloof gevind waar met groot moeite 'n pad deur gemaak sou kon word. Jan Pretorius, één van die lede van die Trichardtgeselskap maak egter 'n voorstel dat die waens uitmekaar gemaak sou word en stuk vir stuk afgedra moes word. Die agterwiele van die waens word uitgehaal en swaar houtblokke onder aan die asse vasgemaak. Op 'n takslee, vasgemaak agter elke wa, word die wiele met die swaarste goedere gelaai, en so is die waens, een vir een met vier osse, nie sonder baie ongevallen nie, afgesleep. (55)

51. Volgens Mnr. W. Punt het die roete deur Pienaarspoort gegaan en nie deur Chuniespoort nie.
"Die Brandwag," 12 Des. 1939 en "Die Vaderland" Des. 1938.

52. Manfred Nathan: t.a.p. p. 107.

00k: G.E.Cory: The rise of South Africa p.p. 20-21.

53. G.S. Preller: t.a.p.p. 212

54. Ibid: t.a.p. p. 224.

55. Herinneringe van Karel Trichardt t.a.p. p. 10.

Die tog is ook baie bemoeilik deur byna daaglikse reën en mis op die berg. Die vee het ook begin vrek. Die kaffers het nagtelike aanvalle op die vee gedoen. Daar was gevaar dat die Trekkers vermoor kon word. Die spanning het al hoe meer opgelaai. Die oorlog oor die berg het meer as twee maande geduur en op 25 Januarie 1838 teken Trichardt in sy Dagboek aan: "Het was voor ons de blijste dag die wij gehad had in alle onse tegenspoed."⁽⁵⁶⁾ Hulle het die berg afgegaan in die omgewing van die Sikororo lokasie.⁽⁵⁷⁾ Nadat hulle hierdie bergmoeilikheid oorkom het, het die inboorlinge hulle lastig geval deur hulle vee te steel. Gedurende Februarie en Maart, sekerlik die twee ongesondste maande van die jaar, trek hulle deur die Laeveld waar die saad van die dood reeds onder hulle geledere gesaai is. Hulle vee het strêp-streep bly staan en met die grootste moeite het hulle met hulle waens voortgesukkel. Twee waens moes eindelik agterbly om later gehaal te word.

Die roete wat hulle van die berg af gevolg het na Delagoabaai is kortliks as volg: Van die Sikororo lokasie na die Olifantsrivier was die volgende stadium. Die trek is deur 'n drif wat die naturelle gemaak het in die Olifantsrivier, omtrent halfpad tussen sy samevloeiing met die Blyderivier en die Drakensberg. In die Blyderivier is die trek deur 'n drif naby Mariepberg en vervolgens het die roete oor Acornhoek na Sandrivier gegaan. Vanaf hierdie punt het die roete wat hulle gevolg het ooswaarts al langs die waterskeiding tussen die Sand - Sabivallei en die Massintouto - valleien toe die Bomboberge gekruis en afgegaan oor die oostelike hange tussen die Wanetzi- en Uanetzana-riviere. Hiervandaan het die trek al langs die stroom beweeg tot by sy samevloeiing met die Incomati-rivier. Nadat hulle oor hierdie rivier gegaan het, was die rigting wat hulle ingeslaan het, feitlik direk na Marracuene by die laer Incomati. Van hier af het hulle reguit na die fort gegaan.⁽⁵⁹⁾ Oor 'n tydperk van agt maande het hulle die reis van Soutpansberg na die Baai afgelê.

56. G.S. Preller: Dagboek van Louis Trichardt. p. 259.

57. Claude Fuller: T.a.p.p. 32.

58. Claude Fuller: t.a.p. p. 32.

59. Claude Fuller: t.a.p. p. 30.

Op 13 April 1838 het die Trichardtgeselskap die fort, waar die Portugese kommandant Antonio Candido Pedroso Gamitto en sy soldate gewag het, genader.⁽⁶⁰⁾ Op gebruikelike Afrikaanse wyse het nulle verskeie saluutskote afgevuur, maar is met 'n onheilspellende stilte beantwoord. Die Portugese kommandant wat hulle na die Baai uitgenoodi het, is intussen vervang deur 'n opvolger, wat van die vroeëre onderhandelinge niks geweet het nie. Hy was baie agterdochtig op die Boere en het geëis dat hulle hulle gewere dadelik moes oorhandig.⁽⁶¹⁾ Dit was 'n pynlike verrassing, en bittere vernedering. Sonder om dit te besef het die Portugese die Boere die grootste smaad wat hy kon bedink, aangedoen. Trichardt het vir 'n oomblik selfs gedink om weer "die bos in te trek." Carolus Trichardt kon sy tranes nie bedwing nie en het gesê hulle moet hom liewers opsluit as om sy gewere te neem. Louis Trichardt het egter deur sy waardigheid daarin geslaag om die Portugese kommandant tot ander insigte te bring, en is hulle gewere weldra terugbesorg. Hierna was die Portugese baie goedgesind teenoor die Boere.⁽⁶²⁾ Kort na hulle aankoms in Delagoabaai het Trichardt se vrou koors gekry en het die kommandant se vrou haar in haar huis geneem en haar verpleeg tot haar dood op 1 Mei.⁽⁶³⁾ Trichardt sluit sy Dagboek hier af met die smartkreet: "Mijn liefste en Dierbaar pand wierd van mij voor Eewig genomen."⁽⁶⁴⁾

Die koors het nou een slagoffer na die ander geëis. In November 1838 is Louis Trichardt oorlede. Hy was 'n man wat indrukwekkend, waardig, eerlik, doelbewus en onselfsugtig in sy nasiediens was. Hy het gestreef in die volbringings van sy taak, die bereiking van 'n seehawe.⁽⁶⁵⁾

In Julie 1839 het Andries Pretorius die Mazeppa gestuur om die oorlewende 26 lede van die Trichardt-geselskap te gaan haal.⁽⁶⁶⁾

60. G. E. Cory: t.a.p. p. 20.

61. Manfrid Nathan: t.a.p. p. 119.

62. Herinneringe van Karel Trichardt t.a.p. p. 10.

63. Mnafred Nathan: t.ap. p. 124.

64. G.s. Preller: Dagboek van Louis Trichardt p. 323.

65. F.S. Steyn: Voortrekker Gedenkboek van U.P. p. 43.

66. G.M. Theal: History of South Africa t.a.p. p. 273.

Carolus Trichardt het na die dood van sy vrou en twee kindertjies op versoek van sy vader met die Portugese handelskip, die Estrella de Damao, noordwaarts gevaar om na 'n nuwe en meer geskikte woonplek uit te sien.⁽⁶⁷⁾ Hy het na Inhambane en Sofala gegaan. Vanuit hierdie plekke het hy merkwaardige handels en verkenningstogte gedoen in die loop waarvan hy die Zimbabwë bouvalle besoek en die wêreld bekijk het tot by die teenswoordige Salisbury. Van Quilimane is hy weer die binneland in, oor die Shire tot aan die Zambesi en daarna op tot by die watervallenet Suid van Sandia.⁽⁶⁸⁾ Of hy ook die Victoriawaterval gesien het, en sodoende twintig jaar voor Livingstone daar was, is aan twyfel onderhewig. Die tydsfaktor alleen skyn daar baie sterk teen te tel. Hy was maar agttien maande weg, en al sy togte in aanmerking geneem, lyk dit haas onmoontlik dat hy die 2,000 myl na die waterval en terug te voet en met draagkassies kon afgelê het.⁽⁶⁹⁾ Afgesien hiervan egter is die reisprestasies van Carolus Trichardt merkwaardig genoeg om met waardigheid genoem te word naas die van ander groot Afrika-reisigers voor en na hom. Van Quilimane is hy met die skip saam tot aan die kus van Abessinië, Toe hy in Desember 1838 in Delagoabaai terugkom, was die oorlewendes van die Trekkers reeds weg. In 1840 is hy deur die Kommandant van die fort op 'n verkenningstog na die Maputa en Pongolariviere gestuur, en kon hy hierdeur 'n diens bewys aan die Portugese wat die Trekkers so hartlik ontvang het. Hy kon ook aan die Portugese

67. Manfred Nathan: t.a.p. p. 126.

Ook: Herinneringe van Karel Trichardt t.a.p. p.12.

68. Herinneringe van karel Trichardt in G.S. Preller se Voortrekkermense" Dl. II p. 13.

Ook: Manfred Nathan t.a.p. p. 129.

Ook: 'n Artikel van F Oudschans Dentz in "Het Tydschrift van het Koninklyk Nederlandsch Aardrykskundig Genootschap," van Januarie 1950 Die titel van die artikel is: "Carolus Johannes Trichardt (1811-1901) de eigenlyke ontdekker G van die Victoria-Waterval."

69. Herinnering van Karel Trichardt t.a.p. p. 13.

Ook: 'n Artikel van D.W. Kruger in "Die Vaderland," van 28 Augustus 1936: "Was Karel Trichardt die ontdekker van die Victoria Waterval?"

~~Portugese~~ meedeel dat hy gesien het hoe die Swasies vi.
Dingaan om die lewe bring. (70)

Die Portugese Kommandant het daarop aangedring
dat Carolus Trichardt hom in Lourenco Marques moes vestig,
(71) maar hy het in April 1840 na Natal vertrek voorsien
van 'n reispas geteken deur Kaptein Gamitto. (72)

Die Trichardt-- en Van Rensburg-trekke was
nie tevergeefs nie. Die voorste trekke het verkennings-
werk gedoen. Ook hulle het meegewerk tot die stig-
ting van 'n Republiek met 'n onafhanklike uitweg na
see. Hulle opoffering was nie waardeloos nie. Die
nageslag is deur hulle voorbeeld besiel en aangewakker.

Gedurende die 19de eeu het die Trekkers tel-
kens probeer om in besit te kom van 'n seehawe en om met
die Portugese te onderhandel. Die Trichardt-trek
moet as 'n eerste poging in hierdie rigting beskou word.

Hierdie voorste Trekkers het heelwat kennis
opgedoen in verband met die gebied tussen die Transvaal
en Delagoabaai. Hulle het ervaar hoe moeilik dit is om
sonder 'n pad te probeer om die Baai per ossewa te
bereik. Verder het hulle geleer dat die tsetsevlieg
gedurende die somermaande op die venynigste is.
Ook het hulle kennis opgedoen omtrent die natuurlike stam-
me wat in die streek gewoon het, 'n Ander direkte gevolg
van die Trichardt-trek was dat die Voortrekkers in aan-
raking met die Portugese gekom het, en baie omtrent hier-
die nasie leer ken het.

'n Laaste gevolg van die Trichardt-trek was
dat Carolus Trichardt Portugees leer praat het en as 'n
verbindingskakel kon optree tussen die Trekkers en die
Portugese.

Die Trichardt- en Van Rensburg-trekke het ge-
ëindig in vernietiging, ellende en dood. Tog was hulle
opoffering nie tevergeefs nie. Hulle het die fundamente
gelê van die hoekbaken in die Noorde van die vrye Boere-
land, hulle was die baanbrekers van die so seer begeerde
vrye verbindingsweg na die see.

70. Herinneringe van Karel Trichardt. t.a.p. p. 19.

71. Manfred Nathan: t.a.p. p. 133.

72. Herinneringe van Karel Trichardt t.a.p. p. 19.

HOOFSTUK III.

A. H. POTGIETER SE IDEAALi.v.m. DELAGOABAAL.

Louis Trichardt en Hans van Rensburg het die weg na die noorde toe gebaan.

Andries Hendrik Potgieter was die leier van die tweede trekparty wat die Kaapkolonie verlaat het. Hy het geweet van die trekke van Trichardt en Van Rensburg. Ofskoon hy nie graag self in besit van 'n hawe wou wees nie, uit vrees dat die Engelse so 'n hawe met die omliggende gebied sou afneem, het hy nogtans die noodsaaklikheid en onontbeerlikheid van 'n verbinding met die kus baie duidelik besef, en die hawe van die Portugese by Lourenco Marques sou juis net aan die doel wat Potgieter beoog het, beantwoord. Sy ideaal was om in die noorde 'n Boerestaats te stig.

Die Groot Trek het eintlik 'n aanvang onder hom geneem. Teen die einde van 1835 het die Potgieter-trek die omgewing van die teenswoordige Tarkastad en Colesberg verlaat.⁽¹⁾ In die begin het die trek vyf-en-dertig weerbane mans ingesluit maar namate die trek die Kolonie verlaat het, het meer en meer persone daarby aangesluit. Naby die teenswoordige Smithfield het die Trekkers onder leiding van Sarel Celliers by Potgieter se trek aangesluit. Potgieter is toe tot Kommandant en leier gekies. Sarel Celliers het die rol van geestelike leier^{of} verkondiger van Gods Woord gespeel.

Teen 1836 was daar al 'n hele klomp boere wat veeplase in suidelike Transoranje gehad het. Potgieter en sy mense het by Thaba'Nchu, die hoofkwartiere van Marokko, die Barolongkaptein, aangekom. Hierdie naturelle stam was bly oor die aankoms van die Trekkers wat vir hulle 'n redding uit die Matabelé-gevaar was. Die trek het verder noordwaarts beweeg tot by Vetrivier. Hier het Potgieter van Makwana, die Batuangkaptein, die gebied tussen die Vet- en vaalriviere verkry vir nege-en-veertig beeste en die belofte dat die emigrante hom teen die gevreesde Sil-

1. G.E. Cory: The rise of South Africa. P. 21.

kaats sou beskerm.⁽²⁾ Potgieter se mense het hulle toe versprei in die buurt van die teenswoordige distrikte Heilbron en Vredefort.

Nadat Potgieter vir sy mense 'n eie gebied gekry het om te bewoon, het hy en 'n Kommissie, bestaande uit homself, Sarel Celliers, Gert Bronkhorst, A. Swanepoel, R. Van Vuuren, L. van Vuuren, A. de Lange J, Robbertse, D. Opperman, C. Liebenberg en H. Nieuwenhuizen, op 'n verkenningstog na die noorde gegaan om Louis Trichardt te gaan besoek en meer uit te vind van die Portugese hawe, Lourenco Marques.⁽³⁾ Hy wou graag duursame handelsverbindings met die Portugese aanknoop, want hy het besef dat die Boererepubliek sonder 'n hawe sou wees soos 'n man sonder hande.

"By Potgieter was reeds lang het, plan gerijpt, om voort land door hem en zijn mannen ter woonplaats gekozen, 'n open verbinding met die zee te hebben, met 't oog op de handel die zich onder de Boeren zou ontwikkelen. Van Natal had men te dien opzichte niets meer te hopen, dus moest men voor dat doel 't oog op Portugal vestigen, dat van de Mapoeta-rivier tot ver naar het noorden 't oostelik kustland in bezit had genomen. 'n Haven aan de Kust van Delagoabaai was Potgieter's verlangen...."⁽⁴⁾

Louis Trichardt het vir Potgieter vertel dat 'n verbinding met die hawe by Delagoabaai moontlik was, en op sterkte daarvan het die twee ooreengekom dat Trichardt daar in die Soutpansberg moes wag totdat Potgieter sy manne daar in Transoranje gaan haal het.

Voor hulle terugkeer na Transoranje egter, het Potgieter en 'n paar man oor die Limpopo gegaan om die land noordwaarts te verken. Hulle het tot by Banjailand gereis. By Simbabwe het hulle omgedraai. Potgieter was ingenome met sy bevindings, want in Banjailand het hy Portugese handelaars aangetref en gevolglik daarvan oortuig geraak dat, as sy mense ooit so ver noord mag gaan, hulle maklik handelsverbindings met die

-
2. Manfred Nathan: t.a.p. p. 141.
Ook: G.E. Cory: The rise of South Africa.
Ook: G.M. Theal: t.a.p. p. 286.
 3. G.E. Cory: t.a.p. p. 23.
Ook: C. Potgieter en N. Theunissen: Hendrik Potgieter. p. 36.
 4. G.S. Preller: Voortrekkermense DL. LII p.53.
Herinneringe van H.J. Potgieter.

kus sou kon verkry,⁽⁵⁾ en heeltemal onafhanklik van die Engelse in die Suide sou wees. Potgieter was nou vasberade om die onbewoonde vrugbare Hoëveldse streke waar hy deurgetrek het so gou moontlik te koloniseer., die laeveld kon dien as winterweiding vir die vee. Hy was van plan om eers self na Delagoabaai toe te reis, dog as gevolg van uitputting van die perde, het hy besluit om maar direk suidwaarts te gaan en sy mense te gaan gaal.⁽⁶⁾

Op 28 Augustus 1836 was Potgieter en sy Kommissielede terug oor die Vaalrivier. As gevolg van die moord op die Trekkers deur Silkaats se Matabele-impi's, is Potgieter se planne heeltemal verander. **Hy** moes nou eers met Silkaats Afrêken voor hy na die waar Trichardt vir hom gewag het, kon verhuus.⁽⁷⁾

In November 1837, met die slag van Kapain, het die manskappe van Potgieter en Uys die Matabelies finaal verslaan.⁽⁸⁾ Potgieter kon nou na die noord~~o~~oek. Hy het egter 'n Kommissie in die rigting van Lourenco Marques via die Zoutpansberge gestuur om die gebied te verken.⁽⁹⁾ Hierdie Kommissie het net so ver as die Zoutpansberge gekom. Hulle het Louis Trichardt nie daar gevind nie en waarskynlik van die inboorlinge verneem dat hy Ooswaarts, in die rigting van Delagoabaai, getrek het.

Terselfdertyd het hy ook vertrek om na die moord van Piet Retief, vir Uys te help met die slag van

5. G.S. Preller: Dagboek van Louis Trichardt. Tweede verbeterde uitgawe. p. 336 verslag van Bronkhorst.
Ook: G. M. Theal: t.a.p. p. 288-289.
6. D.C.F. Moodie: Boers and the Zulus in Southern Africa p. vol. I p. 377.
Ook: Theal: History of South Africa 1834-1854 p. 96.
Ook: Manfred Nathan: t.a.p. p. 142-143.
7. Dr. F.A.F. Wichmann: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. 1838-1860. Argiefjaarboek 1941 p. 8.
8. G. Preller: t.a.p. p. 338-340. : Verslag van Bronkhorst.
9. G. Preller: Voortrekkermense DI. I, p. 16.

Italeni. En Julie 1838 was hy weer terug in die Vrystaat en voor die einde van dieselfde jaar het hy en sy mense na Transvaal verhuis en aan die Mooirivier die dorp Potchefstroom gestig. (10)

Vir die volgende paar jaar het Potgieter, miskien as gevolg van die mislukking van die Trichardt-trek na Delagoabaai, geen poging aangewend om met die Portugese in aanraking te kom nie. Dit kan wees dat die oorlewende lede van die Trigardt-geselskap, wat in 1838 weer by die agterste trekkers uitgekom het, vertel het van die moeilikhede wat hulle trek ondervind het op pad na Delagoabaai. Op 16 Oktober 1840 het Andries Pretorius en A. H. Potgieter die Adjunkraad-ooreenkoms geteken waardeur alle Trekkers staatkundig verenig sou wees. Pretorius sou die opperbevel neem en Potgieter plaaslike Kommandant van Potchefstroom. Pieter Maritzburg sou die hoofstad en setel van ^{die} Volksraad wees en Potchefstroom sou die setel van 'n Adjunkraad wees waar verteenwoordigers van Winburg en Potchefstroom sou sitting neem. (11)

Die Voortrekkerstaat het 'n hawe gehad nl. Port Natal, en dit is miskien nog 'n rede waarom Potgieter verders nie pogings aangewend het om met die Portugese by Lourenco Marques in aanraking te kom nie. Nadat die Engelse troepe onder Jarvis^{ter} ruggeroep is, het die Boere gedink dat Engeland hom nie verder sou bemoei met Natal nie. Die Trekkers het ook gedink dat hulle hulp van Nederland sou kry aangesien 'n sekere Smellekamp hulle die indruk gegee het. Op 24 ~~Maart~~ 1842 het die Brazilië, 'n Hollandse skip, met 'n lading handelsware by Port Natal aangekom. Aan boord van hierdie skip was 'n handelsverteenwoordiger van die firma Ohrig Kleyn en Kie. van Amsterdam, nl. J.A. Smellekamp. (12) Hy het baie pamfletjies saamgebring met die titel "De Emigranten te Port Natal" Hierdie pamflette het 'n tweeledige inhoud gehad, nl. ten eerste om die

-
10. Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter. Voortrekker-mense DI. III p. 7.
Ook: M. Nathan t.a.p. p. 321.
11. Die notule van die byeenkoms as te vind in die Soutter-kolleksie, PAKKET II, No. 2.
12. Voortrekker - Argiefstukke pp. 141-145. Brief dd. 27 Oktober 1841 van G.G. Ohrig aan Volksraad.

handelsfirmas/....

handelsfirma in Natal te adverteer, en ten tweede om
 ompatie met die Emigrante en hulle Republiek uit te druk.
 Smellekamp was so geesdriftig dat hy die Trekkers in Natal
 onder 'n verkeerde indruk gebring het, en hulle nl. laat
 verstaan het dat hy die verteenwoordiger was van die Hol-
 landse regering, en al die tyd was hy slegs die verteen-
 woordiger van die genoemde firma. Die Trekkers het toe
 gemeen dat hulle op die steun van dHolland kon reken as
 daar miskien oorlog tussen Natal en Groot Brittanje mag
 uitbreek. Smellekamp het selfs aan die emigrante die
 beskerming van sy Majesteit Koning Willem van Holland be-
 lowe, en 'n ooreenkoms met die Natalse Volksraad gesluit
 met die slot: "Aangenomen namens Z.M. den Koning der Neder-
 landen, door mij ondergetekende, J.A. Smellekamp."⁽¹³⁾
 Hierdie gebeurtenisse het vir George Napier laat begeer om
 sy anneksasieplanne deur te voer. Soos ons weet is Natal
 in 1842 deur die Engelse geannekseer.

Nadat die Trekkers besef het dat Port Natal vir
 hulle verkogewas, het hulle maar gewag om te sien wat
 Smellekamp in Europa uitvoer, Toe Smellekamp in Mei 1843
 weer in Port Natal kom, vergesel van 'n predikant en onder-
 wyser, wou die Engelse hulle nie laat land nie.⁽¹⁴⁾ Daar-
 op het Smellekamp na Delagoabaai gegaan en sy passasiers
 daar afgelaai.⁽¹⁵⁾ Andries Potgieter is hiervan in kennis
 gestel en hy het besluit om Delagoabaai te besoek en met
 Smellekamp in aanraking te kom, en terselfdertyd met die
 Portugese te onderhandel.⁽¹⁶⁾ Omstandighede het dus vir
 Potgieter verplig om sy aandag op Delagoabaai te vestig.
 Hy het besef dat Port Natal vir goed in die hande van
 die Engelse was en dat dit vir die Britte omoontlik sou
 wees om hulle in Delagoabaai in die wiele te ry.

-
13. Dr. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van de Neder-
 duits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika Deel I p. 26.
14. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits
 Hervormde Kerk van Afrika. Tweede hersiene
 en vermeerderde uitgawe. p. 39
15. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de opkomst van
 de Zuid-Afrikaansche Republiek.
 p. 54.
16. G.S. Preller: Voortrekkermense DI. III
 P. 54 Herinneringe van H.J. Potgieter.

Potgieter/.....

Potgieter het in 1843 'n poging aangewend om van Rustenburg na Delagoabaai te gaan. Karel Trichardt sou die pad aanwys, ongelukkig het hulle in die somer vertrek en was die Olifantsrivier te vol om deur te gaan en is besluit om die tog tot later uit te stel. (17)

Gedurende die winter van die volgende jaar het Potgieter en 'n Kommissie van 28 man o.a. ook Winburgers van Potchefstroom vertrek en wou probeer om Delagoabaai te bereik. Die Kommissie het deur Schoemanskloof, Nelspruit en Komatipoort gegaan en het Delagoabaai sonder enige verlies van perde bereik.

Die Portugese het die Boere vriendelik ontvang. Hulle het gereken dat die Boere hulle sou help teen Mannekos, die naturellehoof, wat die Portugese gedurig lastig geval het. Verder het die Portugese heelwaarskynlik gedink dat hulle 'n winsgewende handel met die Boere in die binneland sou kon voer.

Smellekamp was wel in die Baai. Hy het Potgieter aangeraai om nader aan Delagoabaai te trek. (18) Dit sou die handel tussen die Hollanders en die Trekkers via Lourenco Marques baie vergemaklik. Miskien het hy ook vir Potgieter daarop gewys dat die Engelse ~~segenskap~~ strek tot 25° Suiderbreedte, (19) en dat dit dus gevaarlik was om binne daardie gebied te bly.

Die onsekerheid wat daar by die Trekkers oor die 25ste graad Suiderbreedte ontstaan het, is te wyte aan die feit dat die Portugese jurisdiksie tot op die 26ste graad van die noorde af gestrek het, en die Engelse jurisdiksie tot op die 25ste graad van die suide af. Die streek tussen die 25ste en 26ste suiderbreedte-graad moes dus onder die jurisdiksie van albei val, en alhoewel die Portugese goewerneur Ferreira by die geleentheid van sy eerste besoek aan Delagoabaai ^{die Boere} die reg gegee het om tussen die 10de en 26ste grade suiderbreedte, 40 myl agter die Portugese hawens, te gaan bly, (20) dit tog wenslik geag om liever ten noorde van

17. G. Preller: Voortrekkermense DL. III, p. 7, herinnerings van W. J. en A.H. Potgieter.
Ook: Voortrekkermense DL. II p.22. Herinneringe Karel Trichardt.
18. J. Stuart: "De Hollandsche Afrikanen .." p. 182.
Ook Manfred Nathan: t.a.p. p. 324.
19. J. Bird: The annals of Natal p. 56 en 114.
20. G.S. Preller: Voortrekkermense DL. III p.54. Herinneringe van H. J. Potgieter.

die/.....

25ste graad suiderbreedte te gaan woon.

Op 22 Julie 1844 het die eerste ooreenkoms tussen die Boere en die Portugese tot stand gekom aangesien "van Portugese zijde erop aangedrongen werd dat er 'n handelskontrakt tussen Portugal en de Boeren Zou gesloten werden" (21)

In hierdie ooreenkoms tussen Andries Potgieter en Goewerneur Ferreira op 22 Julie 1844 sê die Goewerneur: "Dat de Emigranten de binnelanden achter hunne havens konnen intrekken van af den 26gr. tot de 10 gr. nooder breet mits zich steeds vier dagreizens naar landwaarts van de thans gevestigd Portiegiesche bewoonde strecken af te houden...." Die Trekkers moes verder onderneem om hulle so rustig moontlik te gedra met die binnelandse naturrellestamme. Ook mag die Boere nie naturelle onderdane van die Portugese in diens neem nie. Verder hoop die Goewerneur "dat het ook van den kant der emigranten het doel was niet anders dan in vriendschappelijke betrekking met die Portiegiesche goeverment te blijven verkeerren en elkander vredemenig die hulp en bijstand te verleenen..." (23)

Potgieter het as gevolg van sy besoek aan Delagoabaai en sy onderhandelinge met Smellekamp en Goewerneur Ferreira, besluit om hom nader aan die Portugese gebied te vestig. (24) Hy wou nie van die Engelse havens afhanklik wees nie. Die Portugese sou daarvan hou om die uitvoerhandel van die Trekkers in die hande te kry. "Aan weerszijden zag men welke voordeelen er door een onderlinge toenadering te behalen waren. De Boeren verlangden voornamelijk naar een kanaal waardoor ze steeds niet enkel de dagelijkse levensbehoeften, maar ook genoegsaam kruit en lood voor hun zelfverdediging tegen blanke en zwarte vijanden ~~van~~ kon verkrygen., stelselmatig benocillijken de Britse autoriteiten den toevoer van ammunitie door de Kaapkoloniese en Natalse havens, en trachten daardoor de voortschrijdende beweging der emigranten te fruiken. De De Portugeezen van hun kant zagen voordeel in den uitvoerhandel van ivoor, zeldzame huiden en struisveeren, welke door de Boeren - hartstochtelyke en onverschrokken jagers - in overvloed buitgemaakt en in groote hoeveel-

21. Ibid: t.a.p. p. 54.

23. R. 65/71.

24. Manfred Nathan: t.a.p. p. 325.

heid en worden aangeboden." (25)

Om die verhouding tussen die Voortrekkers en Portugese beter te verstaan, is dit nodig om een en ander te weet van die politieke toestande in die Transvaal self.

Dit is nie heeltemal duidelik hoe groot A.H. Potgieter se invloed in die Transvaal was na die finale verbreking tussen die Burgerraad in Potchefstroom en die Volksraad in Natal nie. (26) Dit is egter duidelik dat daar 'n aantal persone in Transvaal was, wat nie aanhangers van Potgieter was nie. Potgieter was egter die aangewese persoon om die Potchefstromers na hulle nuwe verblyfplek in Oos-Transvaal te lei. Om hierdie rede is sy leiding daarvan en het die mag van die Burgerraad gekwyn. Baie Transvalers wou dus net vir Potgieter gebruik om die verhuising na Oos Transvaal waar te neem, en dan 'n ander leier te kies. Potgieter klae hieroor en eis dat sy ondersteuners hom in die vervolg as hulle leier erken: "Herhenderd U ook toen ik van Dellagoa terugt kwam en hoorde dat zommige menschen zig uitgelaaten hebben dat, als ik eers alles verregt had, sylieden my schilyk uit myn post zouden hebben en eenen anderen zouden aanstellen, dat ik de publiek verzogt myn eenen verzekering te geven dat ik my op myn oude dagen geen schandaal aangedaan en wordt, hoedat het publiek my dat door eene geschrifte verzeekerd hebben en myn beloofd hebben dat zy my ten allen teyden assetensie zouden bieden als ik het nodig had" (27)

Potgieter se ondersteuners het aan sy eis gehoor gegee en baie van sy aanhangers het op 6 Mei 1845 in Potchefstroom byeen gekom en hom as "hoofd Commandant en bestierder" gekies. (28) Op hierdie vergadering is verder besluit dat Potgieter altyd 'n stem in die Burgerraad sou behou en dat Kommandante wat van elders kom, hulle aan Potgieter en die raad sou moes onderwerp. Saam met die Burgerraad sou Potgieter besluite neem vir die beswil

25. Dr. F.V. Engelenburg: "De Delagoabaai Spoorweg, een terugblik," Volksstem Drukkery, 1894.

26. Dr. F.A.F. Wilhmann t.a.p. p. 43.

27: Brief dd. 13 Des. 1846 van Andries Hendrik Potgieter aan G.J. Kruger T.A.ss. I, R.1184/46. Voortrekker Argiefstukke p. 250

28. T.A., S.S. 1, R. 108/45. Besluit van 'n vergadering op 6 Mei 1845 insake A.H. Potgieter as hoofkommandant.

van die/.....

van die Trekkers.⁽²⁹⁾ Daar is verder besluit dat die Trekkers hulle ten noorde van die 26^o S.B. sou gaan vestig sodat die Engelse hulle nie kon beskuldig dat hulle op Britse grondgebied woon nie.⁽³⁰⁾

Die Burgerraad sou nie meer op Potchefstroom vergader nie. Ook is besluit dat Potchefstroom 'n Adjunk-kolonie sou wees.

In Junie 1854 het Potgieter en baie ander Trekkers Potchefstroom verlaat en na Oos-Transvaal verhuis.⁽³¹⁾ By die trek het gaandeweg mense uit die Vrystaat en Natal aangesluit. Onder die Natallers was 'n sekere Jacobus Johannes Burger wat weldra in die politiek sou deelneem.⁽³²⁾

Die nuwe dorp het die naam van Andries-Ohrigstad gekry ter ere van Andries Hendrik Potgieter en die Amsterdamse koopman G.G. Ohrig, wat die hoof was van die handelsfirma waarvan Smellekamp 'n verteenwoordiger was.⁽³³⁾

Kort na die aankoms van die Trekkers in Oos Transvaal, is daar 'n vergadering op 30 Julie 1845 gehou,⁽³⁴⁾ en is daar besluit om 'n Volksraad, waarvan 'n deel van die lede gekies sou word, in die lewe te roep.

Die eerste Volksraadvergadering is op 1 Augustus 1845 gehou en die eerste saak wat bespreek is, was die besluite wat voor die verhuising uit Potchefstroom gencem is toe Potgieter as hoofkommandant benoem is met 'n permanente stem in 'n raad wat ingestel sou word.

Die Volksraad het geen beswaar gehad teen die

-
- 29: T.A., S.S. 1, R. 108/45 Voortrekker Argiestukke p. 182.
30. T.A., S.S. 1 adR. 120/47. 'n Ongetekende bylaag van 'n brief dd. 10 April 1844 van landdros Vermeulen aan Natalse Volksraad.
31. Eric Walker: The Great Trek p. 333.
32. G.S. Preller: Voortrekkermense DL. 111 p. 53. Herinneringe van H. J. Potgieter.
33. F.A.F. Wichmann: t.a.p. p. 45.
Ook: Walker: t.a.p. p. 333.
34. T.A.E.V.R. 2. Volksraadsbesluite, Ohrigstad, dd. 30 Julie 1845.

toekenning/.....

toekenning van die titel "hoofd Commandant" aan Potgieter nie, maar teen sy aanstelling as "bestierder," het sekere lede beswaar gemaak. As Potgieter bestuurder was, sou dit beteken dat hy meer mag as die Volksraad sou hê. Sy aanstelling was, volgens hulle alleen van krag totdat die Raad weer in die nuwe tuiste ingerig sou word. Die Volksraad ~~wat~~ ^{het} besluit ~~het~~ ^{dat} "geen hooger regering in onze maatschappy zal bestaan dan Volksraad."

Daar is besluit dat Potgieter as hoofkommandant sou aanbly en dat hy aan die gesag van die Volksraad onderworpe sou wees.

Potgieter het hierdie uitdaging van sekere lede van die Volksraad, onmiddellik voor die volk gebring. Sy aanhangers het 'n memorie opgestel en dit voor die publiek vir ondertekeⁿing gelê. In hierdie memorie word gesê dat Potgieter die hoogste gesag in die Trekkers se gebied sou hê en dat die Volksraad feitlik onderworpe aan hom sou wees. (35)

Volgens die Volksraad sou Potgieter nie die reg hê om briewe afkomstig van Lourenco Marques oop te maak en te lees nie tensy 'n paar Volksraadlede by was nie. (36) Volgens die memorie moes Potgieter eerste die briewe oopmaak en beantwoord.

Dit was Potgieter se ondersteuners wat hom al hierdie mag wou gee en nie Potgieter self wat na alleenheerskappy gestreef het nie. (37)

Daar het gedurig nog meer mense van Natal af ingetrek. Hierdie mense se leier was J.J. Burger.

35. T.A. S.S. I R. 109/45. Memorie aan Volksraad insake A.H. Potgieter as hoofkommandant, dd. 1 Aug. 1844.

36. Soutter Kolleksie, pakket I No. 2.

37. G. S. Preller: Andries Pretorius p. 132.

Hulle het gemeen dat aangesien die Engelse Natal annekseer het, hulle hul regering in Transvaal kon voortsit. Potgieter weer, het gesê dat die Volksraad van Natal doodgeloop het na die anneksasie van Natal.⁽³⁸⁾ Die stryd tussen Potgieter en ^{die} Burgerparty het al hoe hewiger geword en daar het feitlik twee regerings in Ohrigstad ontstaan. Ten spyte van die feit dat die grootste aantal inwoners van Transvaal vir Potgieter ondersteun het, het die Volksraad tog nog bly voortbestaan. Hoewel die landdros afgeskaf is deur Potgieter, was daar tog nog 'n landdros in Ohrigstad.⁽³⁹⁾ Plase is sowel deur Potgieter as deur die Volksraad aangeteken.⁽⁴⁰⁾

Potgieter en sy aanhangers het gedink dat die hoogste gesag by hom berus, aangesien hy hoofkommandant en voorsitter van die Volksraad was, terwyl die Volksraad aan die anderkant oortuig was dat hulle die hoogste mag beklee het.⁽⁴¹⁾

Aangesien die vooruitsig van handel met Delagoabaai een van die vernaamste redes vir die verhuising na Oos-Transvaal was, is daar dadelik na die aankoms van die nedersetters in Ohrigstad pogings aangewend om 'n geskikte handelsweg na Delagoabaai te vind.⁽⁴²⁾

Op 'n Volksraadvergadering van 8 Oktober 1845 word besluit om 'n Kommissie na Delagoabaai te stuur op 14 Oktober en dat almal wat wou gaan, hulle moes gaan

38. Prof. S.P. Engelbrecht: t.a.p. p. 62.
39. T.A. S.S.I, R.118g/46. Voortrekker-Argiefstukke p. 245. Kollekte-lys vir fondse vir die bou van 'n kerk, geteken deur J.H. Grobler - "Landdros," 19 Nov. 1846.
40. V.R. B. 10/12/46 Art. 2.
41. F. A. F. Wichmann: T.a.p. p. 49.
42. Memorie aan Volksraad, dd. 1 Aug. 1845. T. A. S.S.I, R. 109/45 (Voortrekker Argiefstukke)

aanmeld/.....

aanmeld.⁽⁴³⁾ Ses-en-twintig man was gewillig om te gaan,
⁽⁴⁴⁾ Karel Trichardt, wat die Portugese taal magtig was,
sou hierdie Kommissie se leier wees.⁽⁴⁵⁾ Karel Trichardt
het voorgestel dat hulle te voet moes gaan, maar sy maats
het hierteen protesteer aangesien hulle 'n paar vragte
velle en ivoor aan die Portugese wou gaan verkoop. Toe
hulle by Delagoabaai kom, was al die osse en perde as
gevolg van die tsetsevlieë dood.⁽⁴⁶⁾ Op 4 Desember 1845
het die Kommissie daarin geslaag om weer veilig terug in
Ohrigstad te wees.

Nou het 'n moeilikheid met die Portugese gedreig.
J.J. Burger het vir Karel Trichardt voor sy vertrek in
Oktober die reg gegee om namens die Volksraad plase aan
te teken aan die Portugese kant van die Lebombo. Hulle
het toe op Portugese grondgebied 'n baken geplant met die
gevolg dat die Portugese goewerneur by die Volksraad
'n klagte daaroor ingedien het. Hy sê dat as Potgieter
die Kommissie opdrag gegee het om die baken daar te plant,
alle handelsbetrekkinge tussen die twee state stopgesit
sou word. Die goewerneur was bang dat die Boere sy grond
wou annekseer. Potgieter was ontsteld oor hierdie nuus.
Hy het juis in Ohrigstad kom woon met die doel om deur
middel van die Portugese, met die buitewêreld in aanraking
te kom. As die Portugese hulle hawens vir die Trekkers
verbied, sou die Boere van die Britse hawens moes gebruik
maak, en dit wou Potgieter ten alle koste voorkom.

Die kommissie is dadelik deur Potgieter ont-
bied, en hulle moes verslag doen van die baken wat hulle
daar geplant het. Dit het toe geblyk dat Johannes Steyn

43. V.R.B. 8.10.45. Art. 1.

44. V. R.B. 14.10.45 Art.1.

45. V.R.B. 8.10.45 Art. 1.

46. G.S. Preller: Herinneringe van Karel Trichardt.
Voortrekkermense DI. II p. 24.

en G. Rudolf verantwoordelik was vir die inplanting van die baken.⁽⁴⁷⁾ Potgieter het die kommissie gewys op die dwaasheid van so 'n stap. Ook die Volksraad het besluit om ondersoek in te stel na die voorval.⁽⁴⁸⁾ Carolus Trichard het gelukkig die Portugese en hulle taal goed geken en die misverstand tussen die Boere en Portugese gou uit die weg geruim.

Die Portugese het nou weer handelaars na die nedersetting in Ohrigstad gestuur. Op 10 Des. 1846 skrywe Andries Potgieter aan kommandant G. J. Kruger van Magaliesberg: "Er zyn weder Portegeezen aan het koomen met negoozie. De Heer Albasenie is reeds agter den berg met zoo als wy hooren ruim zes vragten goederen. Anderen zyn nog verder agter hem, en zommige nog aan het klaarmaken om te koomen."⁽⁴⁹⁾

Die Boere het nog steeds na 'n geskikte pad na Delagoabaai gesoek. Albei partye het hulle verkenners afsonderlik uitgestuur.⁽⁵⁰⁾ Sake het nie meer so rooskleurig gelyk nie. João Albasini het die Boere egter moed ingeproat. In die wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek was Albasini die man wat die grootste invloed op die naturelle in sy omgewing uitgeoefen het. Hy is op 1 Mei 1813 in Lissabon gebore. Op 18 jarige leeftyd is hy saam met sy vader op 'n handelstog na Oos-Afrika. Sy vader het hom in Delagoabaai laat agterbly om met die naturelle handel te drywe. Kort hierna is sy ouers dood en het hy nooit weer na Portugal teruggekeer nie. Alleen moes hy nou in die onbekende

47. E.V.R. 1, p.29-32. Notule van die Volksraad te Ohrigstad, dd. 11.-12.-45.

48. VRB. 11.12.45, Ohrigstad art. art. 3.

49. R.118 H/46 van A.H. Potgieter aan G.J. Kruger, dd. 10 Des. 146 Voortrekker-Argiefstukke p.249.

50. T.A. Skenking no. 81 Jaarverslag van die oorseese Raad. Lourenco Marques 6.8.47.

die groot avontuur van sy lewe aandurf. Elke jaar het hy smouse met handelsartikels wat sy vader vir hom agtergelaat het, die binneland ingestuur om ivoor te gaan ruil. Dit is dan weer aan besoekende skepe vir ammunisie, handelsware en lewensmiddele verruil, Hy het soms self die binneland ingegaan om te gaan olifante jag, en om te gaan handel dryf. Weens sy dapperheid en ondernemingsgees het hy die eerbied van die naturelle afgedwing.

Die Portugese in Lourenco Marques het in die tyd onder gevaarlike toestande geleef, want Chaka se vlugteling-generaal Mannekas, het die Tongastammetjies so ver hy getrek het, uitgemoor. In 1834 het hy Lourenco Marques binnegeval. Die Portugese waaronder Albasini ook was, het na die eiland Shefina gevlug. Mannekas het hulle daar laat haal en almal behalwe Albasini om die lewe gebring. Hy is saam met die moordenaars na hulle woonplek weggevoer. Hier het hy baie ondervinding omtrent die kaffers opgedoen. Later het hy weer weggetrek na Delagoabaai.

In 1845 het Albasini die nedersetting by Ohrigstad gaan besoek om die handelsmoontlikhede met die Boere te gaan ondersoek. Op sy reis het hy besef dat hy nader aan die Voortrekkers moes gaan woon. Hy het toe van Kafferopperhoof Makashula 'n stuk grond gekoop. Hy het hier 'n huis en 'n winkel gebou. Hier het hy soos 'n middeleeuse leerheer as hoof van 'n naturelle-stammetjie gewoon, gesaai en met beeste geboer, olifante gejag en met die Boere en naturele handel gedryf. Hy is in 1847 met 'n Boeredogter Maria van Rensburg getroud. Vir die Trekkers was hy van besondere groot diens, aangesien hy vir hulle goedere met draers van Delagoabaai af oor die Lebomboberge en deur die tsetsegebied tot by Makashulakraal aan die oostelike voet van die Drakensberge laat vervoer het. Daarvandaan het hulle dit met ossewaens

kom haal/.....

kom haal. Hy het gou Hollands leer praat, en Portugese brieuwe vir die Boere vertaal.

Op 2 Januarie 1847 het Albasini en Andries Hendrik Potgieter besluit om in die volgende Mei 'n ekspedisie na Lourenco Marques te onderneem. Albasini het gesê dat hy 'n pad wat vry was van tsetsevlicë en nie wat bergagtig was nie, en volop water gehad het, na Delagoabaai ken.⁽⁵¹⁾ Potgieter was so bly hieroor dat hy vir Albasini 'n besigheidserf in Ohrigstad gegee het.⁽⁵²⁾

Albasini het nie alleen hierdie nuus aan Potgieter meegedeel nie, maar ook aan die Volksraad. Hy belowe die Volksraad dat hy voor Meimaand terug in Ohrigstad sou wees en dat hulle solank alles vir die tog in gereedheid moes bring. Ten minste dertig of veertig waens moes gebruik word. Daar moes minstens 'n honderd en vyftig man saamgaan ingeval Mannekos, die vyandige Kafferkaptein, hulle dalk sou aanval.⁽⁵³⁾ Albasini het gesê dat hy self vir die lood en kruit sou sorg.

Die Volksraad het ook nie gras onder hulle voete laat groei nie, en het dadelik aan die goewerneur van Delagoabaai, Jose Antonio de Silveira, laat weet dat hulle die winter 'n groot ekspedisie deur die gebied van Mannekos afstuur. Laasgenoemde het effens noord van Delagoabaai, tussen die Transvaal en Lourenco Marques gewoon. Hulle het gemeen dat in daardie gebied geen tsetsevlicë was nie.

51. 'n Artikel van J. B. de Vaal in "Die Huisgenoot" van 4/6/48 oor Joao Albasini.

Ook: E.V.R. 2pp. 90-94 Volksraad notule 4.1.47.

52. Memorie van Veldkornet J. C. Minnaar en andere aan J.J. Burger. Voortrekker Argiefstukke p.254.

53. V.R.B. 4.1.47. Art. 1.

54. R. 119e/47. Brief van Burger aan goewerneur van Lourenco Marques dd. 10 Febr. 1847.

Die Portugese goewerneur was met die oog op handelsmoontlikhede, baie geïntresseerd in die Boere-nedersetting en het aan Albasini en aan Avelino Xavier de Menezes 'n vraelys voorgelê om te beantwoord. In hierdie antwoord van Albasini aan die Portugese goewerneur sien ons waarin die Portugese geïnteresseerd was, en kry ons 'n goeie insig in die toestande te Ohrigstad.⁽⁵⁵⁾ Die goewerneur wou besonderhede hê omtrent die volgende aspekte:

- (1) Die Bevolkingsyfer van die Z.A.R.
- (2) Die manier waarop die staat handel drywe.
- (3) Die verdedigingstelsel.
- (4) Die regeeringsvorm.

Albasini het gesê dat Andries Ohrigstad ongeveer 120 myl van Delagoabaai was. Hy reken dat die dorp noordwes van die Baai geleë is. Die regering bestaan uit 12 persone met 'n president as hoof. Daar is ongeveer negeduisend persone en hulle woon op plase rondom die dorp. In geval van oorlog sou hulle omtrent drieduisend manskap op^{die} been kon bring. Daar is geen staande mag nie maar in tyd van oorlog is alle manspersone verplig om die wapen op te neem teen die vyand. Daar is twee ommuurde plekke wat deur die Boere gebou is om hulle families in tyd van oorlog te beskerm, maar verder is daar geen vestings nie. Die ommuurde plekke is gebou nadat Mannekos, die vyandige Kafferhoof met 'n groot leërmag gekom het en al hulle vee geroof het. Daar is geen amptenare van watter aard ookal, in die dorp nie. Albasini sê verder dat hy in die paar maande wat hy in Ohrigstad gebly het, gesien het dat daar groot handels-

55. Skenking UO. 81, 12.5.1847 Jaarverslag van die oorseese Raad. Informasie verstrekk aan die goewerneur van die Baai van Lourenco Marques oor die Hollandse Koloniste in die Suid-Afrikaanse Republiek deur Joao Albasini en Avelino Xavier de Menezes.

moontlikhede in daardie land is. Dit sou moontlik wees om met daardie volk 'n groot handel te drywe, maar dat die besigheid daar heeltemal dood is weens gemis aan persone wat die handel beoefen en uitbrei. Daar is 'n groot aanvraag vir verskillende soorte artikels soos landbougereedskap, klerasie, kruideniersware, ammunisie, gewere ens. Die Boere kan die volgende produkte uitvoer: ivoor, renosterhorings, osrieme, buffelleer, bees- en skaapvelle, gebreide pelse, botter in groot hoeveelhede, gesoute beesvleis, huide van wilde diere, voorwerpe gemaak van klip, oshorings, nacls van diere, tabak en later miskien ook koring. Daar is verskillende landbouprodukte soos koring, mielies, twee of drie soorte entjies en boontjies, uitstekende groentes van alle soorte, waatlemoen en spanspek soos in Europa. Daar is ook baie vrugtebome en druiweplantasies.

Voorts verklaar Albasini dat die Boere baie ontevrede is oor die gebrek aan verbinding met Lourenco Marques. Daar is nie 'n pad na die Baai nie. Die tsetsevlieë veroorsaak groot skade deurdat hulle die vee laat vrek. Die Boere kla ook oor die steil berge wat hulle moet oorgaan as hulle na die Baai wou gaan. Hulle het egter nuwe moed geskep deur die aankoms van verskeie Portugese handelaars 'n paar maande tevore, vernaamlik toe Albasini vir hulle vertel het van 'n tsetsevliegvrige pad na die Baai. 'n Pad na die hawe is noodsaaklik vir die in- en uitvoer. As die Boere so 'n pad het wat vry is van Tsetsevlieë, sal hulle nie van Ohrigstad af wegtrek nie.

Die Boere laat nie die Kaffers belasting betaal nie en weet beter as die Portugese hoe om met hulle te werk te gaan.

Ten slotte verklaar Albasini dat die aanwesigheid van die Boere in die hinterland van Lourenco

Marques/.....

Marques vir Portugal ontsettend baie kan beteken maar dat die regering in Lissabon blykbaar nie bewus was hiervan nie, want as hulle dit sou weet, dan sou daar geen gebrek wees aan persone wat hier hulle geld sou belê nie in hulle eie voordeel en tot nut van die nasie.

Albasini het in Juniemaand aan die Volksraad laat weet dat hy nie kon kom om hulle die pad te wys wat vry van tsetsevlieë was nie, aangesien hy deur die goewerneur in kennis gestel is dat Delagoabaai deur die kafferkaptein Mannekos, beleër is en dat 'n deel van Panda se volk vir Mannekos help.⁽⁵⁶⁾ 'n Besoek aan die hawe sou dus nie kon plaasvind nie.⁽⁵⁷⁾

Die Volksraad het hier op 'n brief aan die Portugese goewerneur geskrywe en hom meegedeel dat die Boere jammer is om te hoor dat Mannekos die hawe beleër het, maar ook sy spyt te kenne gegee dat die Trekkers, as gevolg van die ongesiene weg, nie op daardie oomblik hulp aan die Portugese kon verleen nie. Die Volksraad laat weet verder dat as die Boere eerder van die Portugese verlof gehad het om deur Mannekos se gebied te gaan, en om hulle te verdedig ingeval hulle moeilikheid sou kry, die kommissie seker lankal in die Baai sou gewees het. Daar sou egter onmiddellik 'n kommissie gestuur word om die weg te ondersoek. As die gevaar dreig, sou die Boere alles in hulle vermoë doen om die Portugese te help. Panda sou onmiddellik in kennis gestel word om sy impi's van Lourenco Marques te verwyder.⁽⁵⁸⁾

A.H.Potgieter het egter teen die wense van die Volksraad besluit om na Delagoabaai te gaan.⁽⁵⁹⁾

56. E.V.R. I p. 95 Volksraad notule 21.6.47.

57. V.R.B. 21.6.47. Art.I.

58. E.V.R. I pp. 95. (Van Rensburg is afgevaardig om na Panda te gaan)

59. E.V.R. I, p.p. 87-88.

50.

Die Volksraad het gemeen dat die Boere nie na Delagoabaai moes gaan voordat die goewerneur hulle in kennis gestel het om dit te doen nie. Potgieter was vergesel van Kommandant Gert Kruger. Die Portugese goewerneur het hulle baie vriendelik ontvang. Die Baai was nie meer deur Mannekos beleër nie. Die goewerneur het, toe Potgieter hom mededel dat hulle nog nie 'n pad vry van tsetsevlieë, na die Baai ontdek het nie, vir hom die reg gegee om ander dele van die Portugese gebied te ondersoek en om sodoende 'n geskikte pad te probeer vind.⁽⁶⁶⁾ En hierna het Potgieter dan ook na ander moontlike roetes gesoek.

60. 'n Brief van A.H. Potgieter aan Smellickamp op 15.6.47 verskyn in "Geschiedenis van die Ned. Hervormde Kerk in Suid-Afrika." D1.I Bylaag III, van Prof. S.P. Engelbrecht. (p. VI)

HOOFSTUK IV.DIE HANDEL EN VERKEER TUSSENZOUTPANSBERG EN INHAMBANE.

As hoofstad van die Emigrante-volksplanting was Ohrigstad onder bestaande omstandighede gedoemd. Dit was as handelsoord ongeskik. Die tsetsevlieg en malaria het gereelde verbinding met Lourenco Marques onmoontlik gemaak. In die somer van 1845 het daar reeds koors uitgebreek onder die gemeenskap van Ohrigstad en dit het baie slagoffers geëis. Dit het spoedig geblyk dat die veld ongeskik vir die vee was en baie het gevrek. (1) Weens die groot afstand na die Kolonie het die mense ook gebrek aan die nodigste lewensmiddele gehad. Daar moes nou 'n plan gemaak word. Die verbinding met Delagoabaai kon net in die winter plaasvind en dus moes 'n ander uitweg gesoek word. Potgieter het nou gedink aan pad na 'n ander Portugese hawe nl. Inhambane. (2) Dit het hom heelwaarskynlik bygeval hoe dat hy ~~hy~~ destyds toe hy by Louis Trichardt in Zoutpansberg was, Portugese handelaars in Banjailand aangetref het, en hoedat hulle hom vertel het dat Inhambane daarvandaan redelik maklik bereikbaar was. Inhambane was wel ver, maar dit was die enigste uitweg. Potgieter was alreeds vanaf 1846 in korrespondensie met persone in Inhambane. Hy het geweet dat daar destyds 1,500 inwoners in daardie hawe was en dat hy jaarliks deur tien of twaalf skepe besoek is, terwyl Delagoabaai slegs deur 5 of 6 skepe aangedoen

1. J.F. Van Oordt: t.a.p. p. 55.
2. Potgieter skrywe 'n brief aan die Portugese kommandant by Inhambane waarin hy besonderhede omtrent die pad daarheen vra. R. 247a/50 dd. Die brief het in die hande van die Volksraad, wat Potgieter vyandiggesind was geval, en nie sy bestemming bereik nie.

is (3) /

is.⁽³⁾

Potgieter wou nou die weg na Inhambane gaan ondersoek. Burgers van Magaliesberg, Potchefstroom en Winburg is aangesê om hulle gerced te maak vir die ekspedisie. Die kommissie moes in die winter van 1847 vertrek, omrede daar geen koors daardie tyd van die jaar was nie.

Daar was juis gedurende daardie tyd 'n dreigende gevaar van die Swasies en Socloes en die Volksraad party was ernstig begaan oor die voorgenome afwesigheid van Potgieter,⁽⁴⁾ aangesien hy as kommandant-generaal verantwoordelik vir die beskerming van die Trekkers was. Die onderdane van Melietse en Maraba het die veiligheid van die Boere bedreig. Potgieter het voortgegaan met sy planne. Hy het die Volksraad meegedeel dat daar geen gevaar vir Ohrigstad van die kant van die kaffers is nie. Die kommissie na Inhambane het vir die voortbestaan van Ohrigstad 'n lewensverciaste geword. Tensy 'n gesonder pad na die Portugese hawens gevind kan word, was Ohrigstad as handelsentrum van Transvaal gedoem. Op 15 Junie 1847 het Potgieter met 233 man na die noorde vertrek.⁽⁵⁾ Onderweg is Maraba en Melietse tot onderwerping gedwing. Die ekspedisie het voorts in 'n noordwestelike rigting gery, oor die Limpopo tot by Gasaland. Nou was die pad na Inhambane oop voor hulle. Die kommissie het 'n groot draai gery om die ongesonde Limpopovallei te vermy. As hulle reguit van Ohrigstad na Inhambane kon ry, sou dat slegs 'n 300 myl afstand wees,

3. R. 1279/57. Brief no.23 dd. 15 Maart 1848.

4. C. Potgieter en N. Theunisen t.a.p. p. 174.

5. Transvaal Argief, Le^utsversameling No. 1390.

maar/.....

maar die rigting wat die kommando gery het, het 600 myl beslaan. Die kommando het tot by die Limpopo saam getrek en daar in drie afdelings gesplits.⁽⁶⁾ 'n Roofimpi van Silkaats het teen die waens van een van hierdie afdelings gestuit. Die impi was daarop uit om die vredeliewende Banjaikaffers aan te val. Die impi was die botsing met die waens nie te wagte nie. Die burgers wat by die waens was, het dadelik gery om Potgieter hiervan in kennis te stel. Die impithet op die waens afgestorm en 'n aantal kaffers wat die waens opgepas het, vermoor, en die trekosse weggevoer. Potgieter het nou die ander afdelings laat roep en die impi verslaan en die trekosse teruggekry. Silkaats het na die Sambesie gevlug. Potgieter moes by die Matoppo's omdraai en het duisende vee gebuit. Hy het die Matabelies 'n goeie les geleer. Die perde was nou te afgemat om die reis na Inhambane voort te sit, maar Potgieter sou die volgende jaar weer gaan.

Op sy terugreis is Potgieter en sy kommando deur Zoutpansberg. Hy het baie van die plek gehou. Zoutpansberg was vanuit Inhambane makliker bereikbaar en 'n handelsverbinding was so goed as 'n voldonge feit. Die plan het gevolglik by Potgieter ontstaan om na Zoutpansberg te trek.⁽⁷⁾ In Ohrigstad was daar koors en tsetsevlies en het die verbinding met Delagoabaai hopeloos gelyk. Ook was daar te veel onenigheid in Ohrigstad. Sonder handel kon Ohrigstad hom nie as hoofstad van die Emigrante handhaaf nie en Ohrigstad was as handelspunt ongeschik. 'n Verdere rede vir die vestiging in Zoutpansberg was die pragtige natuur.⁽⁸⁾ Aan die voet van die berg-

6) Tvl. Argief: Laatsversameling. No. 1390.

7. Manfred Nathan: t.a.p. p.p. 328-329.

8. Munnik: Kronieke van Noord-Transvaal p. 3.

reeks, met 'n ryk Olifantgebied in die onmiddellike omgewing, is 'n nuwe dorpie met die naam Zoutpansberg later Schoemansdal genoem, gestig.⁽⁹⁾ Die verhuising na Schoemansdal het aan die begin van 1848 plaasgevind onder leiding van Andries Hendrik Potgieter.⁽¹⁰⁾

Op 3 Mei 1848 het Potgieter met sy volgelinge by Zoutpansberg aangekom.⁽¹¹⁾ Hulle het 'n vrugbare stuk grond, omtrent nege nyl van die teenswoordige Louis Trichardt af, gekies en daar 'n dorp aangelê. Hartbeeshuisies is gebou en spoedig het elkeen ook 'n groentetuintjie gehad.⁽¹²⁾ Ook vrugteboom en wingerde is langs die rivier aangelê. 'n Begin is gemaak met die aanlê van lande om koring op te saai. Groot en kleinwild was volop. Die wêreld was nog woest. Leeus, tigers, jakalse en ander ongediertes het baie keer van die vee gevang. Die veekrale moes sterk gebou word.

Die Zoutpansbergers het die ekonomiese bronne van hul distrik dadelik begin ontgin. In die berg was volop houtsoorte, waarvan planke gesaag is vir verkoop en die vervaardiging van meubels. Sout is in groot hoeveelhede by die soutpan aan die noordwestelike punt van die bergreeks gemaak en verhandel.⁽¹³⁾

Daar was 'n ruilhandel tussen die Portugese hawens en Banjailand en hierdie handel het vinnig na die nuwe dorp uitgebrei. Portugese smouse het die nuwe dorp besoek, en winkeliers het hulle daar gevestig. Die Portugese Da Paiva Ropozo en Casimis Simoens was die eerste

9. 'n Art. van J.B. DeVaal: João Albasini "Huisgenoot," van 4.6.48.

10. F.A.F. Wichmann t.a.p. p. 64.

11. J.F. van Oordt: t.a.p. p.55.

12. G. Preller: Voortrekkermense DL. IV p. 145 Herinneringe van J.A. Breed.

13. S. Hofmeyr: Twintig jare in Zoutpansberg. p.p. 2-5.

persone om winkels te open in Zoutpansberg. Die Boere het dikwels hulle produkte by die winkels verkoop en hulle negosieware, klere, ammunisie ens. daar gekoop.⁽¹⁴⁾

Die Zoutpansbergers het veral uit die olifantjag-groot winste gemaak. Vir die ivoor het die Portugese hoë pryse betaal. Die Boere het in die winter gaan jag want dan was daar geen koors nie, en het die tsetsevlicie ook nie gepla nie. Elke jagter het ook 'n aantal draers gehad. Die vernaamste jaggebied was noord van Zoutpansberg en Blouberg.⁽¹⁵⁾ Die jaggebied is alleenlik tussen Junie en Oktober oopgestel en 'n oortreder moes 'n boete van 500 riksdalers betaal.⁽¹⁶⁾ As olifante op pad geskiet word, is die tande uitgeknap, onder die grond begrawe, en met die terugreis saamgeneem. As beloning het hierdie draers vleis of koper gekry. Die olifantstande is met rieme vasgebind aan stokke en op die skouers vervoer. Tande wat selfs tot 'n honderd pond geweeg het is die dorp ingebring.⁽¹⁷⁾ Duisende olifante is jaarliks geskiet. Die aanvraag vir ivoor in die buiteland het hoog gebly. Dit is dus te begrype dat Soutpansberg spoedig as sentrum van die handel in ivoor, volstruisvere, velle en horings, 'n florerende dorp geword het. Daar is jaarliks ongeveer 200,000 lb ivoor in Zoutpansberg verkoop. Die prys het gewissel tussen 4/- en 5/- per lb. Die Portugese handelaars het ongeveer die helfte hiervan gekoop en die ander helfte is deur Engelse smouse van Natal en die Kaapkolonie gekoop. Soms het die jagters gedurende die wintermaande

-
14. Das Neves: A. Hunting expedition to the Transvaal. p.p. 137 - 140.
15. R. 1380/57 Zoutpansberg 11.3.1857.
16. R. 765/55.
17. F. Hut: Het lot der Zwarten in Transvaal. p. 21.

hulle waens gepak en na Inhambane gegaan en die ivoor daar verhandel. Hierdie hawe was ongeveer 400 myl van Zoutpansberg. Daar was egter geen padie nie en groot riviere en berge het dit moeilik gemaak vir die Boere om Inhambane te bereik. Daarom het baie Zoutpansbergers verkies om hulle produkte aan Portugese handelaars wat van Inhambane af gekom het, te verkoop. Hoewel hierdie Portugese handelaars ook Engelse smouse die Boere minder betaal het vir die ivoor as wat die jagers by die hawens daarvoor kon kry, het dit tog 'n lang en vermoeiende rit bespaar.

Die Engelse het 'n groot belangstelling in die ivoorhandel getoon. Hulle wou sorg dat die Portugese so min as moontlik ivoor in die hande kry. Persone is uit die Kaapkolonie en Natal gestuur om ivoor te gaan opkoop. Hierdie ivoorhandelaars het Meimaand in Zoutpansberg aangekom en so teen Oktober altyd weer vertrek. Hulle het ongeveer 100,000 lb. ivoor jaarliks opgekoop of verruil vir handelsartikels wat die emigrante nodig gehad het. In 1863 bv. is ivoor ter waarde van £40,736 deur Port Natal uitgevoer. (18)

Die Portugese het nie alleen ivoor maar ook seekoeitande, renosterhorings, velle van wilde sowel as mak diere, hout, gelooide leer, landbouprodukte ens. van die Boere gekoop. Dit het nie lank geduur nie of daar was 'n florerende handel tussen Zoutpansberg en die Portugese hawens Lourenco Marques en Inhambane.

Nie lank na hulle aankoms in Zoutpansberg het Potgieter weer pogings aangewend om die vriendskap van die Portugese van Inhambane te wen. Hy het hom in verbinding met hierdie Portugese gestel en ook probeer om 'n korrespondensie te voer met die goewerneur-generaal te

18. Dr. CW. de Kiewiet: British colonial policy. p.257.

Mosambiek. Daar was sterk sprake dat die Engelse omstrecks 1850 die Transvaal wou annekseer. Filantropes soos bv. Engelse sendelinge in Transvaal o.a. Moffat het beweer dat die Boere hulle skuldig maak aan slawehandel. Filantropies-gesinde goewerneur Maitland het verklarings in die rigting ingesien. Aan die staatssekretaris het hy in 1846 twee bewerings van handelaars voorgelê waarin die Voortrekkers van Andries Ohrigstad beskuldig word dat hulle slawe aanhou en dat hulle die naturelle aanval en gevange neem en aan die Portugese in Delagoabaai verkoop.⁽¹⁹⁾ 'n Naturel Makaleni het in 1847 verklaar dat die Trekkers inboorlinge in die Transvaal wreed sou aangeval het en die kinders onder mekaar verdeel het. Dit is ook bewees dat die boere slawe van die Portugese gekoop het.⁽²⁰⁾ Die Staatssekretaris Grey was verontwaardig en het gesê dat dit ewels was, wat nie oorgesienmag word nie, en dat die Engelse regering moes ingryp. In 1850 het Grey weer gevoeligheid oor Beweerde pogings van die Trekkers om Transvaalse stamme van hul grond te beroof openbaar. Die Engelse het besluit om nie die Transvaal te annekseer nie en Palmerstone het net deur die Britse gesant in Lissabon die Portugese regering versoek dat die inwoners van Portugaees-Oos-Afrika nie slawe aan die Voortrekkers moes verkoop nie.

Potgieter, wat gedink het dat die Engelse Transvaal wou annekseer, het die Portugese Goewerneur Generaal gevra om dit te verhoed en hy wys op verdrag van 1844 tussen Boere en Portugese waardeur lg. die gebied agter die Portugese

19. M.V. Jackson: European powers in South East Africa p. 210.

20. J.A.I Agar-Hamilton: The native policy of the Voortrekkers.

hawens, d.w.s. die Oostelike Transvaal, aan die Trekkers gegee het. (21) Op een of ander manier het hierdie brief in die hande van die Volksraad gekom, en aangesien hulle vyandiggosind teenoor Potgieter was, gesorg dat die brief by hulle bly. (22)

Ook in verband met die naturelle wou Potgieter en die Portugese saamwerk. Die Portugese van Inhambane het hom gevra om kragdadig teenoor die naturelle op te tree ingeval hulle moeilikheid wou gee. (23) Die Portugese het geweet dat dit in hulle voordeel sou wees as die naturelle deur die Trekkers onder die duim gehou word.

Andries Hendrik Potgieter is op 16 Desember 1852 oorlede. Hy het met onverskrokke idealisme, geduldig en fier, die spitwerk gedoen vir die ontstaan van die Transvaalse en Vrystaatse republieke.

Sy seun Piet Potgieter het hom opgevolg as kommandant-generaal en ook ywerig probeer om op goeie voet met die Portugese te verkeer. Piet Potgieter het die Volksraad daarvan beskuldig dat hulle laks is om betrekkinge met die Portugese aan te knoop en dat dit hulle was wat die ooreenkoms van 1844 met die Portugese, vernietig het. (24)

21.R. 247a/50 Brief van A.H. Potgieter aan Portugese Goewerneur

22. E.V.R. 4, p. 107. Kommissieraads-notule.

23. R.265/51 Brief van Portugese Goewerneur aan A.H. Potgieter dd. 15 April 1851.

24. E.V.R.4, p. 384 Volksraadsnotule art 60. 7.6.54.

In 1850 het die Volksraad 'n kommissie op versoek van die nuwe Portugese Goewerneur DeAndrade na Delagoabaai uitgestuur. De Andrade het feitlik deur gebrek aan behoorlike administrasie in Lourenco Marques niks geweet van die ooreenkoms tussen A.H. Potgieter en die Portugese in 1844 nie. Die Volksraad was vyandiggosind teenoor Potgieter. Die kommissie wat in 1850 deur die Volksraad gestuur is, het 'n ooreenkoms aangegaan met de Andrade en artikel 7 bepaal dat die ooreenkoms tussen Potgieter en Ferreira in 1844, vernietig word. (sien hoofstuk vyf van die verhandeling)

Piet Potgieter het in 1854 'n brief aan die Portugese kommandant van Inhambane gerig en hom gevra om 'n Kommissie te stuur om handelsbetrekkinge met die Boere van Zoutpansberg te kom sluit.

Goewerneur Jacinto Henriques de Oliveira van Inhambane het hi^erop die priester Joaquim de Santa Rita Montanha en luitenant Antonio de Souza Texeira afgevaardig om na Zoutpansberg te gaan.⁽²⁵⁾ Die Portugese goewerneur het 'n brief aan die leier van die Boere gestuur. Die Kommissie het die volgende instruksies van de Oliveira ontvang: Hulle moes 'n dagboek vanaf die dag waarop hulle uit Inhambane vertrek, aanlê. Daarin moes hulle noukeurig alles aanteken wat hulle merkwaardig vind wat betref die geaardheid van die land, en sy inwoners, weë, dorpe, riviere en minerale. Hierdie geskrif moes by hulle terugkeer as verslag van hulle gedane werk aan die goewerneur voorgelê word.

Die priester Montanha en luitenant de Souza moes in oorlog met mekaar die reis beplan en probeer om hindernisse te vermy, sodat die kafferbevolking waardeur hulle moes gaan nie agterdogtig mog word nie.

Indien een van die kommissielede of altwee deur een of ander omstandigheid nie op hulle reis kon voortgaan nie, of as hulle noodgedwonge moes terugkeer, moes hulle sorg dat die draer wat die br~~o~~we van die Boere af gebring het, die reis verder voortsit.

Hulle moes onderhandel met die leier van die nedersetting in Zoutpansberg oor die beste manier om handel te drywe met Inhambane, die beste en kortste verkeersweë-

25. T.A. Skenking No. 81. Jaarverslag van die oorsese Raad. Verslag van die heenreis na, verblyf by en terugreis vanaf die Boere van die Z.A.R. in die binneland van Afrika, deur Pater Joaquim de Santa Rita Mouthana, Ridder van die orde van Christus en Kapelaan van die dorp van Inhambane.

wat nie deur streke gaan waar die venynige tsetsevlieg die diere doodmaak nie, en die kommissie moes die Boere wys op die noodsaaklikheid om die kaffers van Mannekos die nodige respek in te boesem sodat dit moontlik sou wees om ongehinderd daar deur te trek aangesien die pad via Mannekos ongetwyfeld die beste en voordeligste is omdat hy die kortste is. Mannekos moes kort gevat word aangesien hy in die velede al baie handelaars beroof het.

Die kommissie moes die "Boere-geowerneur" oortuig van die voordele wat hy uit die handel met die distrik Inhambane kon trek, wat nie alleen vir die nasionale nie, maar ook vir die buitelandse handel ocr 'n goeie seehawe, onafhanklik van Mosambiek, beskik, ~~beskik~~ het. Die Boere kon al hulle buitelandse korrespondensie ook deur Inhambane voer.

Die kommissie moes aan die Boere meedeel dat dit die goewerneur se wens is dat daar 'n verstandhouding tussen die twee moes wees, en dat hulle met mekaar op vriendskaplike wyse handel moes dryf en in mekaar se behoeftes moes voorsien, en die voordele trek wat uit 'n goed georganiseerde handel kon en moes voortvloei. Die kommissie moes dan vir die leier van die Boere, nadat hulle al die handelsvoordele tussen die twee distrikte bespreek het, 'n brief betreffende die voorgestelde opening van verkeersweë en handel met Inhambane, vr. Dit moes deur die leier van die Boere geteken en deur João Albasini vertaal word, sodat goewerneur de Oliveira nie alleenlik van daardie voordele kon kennis neem nie, maar ook dat hy die voordele aan sy hoogedele, die goewerneur-generaal van die provinsie kon meedeel. Hy het die kommissie ook die vryheid gegee om by wyse van proefneming onmiddellik 'n handelstraktaat aan te gaan.


Verder/.....

Verder het die goewerneur dit aan die kommissie oorgela t om alles te doen wat hulle dienstig geoordeel het, na gelang die omstandighede dit sou vereis.

Om tienuur die oggend van die 25 ste Mei 1855 het die kommissie van Zoutpansberg vertrek. Die geselskap het bestaan uit die priester, 'n luitenant, 'n korporaal vier soldate van die Infanterie-regiment, die inlandse kaffer Bangalasse en 'n maat (hulle was die draers van die korrespondensie wat van die nedersetting van die Boere ^egkom het), sewentien swart slave van die priester en twee van die luitenant, en 'n kraalhoofman wat alleen saamgaan om die nodige draers aan te werf om die bagasie te dra. 'n Arabiese koopman Mamoed Amod Saiboe en sy 57 kaffers het die reis gedeeltelik meegemaak.

Om kos op pad in die hande te kry, het die geselskap artikels soos krale, spieëls, ringe en materiaal saamgeneem om aan die inboorlinge te verruil. Hulle het natuurlik te voet gegaan en kon nie te veel kos saamdra nie. Die reis sou 'n hele paar weke duur en dit sou dus beter wees om maar altyd vars kos van die inboorlinge in die hande te kry. 'n Wa was vir die Portugese 'n onbekende ding. Ook was die klimaat vir perde en esels ongeskik. Daarom is maar gebruik gemaak van naturelle -draers. Daar was 'n soort van 'n voetpad wat hulle gevolg het. Hierdie roete het langs verskillende kafferstatte verby gegaan. Verder het hierdie voetpad oor berge, deur mere en riviere en deur digte bosse gelei. Dit sou later baie moeilik vir die waens van die Boere wees om hierdie te volg. Langs die pad was baie vyandige kaffers wat dikwels die handelaars beroof ~~het~~ ^{en} vermoor het. Onge-diertes soos leeus, tiers, slange, buffels en olifante was volop. Soms kon dit vir dae aaneen reent en was die reisiger dikwels onbeskut daarteen. Uit vrees vir die

ongediertes/



Hierdie kaart van James McQueen het in die Journal of the Royal Geographical Society van 1862 verskyn.

KAART om die roete wat deur die Santa Rita Montanha tussen Inhambane en Zoutpansberg in 1855 gevind is, aan te toon.

ongediertes moes die reis bedags onderneem word en dikwels in die felle sub-tropiese son wat in mens baie uitput. Dikwels het 'n reisiger nie gewoet wanneer hy by die volgende plek met water sou uitkom nie.

'n Reisiger was dus aan baie gevare en ongerief blootgestel.

Die handelaars het ter wille van veiligheid gesorg dat hulle altyd 'n klomp kaffers by hulle gehad het ingeval hulle rowers of ongediertes teëkom. Die Boere het ook later gesorg dat daar altyd 'n hele paar waens tegelyk na Inhambane gaan. Veral die gebied van Mannkos was onveilig.

Die kommissie het die eerste nag by die kafferstat van Mongo aangekom, daar kos geruil en in strooise oornag. Die volgende dag het hulle vroeg vertrek en by die hoofman Maocha se kraal uitgekom en daar onderhandel oor padkos en draers. Daar moes gedurig nuwe draers gewoef word aangesien baie oornag gedros het en hulle nie maklik in die bosse gevind kon word nie. Maocha wat eintlik onderdanigheid aan die Portugese verskuldig was, het geweier om die kommissie van die nodige draers te voorsien. Hy en 'n ander opperhoof Mogumbi is gevange geneem, en is eers losgelaat nadat die nodige draers verskaf is. Hierdie voorval het die reis 'n hele dag vertraag. Hierdie nuwe draers moes nou eers sekere seremonies deurmaak en toor-medisyne, wat hulle teen die bese geeste sou bewaak, drink.

Die geselskap het altyd voor hulle van een stat vertrek, verneem waar die volgende een was. Hulle was gelukkig om elke nag by 'n stat te kon slaap waar hulle genoeg kos kon ruil en teen wilde diere en rowers beskerm kon wees:

Op pad het hulle groot troppe wild waaronder

buffels,/.....

buffels, olifante, sebras, wildsbokke en kameelperde teëgekrom. Leeus en luiperds was volop. By die mere het hulle groot swarms voëls aangetref.

Die roete het vanaf Inhambane feitlik reg weswaarts verby die mere Nitemalle en Nitemou gelci en verder deur die gebied van Mannekos en vervolgens oor die Zoutpansberge tot in Schoemansdal.

Op die 31ste Mei het hulle deur die gebied van Mannekos gereis. Hy was astant, maar toe hy hoor dat hulle op pad na die Boere, vir wie hy respek gehad het, was, het hy geskrik en vir hulle bier gegee. Hulle het hom 'n bottel palmwyn gegee en toe was almal tevrede. Mannekos wou graag tweehonderd pikke gehad het, maar die priester het gesê dat hy niks het nie. Baie krale en materiaal is verruil vir ivoor. Hulle het vertrek en Mannekos het kaffers saangestuur om hulle die weg na die Boere te wys.

Die volgende aand het hulle by die hoofman Macondoene oornag. Hy het hulle baie gasvry ehandel. Hy het vir sy gaste die Batugue - 'n soort tango - laat dans. By die dans word ook van fluite en trommels gebruik gemaak. Alles is gedoen ter ere van die gaste. Hy het hulle voorsien van voedsel in ruil vir 'n bottel brandewyn en 'n baadjie.

So het hulle maar elke dag hulle reis voortgesit. Van die draers het baie gedros en die priester moes sukkel om plaasvervangers te kry. Gelukkig was water volop. Soms het hulle reën teëgekrom en moes baie ongerief verduur. Elke oggend het hulle vroeg vertrek en dan so teen twaalfuur 'n geskikte plek in die koelte en naby water gesoek om te rus. Hulle middagete het uit gekookte wildsvleis en rys bestaan. In die namiddag wanneer dit koeler was is die reis voortgesit.

Op 5 Julie het hulle blankes in die omgewing van Schoemansdal teëgekom. Vir die eerste keer het die priester 'n ossewa gesien. 'n Klompie Boere het hom tegemoet gery. Die volgende dag het die kommissie na 'n reis van ses weke veilig in Zoutpansberg aangekom: Hulle is baie vriendelik deur landdros Duvenhage en die Boere ontvang. Baie saldo's geweerskote, ~~en kanonskote~~ deur die artillerie van die fort is afgevuur om die besoekers te verwelkom. Die reisverhaal van Manthana gee ons 'n goeie idee van die geaardheid van die land tussen Zoutpansberg en Inhambane, asook die moontlikheid om 'n gereelde verbinding te bewerkstellig. Vandaar dat dit hier taamlik volledig behandel is.

Die Boere het vir hulle huise gegee om in tuis te gaan. Die Portugese handelaars van Schoemansdal het hulle ook kom besoek. Daar is 'n gesellige onthaal vir die geselskap gegee. Die priester was baie verbaas om die verskil in leefwyse tussen die Boere en Portugese te sien. Dit was ook sy eerste kennismaking met braanivleis, beskuut en ander Boere-geregte. Die Boere het die aand vir hulle baie vrae gevra. Die Portugese het die Boere as 'n baie vriendelike en gasvrye nasie beskrywe.

Die Kommissie het ook verneem dat kommandant ^{generaal} Piet Potgieter, wat hulle uitgenooi het om na die Boere te kom, reeds in 'n aanval teen Makapan gesneuwel het. In sy plek is ~~kommandant~~ Stephanus Schoeman op 19 Februarie 1855 as kommandant-generaal gekies. Met die aankoms van die Portugese geselskap in Zoutpansberg, was hy egter tydelik afwesig op 'n straf ~~toeg~~ tog teen Makapan. Albasini wat toe in Zoutpansberg was, het 'n brief aan Schoeman gestuur en hom laat weet van die aankoms van die Portugese, en hom gevra om terug te keer.

Intussen/.....

Intussen is die klompie Portugese gaste gulhar-
behandel. De Santa Rita Montanha het vertel dat die
geldskieters van Lissabon die Afrikaanse kolonies van
Portugal wou ontwikkel om sodoende die handel met die
Boere in die hande te kry. (x)

Toe die kommissie in Zoutpansberg aankom, het
landdros Duvenhage 'n vergadering gehou om hulle formeel
te verwelkom.

'n Brief van die Portugese kommandant da Silva
Leotte wat aan kommandant Potgieter gerig was, is aan
Landdros Duvenhage oorhandig. Albasini het die brief
vertaal en aan kommandant Schoeman gestuur en verder ook
geskrywe dat die skoonste geleentheid van die wêreld hom-
self nou aan die Boere bied om daardie veelgewensde onder-
neming om 'n deur-tog na Inhambane te vind in werking te
stel en ten uitvoer te bring. Indien Schoeman se komman-
do tot 'n spoedige einde gebring word, sou daar nog ruim
genoeg tyd wees om die kommissie voor die ongesonde sei-
soen af te stuur. Albasini skrywe verder dat hy ver-
skeie ander briewe van privaat persone uit Inhambane gehad
het, almal min of meer van dieselfde inhoud, wat hy met
Schoeman se aankoms aan hom sou gee. Voorts verklaar
Albasini dat die heer de Santa Rita Monthana hom meegedeel
het dat baie van die vernaamste kapitaliste in Portugal
besig is om 'n handelskompanjie daar op te rig en die
verskillende Portugese kolonies aan die kus te verbeter
en in 'n toestand te bring wat net so voordelig vir die
Portugese sou woes. Die Boere se onmiddellike medewerk-
ing daartoe is volstrekk nodig. As die Trekkers eers tot
'n behoorlike verstandhouding met die lastige Mannekos

x. R. 864/55. 'n Brief van Albasini aan generaal
Schoeman op 9.7.55.

kon kom, of hom uit die weg kon ruim, sou hulle spoedig 'n uitgebreide, voordelige en gelukkige handel, nie alleen met Inhambane nie, maar ook met Sofala, Manika, Senne en Tete hê. Albasini raai Schoeman aan om voor Augustus terug te keer want dan sou hulle nog twee van die beste en aangenaamste maande voor hê om na Inhambane te gaan. Gedurende daardie tyd is 'n groot gedeelte van die gras afgebrand en is daar weinig of geen vlieë nie. (26)

Tydens de Santa Rita Monthana se verblyf in die Zoutpansberg het hy belangrike inligting ingesamel omtrent die Boere met die doel om dit aan die Portugese goewerneur te verstrek. (27)

Hy het gevind dat die Boere verskillende soorte produkte soos boontjies, ertjies, koring, gars, mielies, manna ens. kweek en in staat is om die volgende goedere uit te voer: gedroogde vrugte, brandewyn, wyn, velle, ivoor, horings, seekoeitande, botter, kaas, gesaagde hout ens. Die volgende soorte vrugte word daar aangetref: perskes, vye, appels, pampelmoes, suurlemoene, soetlemoene okkerneute, amandels, kwepers, kastaings, mispels, vrugte van Indië en die kus van Afrika, appelkose, bananas, druiwe ens.

Dis onmoontlik om vas te stel hoeveel olifante die Boere geskiet het, maar hy het uitgevind dat daar 200,000 pond ivoor uitgevoer is. Die Boere gebruik ongeveer 25,000 lb. kruit, 4,000 pond lood, 5,000 pond tin, 450,000 pond koffie, 10,000 lb. suiker maar min tee jaarliks.

Verder sê de Santa Rita Monthana dat die handel van die kus of die manier van handel dryf wat in 'die hawens

26. 'n Brief van Albasini aan generaal Schoeman dd. 9 Julie 1855. R. 864/55.

27. T.A. Skenking 81. t.a.p. p.94 ---- verslag van de Santa Rita Montanha.

gevolg

word , nie heeltemal deur die Boere gevolg word nie, maar meer die Europese manier as gevolg van die feit dat hulle al sedert baie jare gewoon is om met die Engelse handel te dryf. Dit is ongetwyfeld nodig om in die handel 'n goeie naam te bewaar bv. in verband met mate en gewigte ons. en daarvoor moet in die begin een of ander ooreenkoms of traktaat aangegaan word, want dit is iets waardeur die goeie naam behou word of verlore gaan.

Om met die Trekkers handel te dryf en voortdurend die produkte van hulle land te ontvang, is dit nodig om op sekerre afstande van mekaar, sentrale poste te vestig om die opkoop van die produkte te vergemaklik, want hulle is nie almal olifantjagters nie, en nie almal is in staat om hulle produkte na die kus te bring nie - en ook om die uitvoer en invoerhandel te bevorder. Daar moet handelsposte wees op plekke vasgestel deur die regerings en behorende aan die regering en op hierdie plekke moet handelshuise of faktorye geopen word, met behulp van die regerings sodat die handelaars sekerheid het omtrent hulle koopware en goedere en op hierdie manier die afstand wat hulle van mekaar skei, verminder. Dit is nodig om aan beide kante poste te stig om op hierdie manier die afstand tussen die twee plekke wat met mekaar handerl dryf te verkort, en van beide kante gesteun deur die respektiewe regerings, sodat op die manier die kapitaal deur die publiek in hierdie onderneming gesteek, behoorlik verseker is, want sonder dit is daar reeds baie moeilikhede vir die handelaars wat hulle geld waag. (28)

Op 'n vraag van Stephanus Schoeman of die Boere vanuit Zoutpansberg met Inhamb ne mag handel dryf en direk

met die skepe self, of hulle nou aan Portugese behoort of nie, het die kommissie gesê dat hulle dink dat dit wel sou kon gebeur. Verder het die Kommissie gesê dat ingeval die kaffers van Mannekos of enigeen van die opperhoofde moeilikheid mag veroorsaak, die Portugese die Boere sou help in die stryd.

Onderwyl die kommissie nog in Schoemansdal was, het die kommandant Jacinto Henriques de Oliveira 'n boodskap aan die hoof van die Boerenedersetting gestuur en gesê dat die Boere op hom kon reken as 'n vriend. (29)

Kort hierna het 'n ander kommandant da Silva Leotte vir de 'Oliveira opgevolg en aan Kommandant-Generaal Piet Potgieter geskrywe (hy het waarskynlik toe nog nie van die dood van Piet Potgieter geweet nie,) en gesê dat die goewerneur-generaal van Mosambiek hom geoutoriseer het om met die Hollandse kolonie te onderhandel omtrent 'n kommersiële en vriendskaplike verstandhouding met die Portugese. Hy sê dat hy hom dit ten doel gaan stel om die onderhandelings tussen die Boere en die Portugese te laat slaag. Die Trekkers sou die reg hê om self winkels of pakhuisse binne die Portugese gebied te bou. Dit is ook sy wens dat die Boere net soos ander nasies met die Portugese Goewerment in vriendskap sou verkeer. Ten slotte versoek hy die Boere om gevolmagigde persone na Inhambane te stuur om die onderhandelinge tot stand te bring. (29)

Landdros Duvenhage het, aangesien Schoeman nog steeds weg was, op hierdie brief geantwoord en die goewerneur onder andere meegedeel dat "het de stellinge inten-

-
29. R. 941/55 D'Oliveira aan die Santa Rita ~~Monthana~~.
(vertaling deur Albasini)
30. S.S.R. 997/56 Brief van Antonio da Silva Leotte
aan kommandant-generaal Piet Potgieter, Inham-
bane, dd. 21 Nov. 55.

sie/.....

sie van onze hooft is om met een sterke wagt, op den lste Juny aanstaande in persoon naar U Wel Ed. Aftereisen de veel gewenschte onderhandeling met U Wel Ed. tot een stand te bringen welke ik geen twyfel het ons wederzydsche genoeg zal toebrenge." (30-

X Die vriendskaplike verhouding wat daar nou tussen die Portugese en Boere ontstaan het, het ten gevolge gehad dat die vyandige kafferstamme soos bv. Mannekos, begin skrik het, want hulle het gedink dat die twee blanke rasse saam teen hulle wou optree. Die gevolg was dat hierdie stamme hulle in die vervolg baie goed gedra het. (32)

Die Portugese kommissie, vergesel van twee Boere, het in Augustus 1856 weer veilig in Inhambane aangeland. Die Goewerneur het die Boere baie vriendelik behandel.

Op 14 Oktober 1856 skrywe Stefanus Schoeman aan President M.W. Pretorius en deel hom mee dat die kommissie wat laat in Junie na Inhambane vertrek het, op 6 Oktober weer veilig teruggekeer het. Hulle het 'n kommando asook kloppe kaffers van Mannekos ontmoet, maar is nie deur hulle gehinder of gemolesteer nie. Die Portugese het die Boere met die grootste blyke van vriendelikheid ontvang, en alles gedoen om die tyd van een maand aangenaam te maak. Die goewerneur het aan hulle selfs volken militêre wag tot in Zoutpansberg gegee, en is allenig nog dat:

"eene behoorlyke verstandhouding en handel tusschen ons

-
31. S.S.R. 941/55. Brief van Duvenhage aan Antonio da Silva Leotte, dd. 6 Maart 1856.
32. R. 997/56. Brief van landdros Duvenhage aan kommandant Schoeman, dd. 6 Maart 1856.

sal/.....

sal daargestelt worden, waartoe zyne Excell. alle gemak, assistentie en bescherming aanbied." (33)

x Die handel tussen Zoutpansberg en Inhambane het winnig toegeneem en tot 'n bloei gekom, maar ongelukkig het die kaffers in die omgewing van Schoemansdal die blankes begin aanval en die handel baie gestrem.

In 1858 het die eer João Albasini te beurt geval dat die goewerneur-generaal van Mosambiek hom die betrekking van vise-konsul van Portugal in die Suid-Afrikaanse Republiek aangebied het. (24) Albasini het hierdie betrekking aanvaar en alles in sy vermoë gedoen om die Portugese regering van Mosambiek op hoogte van die politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande in die Republiek te hou.

Aangesien daar nou 'n vise-konsul van die Portugese in die Zoutpansberg was, is daar 'n posdicens tussen Delagoabaai en Goedewensch, die plaas van Albasini in die Zoutpansberg, ingestel. Die pos is elke ~~maand~~ deur 'n Portugese soldaat vervoer. Aan die Boereregering is 'n uitnodiging gerig om daarvan gebruik te maak, sodat die geleentheid nou geskep was vir wedersydse onderhandelinge. (35)

Albasini het 'n groot invloed onder naturelle gehad en daarom is hy aangestel as Superintendent van Naturelle in Zoutpansberg.

-
33. R. 1216-56. Brief van Stefanus Schoeman aan M. Pretorius. dd. 14 Oktober 1856.
34. R. 2969/59 J. Tavanés D'Almeida aan N. W. Pretorius. dd. 14 Oktober. 1856.
35. 'n Artikel van J. B. De Vaal oor João Albasini in "Die Huisgenoot," van 18 Junie 1948.

Tot/.....

Tot Tot aan die begin van 1860 het sake baie goed in Zoutpansberg verloop. President M.W. Pretorius het toe hy in 1859 'n besoek aan hierdie gebied gebring het, Schoemansdat groot lof toegeswaai.⁽³⁶⁾ Die plek was 'n middelpunt van invoerhandel. Ook op die gebied van veeteelt en landbou was goeie vordering gemaak.

In 1867 het die kaffers Schoemansdal geplunder en die verbinding met die Portugese is finaal afgesny.

Daar is twee redes waarom Schoemansdal ten onder gegaan het, Daar was in die eerste plek die stryd ~~die stryd~~ op konstitusionele gebied:

In 1855 het die bestaande Volksraad op voorstel van M. W. Pretorius 'n komitee benoem om 'n behoorlike grondwet vir die Republiek in plaas van die uitgediende Drie-en-dertig artikels op te stel.⁽³⁷⁾ In 1856 is die konsep deur die Volksraad bekragtig. Daar sou 24 lede, gekies deur die mondige burgers van die Staat, wees.⁽³⁸⁾ Die uitvoerende gesag sou bestaan uit 'n ~~predikant~~ **president** wat direk deur die Volk vir vyf jaar verkies word en 'n Uitvoerende Raad van vier lede: die Kommandant-Generaal, die Goewerment-Sekretaris, en twee lede deur die Volksraad benoem. Die uitvoerende gesag was dus nie aan die Volksraad nie maar aan die Volk deur middel van die President verantwoordelik. Vir die regspiegling is voorsiening gemaak vir die verkiesing van alle ampsdraers en die beginsel van gelykstelling in

)))

36. R. 3148/59.

37. T.A. E.V.R. 4 Volksraadnotule 10 September 1855
Artikels 68.

38. T.A. E. V.R.S. Volksraad-notule, Rustenburg
4 Maart 1856 Artikels 4 en 48.

Kerk en Staat is vërwerp.

In Januarie 1857 is M.W. Pretorius as die eerste staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek uitgeroep, ⁽³⁹⁾ Stephanus Schoeman tot Kommandant-Generaal en die nuwe vlag van die Republiek- Die Vierkleur- die eerste keer gehys. Schoeman wou egter nie die hoër gesag van Pretorius erken nie en Lydenburg het nog verder gegaan deur heeltemaal af te skei. Intussen is die persoonlike, politieke en konstitusionele kwessies deur 'n warm kerkstryd aangevul.

Die samewerking het 'n bietjie gevorder toe Utrecht in Mei 1858 met Lydenburg verenig het en Zoutpansberg in 1858 by die Suid-Afrikaanse Republiek ^{het} ge-almalgameer sodat daar nou 'n verenigde Republiek noord van die Vaalrivier, met Pretoria as die nuwe hoofstad, tot stand gekom het. ⁽⁴⁰⁾

Die samewerking was egter van korte duur. In 1859 is M.W. Pretorius tydens 'n besoek aan die Vrystaat gekies as president van daardie Republiek. Pretorius het die aanstelling aangeneem want hy het nog die ideaal gekoester om die Transvaal en die Vrystaat te verenig, en daar sy berugte Renosterrivier inval misluk het, het Pretorius probeer om die Unifikasie langs vreedsame weg te verkry. Die Lydenburgse verteenwoordigers wat die meerderheid in die Volksraad gevorm het en daarby ook teen Pretorius gekant was, het dit sover gedryf dat Pretorius as president van die Suid-Afrikaanse Republiek geskors is.

Hiermee het die jarelange partystryd tot 'n

⁽³⁹⁾. F.A.F. Wichmann P. 175 (Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek)

⁽⁴⁰⁾. F.A.F. Wichmann: t.a.p. p. 232.

openlike burgeroorlog ontwikkel wat, behalwe vir kort onderbrekings, feitlik tot aan die begin van 1864 geduur het. In hierdie oorlog is daar minder geskiet en meer rusie gemaak. In die afwesigheid van M.W. Pretorius het dit afgespeel tussen die Volksraad aan die een kant en Stephanus Schoeman met die Potchefstromers aan die ander kant, en later nadat Pretorius sy amp in die Vrystaat neergelê het, het dit verder ontwikkel tot 'n stryd tussen Paul Kruger wat met sy "staatsleger" die Volksraad probeer beskerm het en Jan Viljoen van Marico met sy "Volksleger," wat Stephanus Schoeman se verbanning uit die Republiek wou wreek en die Volksraad wou uiteenjaag. Naby die teenswoordige Brits het dit tot 'n warm skermutseling gelei, waarin broederbloed gevloei het. Op hierdie stadium het M. W. Pretorius tussenbei getree. Die partye het vrede gesluit, die wapens neergelê en 'n nuwe verkiesing gehou, waarin M.W. Pretorius en Paul Kruger tot President en Kommandant-Generaal onderskeidelik verkies is. Die jarelange partytwis en burgeroorlog het die ontwikkeling van die Republiek, veral op ekonomiese gebied, geweldig gestrem. Die naturelle se getwis onder mekaar het intussen tot 'n draigende gemeenskaplike gevaar ontwikkel.

Deur hierdie stryd wat daar aan die gang was, is die onderhandelinge met die Portugese baie gestrem en is daar hoegenaamd niks gedoen in die belang van die verafgeleë Schoemansdal nie. Daar is egter ook 'n ander rede waarom hierdie dorp ten onder gegaan het. Die distrik het in 'n toestand van oorlog met die Venda geraak. Albasini se aanhang het uit onderkapteins met hulle aanhangers wat in onguns by hulle kapteins geraak het, bestaan. Hulle het beskerming by Albasini kom soek. In 1864 is Ramabalana, die grootkaptein van die

Venda oorlede. Makhado en Davhana, twee van sy seuns het gestry oor wie sy plek sou inneem. Makhando het sy broer verdryf, wat toe na Albasini vlug, en deur die S.A.R. berkerm word. Makhado het die uitloewering van sy broer geëis en toe Albasini hom nie wou gee nie, het hy 'n vyand van die blankes geword.

Mannekos is in 1858 dood. Sy seun Langapoema het sy plek geneem. Die kafferstamme wat beskerming by die blankes gekry het is deur hom lastig geval. Ook die lewe van die blankes is bedreig.⁽⁴¹⁾ Ook die Portugese handelaars is deur hierdie kaptein aangeval en van hulle ware beroof en vermoor. Die verbinding tussen die Boere en die Portugese is deur die lastige Langapoema afgesny. Wanneer die olifantjagters op jag was, ^{is hulle aangeval deur} is hierdie kaptein se onderdane. Van die Boere se kant is getrag om in samewerking met die Portugese, Langapoema op sy plek te sit.⁽⁴²⁾ Die Portugese wou graag help en het gesê dat hulle 'n gewapende mag sou stuur.⁽⁴³⁾

Umzila, 'n broer van Langapoema wou graag sy broer verdryf en kaptein word. Hy het na die Portugese gegaan om hulp. Die Portugese goewerneur D'Andrade het hom en sy aanhangers gewere en ammunisie gegee. Umzila het sy broer verdryf en die Portugese het nou nie meer las van Langapoema gehad nie. Dit was nou ook nie meer vir hulle nodig om 'n gewapende mag te stuur om die Boere te help nie.

Die moeilikheid met die naturelle het egter maar voortgeduur. Die Schoemansdallers het hulle naturelleskuts te veel vertrou. In die begin het die

41. R. 3405/58 Stephanus Schoeman aan M.W. Pretorius dd. 6 November 1858.

42. R. 4325/61 Albasini aan Stephanus Schoeman dd. 30 Maart 1861.

43. R. 4617/61 Albasini aan S. Schoeman dd. 4 September

Boere die naturelle-olifantjagters jagveld toe vergesel maar later het hulle die kaffers alleen met hulle gewoers uitgestuur.⁽⁴⁴⁾ Op die manier het die kaffers in besit gekom van ongeveer 200 gewere en het gewoer om dit af te gee.

Die Zoutpansbergers was te min om die Venda-stamme in toom te hou. Die stamme het hulle skuil gehou in die berge en was moeilik bereikbaar. Die plaasboere moes in 1865 laers trek. Die dorpsbewoners het 'n skans gebou. Ook Albasini het op sy plaas Godewensch hom onveilig gevoel en 'n skans gebou en 'n aantal blanke families daar beskerm.

Paul Kruger het opgedaag met 400 man en saam met die Schoemansdallers 'n Vendahef Katse-Katse in die steil kranse naby Schoemansdal aangeval. Die Boere se ammunisie het opgeraak. Op 15 Julie 1867 moes Schoemansdal ontruim word. Die inwoners van Schoemansdal het nou by Marabastad, tagtig myl suidwaarts gaan woon. Al die mooi bawerkte plase het die prooi van die barbare geword.

Die Schoemansdallers was bitter teleurgesteld omdat die S.A. Republiek hulle nie kragdadig kon help het nie, en wou selfs hê dat Zoutpansberg 'n Portugese kolonie moes word.⁽⁴⁵⁾ Die ontruiming van Schoemansdal het ook die einde van die onderhandelinge tussen die Portugese en Zoutpansberg beteken.

-
44. 'n Artikel in "Die Huisgenoot" van 18 Junie 51 van de Vaat, oor João Albasini.
45. R. 494/71 Landdros Mare aan Regering, dd. 20 April 1871.

HOOFSTUK V.

DIE VERDRAG VAN 1850.

Gelyktydig met die pogings wat deur Potgieter in die vyftiger jare vanuit Zoutpansberg aangewend is, het ook die leiers van die Boere in Oos-Transvaal nie stilgesit nie, maar alles in hulle vermoë gedoen om op 'n goeie voet met die Portugese van Delagoabaai te geraak. Potgieter en die Volksraad kon maar nie stryk nie en terwyl hulle in 'n stryd gewikkeld was, is groot nadeel berokken aan die saak met die oog waarop die nedersetting gestig is. Die Trekkers en hulle blanke bure kon deur die onderlinge stryd tussen die Boere nie tot 'n spoedige en suksesvolle ooreenkoms met die Portugese geraak nie want hulle kon nie as 'n eenheid optree nie. Nadat Potgieter egter na Zoutpansberg verhuis het, was die twis tussen hom en die Volksraad feitlik beëindig en kon laasgenoemde weer sonder inmenging van Potgieter met die Portugese onder-handel.

Op 10 Februarie 1847 het die Volksraad te Ohrigstad, 'n brief aan de Zilveira, die goewerneur van Lourenco Marques, geskrywe waarin hy hom in kennis stel dat 'n sterk kommissie deur die land van Mannekos na die Baai sou gestuur word. Die pad wat gevolg sou word, ~~so~~ word in die brief geskrywe, is vry van tsetsevlies. Die kaffers langs die pad sou nie aangeval word nie maar die kommissie sou hulself verdedig indien hulle aangeval word. (1)

Die heer J. van Rensbug is aangestel as kommandant van die kommissie wat op 12 Julie sou vertrek.

1. Voortrekker-Argiefstukke p.256 10 Februarie 1847.
Brief van Volksraad aan de Zilveira.

Van/.....

Van Rensburg moes soveel Kaffers oproep as wat hy nodig sou hê.⁽²⁾ Die kommissie het alles in gereedheid gebring. Die waens is gelaai en op 12 Julie het die swepe geklap en het die tog begin. Die Kafferopperhoof Saradie, het egter die geselskap opsetlik in 'n strek waar giftige vlied was, ingelei. Saradie moes as skadevergoeding twintig olifantstande betaal.⁽³⁾ Die kommissie het as gevolg van die verlies van hulle trekvee deur tsetsevlied maar weer teruggekeer.

Intussen het die Nederlandse koopman Smellekamp, wat hom so baie beywer het vir die welvaart van die Emigrante alles in sy vermoë gedoen om Nederlandse handelaars te beweeg om weer 'n handelskip na die Trekkers te stuur. Die handelaars het egter vir hom gesê dat die vorige pogings op 'n finansiële verlies uitge-loop het en hulle was dus nie gretig om weer 'n skip met handelware uit te rus en na die Ooskus te stuur nie. Smellekamp het sy nood by professor Lauts geklae. Laasgenoemde het ook met die Boere gesimpatiseer en hy wou graag 'n geestelike-sowel as 'n handelsverbinding tussen hulle en Nederland bewerkstellig. Smellekamp het vir hom gesê dat die handelaars te gou moed opgee en dat as hulle volhard, hulle sukses sou behaal. Die Trekkers het eintlik op sy aanbeveling met groot ontberings na Ohrigstad verhuis net om vir handelsdoeleindes nader aan die Baai te wees. Aangesien die Nederlanders nie verder moeite wou doen om die emigrante te help nie, voel hy hom nou moreel verplig om Portugal te probeer oorhaal om handelsbetrekkinge met die Trek-

2.V.R.B. 22 Junie 1847. Arts.2 en 4 (Volksraad se besluit)

3. V.R.B. 16 Desember 1847 Arts. 2,3 en 4.

kers aan te knoop.⁽⁴⁾

In September 1846 het Smellekamp 'n brief vanuit Portugal aan die Volksraad geskrywe en berig dat hy met die Portugese regering samesprekings gevoer het en dat hulle begerig is om met die Boere handel te drywe. Hy hoop dat 'n gevolmagtigde afgevaardigde van die koningin van Portugal hom sou vergesel wanneer hy teen April van die volgende jaar na Lourenco Marquês vertrek ten einde 'n handelsverdrag met die Boere te sluit. Die Portugese regering het hom ook verseker dat hy die goewerneur-generaal van Mosambiek en die goewerneurs van Inhambane opdrag sou gee om alles in hulle vermoë te doen om die Boere behulpsaam te wees. Smellekamp sou ook probeer om predikante en onderwysers saam te bring.⁽⁵⁾ Die Boere het nou beter moed gehad en die vooruitsigte was rooskleuriger. Hulle het geduldig op Smellekamp se koms gewag.

Die Portugese goewerneur deZilveira het die Volksraad se brief van 10 Februarie 1847 eers op 24 Januarie 1848 beantwoord. Hy skrywe dat hy begerig is dat die Boere met die Portugese moes handel drywe, maar dat dit hom baie teleurstel om te verneem dat Britse onderdane in die Boere se gebied handel drywe en dat Britse goedere deur die Trekkers ingevoer word. De Zilveira skrywe verder dat hy verneem het dat die Boere olifante in die Portugese gebied skiet, en dan die tande aan die Engelse smouse verkoop. So 'n handelswyse is nie tot voordeel van die Portugese nie, en sou nie gelanger geduld word nie. Die Boere word verder daar-

-
4. Lauts kolleksie, No. 3 Brief van Smellekamp aan prof. Lauts. dd. 21 Julie 1846.
 5. Vr. 21/46. Brief uit Lissabon van Smellekamp aan Volksraad. dd. 9 September 1846.

van beskuldig dat hulle stil en rustige kafferetamme wat onderdane van die Portugese is, aanval, klaarblyklik met die doel om olifantstande van hulle af te neem. Die goewerneur verklaar voorts dat hierdie handelswyse van die Boere strydig is met die ooreenkoms wat tussen A.H. Potgieter en die Portugese goewerneur Ferreira, in Julie 1844 gemaak is. Die Boere het destyds begeer om hulle agter die Portugese hawens te vestig en het belowe om alleenlik met die Portugese handel te drywe, De Zilveira sluit sy brief af deur die hoop uit te spreek dat die Boere hulle nie meer sou skuldig maak aan hulle vorige handelswyse nie. (6)

In Februarie 1848 het die Volksraad die Zilveira se brief beantwoord en gesê dat alles waarvan die goewerneur hulle beskuldig, infame leuens is, wat deur 'n vyand van die Boere aan hom vertel is. Die Trekkers het nog altyd getrag om die ooreenkoms van 1844 met goewerneur Ferreira stiptelik na te kom. Op die mees vreedsame wyse is met die binnelandse naturelle-stamme gehandel. Na aanleiding van die aanklag dat die Boere met die Britte handel drywe, verklaar die Volksraad in die brief:

"en niets meer wenschen wy dan een handel geopend te zien tusschen hier en Delagoa Baay. Het Brits gouverment hebben wy verlaten en wenscht opregtelyk nimmer onder de verpligting te geraken cenig bemoeiing nog met dat Gouvernement nog met Britse handelaren te hebben."

Die Volksraad is van plan, meld die brief verder, om in die winter van 1848 'n kommissie na die

6. VR. 42/48 'n Brief van die Portugese goewerneur de Zilveira op 24 Januarie 1848 aan die Volksraad. Die brief is vertaal deur Albasini.

Baai toe te stuur.⁽⁷⁾

De Zilveira is egter aan die begin van 1848 opgevolg deur 'n nuwe goewerneur nl. Eduardo Pinheiro. Ook laasgenoemde het die Boere in kennis gestel dat hy graag handelsbetrekking met hulle wou aanknoop. Hy het 'n vriendelike brief aan die Boere geskrywe en die toekoms het rooskleuriger vir hulle gelyk.⁽⁸⁾

Die Volksraad het dadelik teruggeskrywe en gesê dat hulle hoop om in hom 'n man te vind wat belang stel in die welvaart van die Boere, en dat die handel deur sy medewerking bevorder mag word:

"waardoor een duurzaam bestaan voor de Emigranten uit kan geboren worden."

Vir 'n gesonde handel, so skrywe hulle verder, is 'n gesonde en geskikte pad na die Baai 'n vereiste, daarom is hulle van plan om 'n kommissie op 20 Junie 1848 uit te stuur om eers 'n tsetsevlies-vrye pad deur die gebied van Mannekos te probeer vind. Die vorige goewerneur de Zilveira het hulle reeds die toestemming daartoe gegee. Die Volksraad skrywe voorts dat Smel-
lekamp in belang van die Boere met die Lissabonse regering sou onderhandel en versoek die goewerneur om hulle dadelik in kennis te stel as hy in die Baai aankom. Die Volksraad vra voorts of die Portugese die Boere van wapens en ammunisie kon voorsien ingeval die natuurlike op die pad teenstand bied.⁽⁹⁾

Aangesien die Portugese self gedurigdeur met vyandige kafferstamme te doen gehad het, en dus self

-
7. VR. 42/48 'n Brief van die Volksraad aan de Zilveira dd. Februarie 1848.
 8. R. 1279/57, ad. No. 26. Pinheiro aan Volksraad.
 9. VR. 50a/48 Volksraad aan Pinheiro dd. 12 Mei 1848.

in /.....

in 'n haglike posisie verkeer het, het goewerneur Pinheiro niks laat weet omtrent militêre hulp aan die Trekkers nie, maar hy skrywe dat die Boere in Junie of Julie na die Baai moes kom, want dan is hy skepe te wagte.⁽¹⁰⁾ Hy maak geen melding van Smeltekamp nie.

João Albasini het hom gedurig beywer om goeie betrekkinge tussen die Boere en Portugese aan te knoop.⁽¹¹⁾ Hy was 'n Portugese handelaar wat goed bevriend was met die naturelle-stamme. Soos in die verlede het die Trekkers nog steeds gesoek na 'n pad, nie alleen vry van tsetsevlieë nie, maar ook van vyandelike naturelle. In 1848 het Albasini as gevolg van die groot invloed wat hy onder die naturelle gehad het, van die vyandige opperhoof Mannekos, verlot gekry dat die Boere ongehinderd deur sy gebied na Delagoabaai kon gaan. Tot dusver was Mannekos onwillig om die Trekkers in sy gebied toe te laat omdat hulle bang was dat hulle sy beeste en vroue sou afneem. Albasini het hom egter laat verstaan dat die Boere hulle eie vroue het, en dat dit net die Portugese is wat meide neem. Daarna het dit beter gegaan.

Ook 'n moontlike verbinding na Inhambane het die aandag van die Volksraad geniet, net soos die geval met die Zoutpansbergers was. Op 'n Volksraadsvergadering te Ohrigstad is op 20 Junie 1848 besluit om ook 'n kommissie na Inhambane, en wel op 5 Julie, te stuur. Die Kommissie sou uit J. de Clerq, J. Grobler, D. Joubert, C. Potgieter, J.H. Grobler, J. Buger en Kruger bestaan en hulle sou probeer

om alles te doen het geen te doen is tot beswil van land en volk."

-
10. R. 1279/57ad No. 25 Pinheiro aan Volksraad dd. 12 Mei 1848 Die goewerneur het hierdie brief gegeskrywe nog voor hy die een van die Volksraad ontvang het.
11. De Vaal: 'n Artikel in "Die Huisgenoot", oor Albasini 18 Junie 1948.

Die kommissie kry ook opdrag om deur middel van vredes-
 onderhandelinge met die naturelle op pad na Inhambane
 'n veilige deurgang te verseker.

„Verder onderhandelinge aan te gaan met den Portugess-
 chen gouverneur van Jambane omtrend de handel en grond-
 en ter woonder Emigranten en om posetief last te ver-
 leenen aan een of ander persoon om een gereformeerd
 predikant voor ons te ontbieden.“⁽¹²⁾

X Die kommissie het nie daarin geslaag om In-
 hambane te bereik nie, maar beweer dat hulle twee moont-
 like weë na Delagoabaai ontdek het.⁽¹³⁾

Intussen het die Emigrante na Smellek~~amp~~ se
 koms begin uitsien. In September 1847 het hy 'n
 brief uit Nederland aan die Volksraad gerig en hulle mee-
 gedeel dat sy onderhandelings met die Portugese regering,
 as gevolg van die uitbreek van 'n burgeroorlog in Por-
 tugal, misluk het. Hy en professor Lauts het hulle toe
 weer beywer om in Nederland 'n maatskappy tot stand
 te bring om met die Emigrante handel te drywe. Hier-
 die onderneming was bekend as die „Holandsche Maatschap-
 py“, waarvan die vermaamste direkteure A. Hoogendyk,
 J.C. Knecht, en P. van Gyn was. Dit het nie so maklik
 gegaan om hulle te bewoog om tot so 'n stap oor te gaan
 nie, aangesien die „Brazilië“ kort te vore uitgestuur
 was en die onderneming op 'n finansiële verlies uitge-
 loop het. Smellekamp spreek sy hoop uit dat die Boere
 sou sorg dat die volgende onderneming 'n groot sukses

12. V.R.B. art. 2, 20 Junie 1848.

13. Dr. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van de Ned.
 Hervormde kerk in S.A. Dl. I bylaag VIII p XVI.

Ook: Vr 53/48. Brief van Smellekamp aan die kom-
 missie op weg na Inhambane, dd. 5 Augustus 1848.
 Dit is nie duidelik hoe hulle twee weë na Lou-
 renco Marques vind, terwyl hulle 'n weg na Inham-
 bane gesoek het nie. Waarlangs die twee paaie
 geloop het word ook nie meegedeel nie.

sou wees, anders kon hulle nie verdere hulp uit Nederland verwag nie. Hy verwag om in Maart 1848 met die skip, die „Animo“ in Delagoabaai aan te land, en versoek die Boere om soveel ivoor, huide en wol na die Baai te neem sodat die skip so gou moontlik met 'n vol vrag na Nederland kon terugkeer. Indien dit gebeur kon die Boere in die toekomst reken op 'n gereelde handels- en sedelike verbinding met die ou Vaderland. (14)

Smellekamp het die daad by die woord gevoeg en op die bestemde tyd in die Baai anker gegooi. Die Animo was met goedere wat die Boere vir hulle nedersetting nodig gehad het, belaaie.

Albasini en 'n sekere Combrink was juis met die koms van Smellekamp ook in die Baai. Hulle het van Oos-Transvaal gekom sonder die verlies van 'n enkele trekdier. Albasini het dus die verklaring wat hy aan die Volksraad gemaak het, dat hy 'n tsetsevlieg-vrye pad na die Baai ken, bewys. Hy het gesê dat slegs 'n kort afstand met tsetsevlieë besmet is, en dat daar die afstand gedurende die nag afgery moes word. (15)

Smellekamp het vir Albasini en Combrink versoek om dadelik die Boere in Oos-Transvaal te verwittig dat hy in die Baai is en om hulle produkte te bring om te verhandel. A.H. Potgieter het reeds al verhuis na Zoutpansberg, maar Burger en Carolus Trichardt het na Delagoabaai gegaan. Smellekamp het vir hulle weer verduidelik dat hy niks met die Lissabonse regering uitgevoer het nie, aangesien daar 'n burgeroorlog in Portugal aan die gang was. Die sukses van die handel

14. V.R. 30/47. Smellekamp van Volksraad, dd. 20 September 1847.

15. De Vaal: „Die Huisgenoot,“ 18 Junie 1948.

met Holland sou daarvan afhang of die Boere in staat sou wees om genoeg produkte te verskaf om 'n skip vol te laai en al die handelsartikels op die skip te koop. Daarvoor moes die Boere ten minste 'n goeie en tsetse-vlieg-vrye pad na die baai hê. Die handelonderneming moes ook in vervolg onder Portugese vlag geskied aangesien vreemde skepe allerlei swarighede in die weg gelê is.

Die „Animo“ het vroeg in Augustus 1848 na Nederland teruggekeer. Die onderneming was weer 'n mislukking, want die pryse van die Hollandse handelsartikels was baie hoog. Die Boere het nie geld gehad om al die handelsware van die skip te koop nie en baie artikels is toe weer na Nederland teruggeneem. Die Emigrante het ook nie genoeg produkte na die Baai geneem om die skip vol te laai nie.⁽¹⁶⁾ Die uitstuur van die „Animo“ het dus 'n geldelike verlies vir die Hollandse Maatskappy beteken. Smellenkamp het nog nie tou op gegooi nie. Hy het hom voortdurend beywer om die Boere te help. 'n Aantal Hollanders onder andere J.C.J. Knecht, P. Pynappel, M. Weimar ten Cate, die gebroeders Heemkerk en Professor Lauts het daarin geslaag om 'n maatskappy te vorm. Hierdie keer is 'n skip die „Vasco da Gama“ geskoop en met handelsartikels belaaï.

In Desember 1850 het die skip na Suid-Afrika vertrek.⁽¹⁷⁾ Die „Vasco da Gama“ het 'n groot ophou deur ongenstige klimaatsonstandighede gehad en op 'n later datum in Delagoabaai gekom as wat die Boere gereken het. Op 15 Mei het elf waens met allerhande produkte belaaï na Delagoabaai vertrek om die skip se koms in te wag. Smellekamp het die Trekkers blaas weet dat die

16. Stuart: „De Hollandsche Afrikanen,“ pp. 191-192.

17. T.A. Lauts Kolleksie No. 76.

„Vasco da Gama“ teen die einde van Mei 1851 in die
(18)
hawe sou wees. Wekelank het die Boere tevergeefs op
Smellekamp gewag. Terwyl hulle gewag het, het 'n siekte
onder die beeste uitgebreek en 100 het gevrek. Die Boere
het moedeloos op 25 Julie na Transvaal teruggekeer.
Hulle was skaars weg of die „Vasco da Gama“ seil die
Baai binne. Smellekamp het die Volksraad versoek om
weer 'n aantal waens met produkte te stuur, maar aange-
sien die Boere in 'n toestand van armoede verkeer het,
kon hulle onmoontlik nie weer so gou 'n nuwe ekspedisie
uitrus nie. Die Boere is egter deur die Volksraad
aangespoor om hulle produkte na die Baai te neem. 'n
Kommissie is afgevaardig om met Smellekamp te gaan on-
derhandel. Veertig waens sou die produkte vervoer en
die handelsartikels in die Baai gaan haal. (19) Toe die
ekspedisie in die Baai kom, was Smellekamp en die
„Vasco da Gama“ reeds weg!

Die redes vir die mislukking van 'n handels-
verbinding met Nederland kan aan die volgende faktore
toegeskrywe word. Daar was nie behoorlike Paaie tussen
Lourenco Marques en die Transvaal nie en dit was dus
moeilik om per ossewa die Baai te bereik. Die tse-
tsevlieg was gedurende die somer baie venynig en die
Boere kon alleen in die winter na Delagojabai gaan.
Die posverkeer tussen Nederland en Transvaal was onseker
en gevolglik kon die Boere nooit met sekerheid weet wan-
neer 'n Hollandse skip die hawe sou aandoen nie. Die
Portugese in die Baai wou graag die handel met die
Trekke in die hande kry en het hulle bes gedoen om die

18. E.V.R. 105, Vr. 98/50, Smellekamp aan Volksraad,
dd. 3 April 1850.

19. E.V.R. 3, pp. 167-180. Volksraadsbesluit,
2 September 1851.

Hollanders in die wiele te ry. Nog 'n rede waarom die handelsverbinding tussen die Hollanders en Boere nie plaasgevind het nie, was omdat Nederland in daardie tyd wrywing met sterker moonshede wou vermy. Teenoor die veel magtiger Engeland sou hy alles in sy vermoë doen om hom vriendskaplik voor te doen. Die Engelse regering het blankal geweet dat die Voortrekkers hulle naby die Portugese hawes gevestig het met die doel om ammunisie, klerasie en kruideniersware van hulle te verkry.

J.C. Chase het baie belanggestel in die Engelse handel en hy was bevrees dat die Britse handel baie skade sou ly as die Voortrekkers hulle naby Lourenco Marques en Inhambane vestig. Die Koerant „De Natalier“ het in 1845 geskrywe:

„in the meantime, the Dutch Handelsmaatskchappy and the Governor of Delagoa, are acting with more Vigour. They have lang since come to a perfect understanding with our farmers, and nothing is wanting, but that a profitable trade, or one from which some little support may be derived, be established between them, and Port Natal will soon not require a collector of Customs.“⁽²⁰⁾

Die Engelse het die handelsbetrekking tussen die Voortrekkers en Portugese en Hollanders fyn dopgehou. Majoor Smith het die Britse regering gedurig hieromtrent ingelig.⁽²¹⁾ Ook is persone wat deur die Transvaal gereis het, ondervra. Die betrekkinge is ook in die Kaapse doeane kantoor ondersoek. Die Kaptein van die „Animo“ is gevra hoeveel buskruit hy in Delagoabaai afgelaai het, of hy doeanebelasting daarop betaal het en

20. „De Natalier,“ 4 Julie 1845. Aangehaal by C.F.J. Muller: Die Britse owerheid en die Groot Trek. p. 163.

21. Bird: Annals of Natal II p. 247.

hy moes ook vermeld of hy klerasie en kruideniersware daar vir die Boere afgelaai het. Selfs in Nederland is ondersoek ingestel in hoeverre hulle die Trekkers ondersteun. Op versoek van die Engelse het Nederland, wat destyds maar skrikkerig vir Brittanje was, besluit dat hy geen ammunisië en wapens uit enige Nederlandse hawe vir die Trekkers sou laat uitvoer nie. (22) Vraglyste van Nederlandse skepe wat na Delagoabaai sou vertrek, is eers aan die Britse gesant in Nederland voorgelê. Die Nederlandse regering het die Engelse gesant in Den Haag verseker dat hy hom glad nie met Smellekamp se optrede veereenselwig nie, dat hy hom sou beywer om Nederlandse onderdane van inmenging met die Trekkers te weerhou, Eers toe die Engelse besef dat daar geen paaie tussen Delagoabaai en Transvaal was nie en dat die tsetsevlieg noodlottig vir die trekosse was, het die Engeland meer gerus gevoel.

X Die handel tussen die Nederlanders en Boere wou nie vlot nie, gevolglik het die Trekkers nou begerig geword om direk met die Portugese handel te drywe. en wat eers 'n middel tot 'n doel was, het nou self die doel geword.

Weereens is aandag aan die pad gegee.

Die Volksraad het aan Willem Neethling opdrag gegee om die gebied van ^{die} Treurrivier te ondersoek „om daardoor een nadre weg te vinden so wel na Delagoa als Inhambane dat grotendeels tot betere bestaanbaarheid voor het algemeen kan verstreken om de handel te verbeteren dat eene der noodzakelykste vereistens voor ons zjn.“ (23)

(22) C.F.J. Muller: Die Britse owerheid en die Groot Trek. p. 164.

23. EVR 2, pp. 179-182. Besluit van die Volksraad, 8 Maart 1849.

Neethling het sy opdrag uitgevoer en die Volksraad het op 16 Oktober 1850 op aanbeveling van Neethling besluit dat 'n pad van Lydenburg na Eppenvloed en af tot op die Portugese grens gemaak sou word. Dit was die taak van veldkornet Jan de Beer. Die pad sou deur die gebied van die Kafferkaptein Umswaas gaan. Met behulp van Swasies het de Beer 'n rybare pad gemaak tot aan die Portugese grens nl. Eppenvloed, een en 'n half dag van Delagoabaai. Hy het met die Portugese ooreengekom dat hulle die pad oor hulle eie gebied self sou voltooi. (24)

Joachim Carlos de Andrade het Eduardo Pinheiro as goewerneur van Lourenco Marques opgevolg. Hy het in Februarie 1850 in Korrespondensie met die Volksraad getree. (25) Hy kla dat die „Kafferkaptein“ Kalisa (Dorus Buis) wat 'n onderdaan van die Volksraad was, ses naturelle handelaars van die Portugees Boda Cassimo, beroof en om die lewe gebring het. Die skade van die gesteelde goedere word op 500 pesos bereken. Verder verlang de Andrade om te weet of die Boere hulle nog aan die ooreenkoms wat tussen hulle en goewerneur Feireira gesluit is, hou.

Op 25 Mei 1850 antwoord die Volksraad dat die saak teen Kalisa sonder tydversuim ondersoek is, en dat hy onskuldig bevind is op die aanklagte teen hom. Macoa, 'n ander kafferkaptein is die skuldige. Hy sou gestraf word en skadevergoeding aan die Heer Boda Cassimo betaal. (26)

24. VR. 73/49 Veldkornet J. de Beer se verslag, 4 September 1849.

25. E.V.R. 3 59-60. de Andrade aan Volksraad, dd. 18 Februarie 1850.

26. E.V.R. 3 pp. 61-87. 'n Volksraad aan de Andrade, dd. 6 Maart 1850.

Voorts deel die Volksraad die goewerneur mee dat hulle nog hou aan die ooreenkoms wat met goewerneur Feireira in 1844 aangegaan is:

„Wy houden ons met alleen noch aan den overeenkomst, maar wy zullen met al ons vermoogen trachten om de overeenkomst te vervullen, en alles te doen wat in ons vermoogen is om trederebete geven het Portugeesche Gouvernement geen reden van klaagen hebben zal. Niets zal ons meer vreugde zyn dan in goeden vriendschap, tevredenheid en handel te komen en te blyven met U Ex en Uwer Ex. Gouvernement.“

Voorts het die Volksraad 'n kommissie van vyf nl. H.T. Bührman, A.F. Spies, C. Potgieter, P. Coetzer en Karel Trichardt na Delagoabaai gestuur met die volmag om

„verbonden of tractaaten te sluiten en aan te gaan, in een woord alles te doen wat zy nuttig en noodzakelyk achten voor ons aller welzyn, en vryheid.“⁽²⁷⁾

Die Volksraad het ook op 28 Mei 1850 'n brief aan die goewerneur-generaal van Mosambiek geskrywe en die hoop uitgespreek dat die Portugese regering met die Kommissie sou saamwerk om 'n verdrag van vrede, vriendskap en handel te sluit.⁽²⁸⁾ In hierdie brief word die hele toestand van die Boere onder sy aandag gebring. Die Volksraad het die verloop van die geskiedenis van die Trekkers geskets en nadruk daarop gelê dat as hulle langer in Oostelike Transvaal bly, dit noodsaaklik is dat daar 'n toenadering plaasvind tussen hulle en die

27. E.V.R. 3 pp. 61-87. art. 40. Volksraadsbesluit, 25 Mei 1850.

28. E.V.R. 235 pp. 5-12 Volksraad aan goewerneur-generaal van Mosambiek, dd. 26 Mei 1850.

Portugese. Voorts luidie brief:

„daar den handel over den Delagoa Baai thans noch onbestaanbaar is, en daar onzen begeerten steeds is geëest met Harer Majesteits Gouvernement verder op eenen vriendschappelyken voet voorttegaan en hoopende dat den beloften van Z. Excellentie den wel Ed. Heer Ferreira vervuld zouden worden, wachten wy hierop, maar te vergeefs. Bystand of hulp is ons noch nooit beweeszen, hoezeer wy denzelven ook behoeven.“

Die handel is niks verbeter nie. Groot gebrek heers, veral aan ammunisie, en die Portugese sal groot voordeel vind in die handel met die Boere. Hulle vertrou daarop dat die Goewerneur-Generaal voortaan persoonlik in hulle lot sal belang stel, en 'n poging sal aanwend om die handel tussen hulle en Mosambiek sowel as Europa te verbeter. As die Lissabonse regering hom met die saak bemoei, behoort al die Portugese hawens daarby baat te vind. Verder skrywe die Volksraad:

„Wy zyn zeer verlangende om, indien het Portugeesch Gouvernement zich hiermeden mocht willen bemoeijen, eener nuwen handelsweg te openen naar Inhambane en Sofata.“ As die Portugese nie wou help nie, sou dit onmoontlik wees.

Op die oomblik word hulle gedwing om met die Britse kolonies handel te dryf, maar hulle verkies liewer om met die Portugese handelsverbintenisse aan te gaan.

Die Volksraad versoek ook dat daar 'n duidelike grenslyn tussen die Boere se gebied en die van die Portugese moes wees, want die Volksraad wou graag sekerheid hê watter naturelle-stamme onderdanigheid en gehoorsaamheid aan hulle verskuldig was. Dit is nie duidelik watter gebied die Portugese aan hulle afgestaan

het/.....

het nie. 'n Vaste grenslyn sou verhoed dat die Boere invloed uitoefen oor Portugese onderdane.

Volgens die ooreenkoms van 1844 tussen die Boere en die Portugese sou geen naturelle-onderdane die reg hê om in besit van vuurwapens te wees nie. Die naturelle kry egter kruit en vuurwapens in Port Natal in die hande, en nou weet die Volksraad as gevolg van die onduidelikheid aangaande die grenslyn, nie teen wie hulle moet optree nie. Die Volksraad vra verder of die Boere nog voortaan die reg sou hê om nog te bly woon waar hulle op die oomblik was. (29)

Die goewerneur-generaal het blykbaar die goewerneur van Lourenco Marques versoek om op die saak van die Boere in te gaan. Die Boere het in elk geval geen antwoord op die brief aan ^{die} goewerneur-generaal ontvang nie.

X Die Kommissie het in Julie 1850 by die Baai aangekom en op 30 Julie 'n verdrag met die Portugese goewerneur gesluit. Die verdrag het uit sewe artikels bestaan:

Art. I. „In de Portugeesche gronden benoorden den 26 ste graad, de Heere Hollanders⁽³⁰⁾ make zyne woning in dat gewest, maar blyve steeds in goede vriendschap met de Baai en zullen steeds hebben eene vrye geoorloofde en wettige handel in deze baai.“

Hierdie artikel kom daarop neer dat die Boere die reg het om in die Portugese gebied noord van die 26 ste breedtegraad te woon. Potgieter en die Portugese

29. E.V.R. 235 p.p. 5-12 Volksraad aan goewerneur-generaal van Mosambiek, dd. 26 Mei 1850.

30. M.W. Pretorius het ⁱⁿ 'n brief dd. 29 November 1853 aan die Volksraad, beswaar gemaak teen die benaming Here Hollanders, en gesê dat die Boere Afrikaners is en nie Hollanders nie R. 730-54.

goewerneur Ferreira het reeds in 1844 oor die gebied wat die Boere sou bewoon, ooreengekom en miskien is dit die rede waarom die betrokke gebied hierdie keer so vaag aangedui is. Die Boere verkry die reg van vryhandel deur die Baai. Die Portugese wou die Boere graag naby hulle gehad het om die naturelle in toom te hou en om met hulle handel te drywe.

Art. 2. „De grond naby de Baai is een woning voor de Kaffers behoorende onder de vlag en zal in gez. Volksraad of iemand anders geen recht hebben om zich met dezen enigzins te bemoeijen. En zal de Gouverneur een officier zenden met 25 troepen om de lyn te merken en de lyn zal wesen tot Macoxulle zyn laaste grondgebied en tot het einde van het grondgebied van Manakost na de noord zyde tot aan de voet van de berg van Saboesa.”

Hiervolgens moes die Boere hulle nie met die kaffers in die omgewing van die Baai bemoei nie, aangesien hulle Portugese onderdane was. Vir die eerste keer sou daar nou 'n Portugees gestuur word om die grenslyn tussen die Boere en Portugese vas te stel.

Art. 3. „De Heeren Hollanders hun pligt zal zyn om in goede vriendschap en verstandhouding te blyven met de Portugesen en zal verpligt zyn, om die menschen te straffen die onwettig werken over den bepaalden lyn en zullen verpligt zyn om nadere wegen te maken na die Baai.”

Volgens hierdie artikel onderneem die Boere dus om persone wat onwettig oor die grens gaan, te straf. Verder sou die Boere dit as hulle plig moes beskou om in vriendskap met die Portugese te verkeer en om paaie te maak.

Art. 4. „Voor ecne goede opene correspondentie en byzondere partikuliere zaken is de pligt van de Heere Hollanders te zorgen alsmede voor goede veiligheid

en tot instandhouding der wegen, binnen hun lyn door Saboesa zyn veld tot aan de lyn van Mathol, en het Portugeesche gouvernement zal betzelve doen binnen zyn limiet." Hierdie artikel bepaal dan onder andere dat die Boere die paaie in hulle gebied in orde sou hou en die Portugese weer in hulle gebied.

Art. 5. „De Gouverneur van Lourenco Marques zal eveneens diegenen zyner onderdanen straffen welke kwaad zullen doen aan de Heeren Hollanders."

Hierdie artikel is opgestel om te verhinder dat daar as gevolg van naturellemoëilikhede vyandskap tussen die Boere en die Portugese ontstaan.

Art. 6. „De Heeren Hollanders en de Gouvernement der Baai beloven elkander te zullen helpen, indien de kaffers kwaad of geweldadigheid pleegden."

Die Portugese was nog altyd vir Mannekos bang en as die Boere en Portugese gesamentlik optree teen hom, sou dit beter wees. Ook ander naturelle sou dan in hulle spoor trap.

Art. 7. „De overeenkomst gemaakt in 1844 tusschen den gouverneur Antonio Jong Feirira en de Heer Hendrik Potgieter is vernietigd door de opstand van gem. Heer Potgieter tegen de Ed. Volksraad." (31)

Soos bekend was daar voortdurend onenighed tussen Andries Hendrik Potgieter en die Volksraad en dis daarom dat lg. hierdie bepaling laat maak het.

Die kommissie was egter nie heeltemal tevrede met die ooreenkoms nie en hulle het die Goewerneur gevra om hulle na Oos-Transvaal te vergesel. Hy was gewillig om dit te doen aangesien hy graag wou sien

31. S.S.R. 218/50. Verdrag tussen Volksraad en Portugese goewerneur, 30 Julie 1850.

hoe die Boere se land daar uitsien en buitendien wou hy met die Volksraad in aanraking kom.

Die Portugese goewerneur de Andrade en twee van sy offisiere het saam met die Boere-kommissie na Ohrigstad vertrek. Hier is hy baie gasvry deur die Volksraad en emigrante behandel. Kort na hulle aankoms op 24 Augustus 1850 het daar samesprekings tussen die goewerneur en Volksraad plaasgevind. Die samesprekings het gelei tot 'n aanvullende ooreenkoms wat die onduidelikhede in die voorlopige traktaat van die vorige maand verwyder het. Die goewerneur het die vergadering voorts toegespreek en sy gedagtes oor die basis van verdere samewerking uiteengesit. De Andrade het die volgende punte voorgestel:

1. „om ten strengsten te beletten dat geen kaffer geweeren, kruid en lood nemen, krygen of behouden en ten strengsten te beletten dat niemand zulks aan de kaffers verruilen of verkoopen magt.“

Die Volksraad het die goewerneur meegedeel dat daar in Transvaal reeds 'n wet bestaan wat die verkoop van gewere aan naturelle verbied en dat hulle bly was dat die Portugese 'n soortgelyke wet het.

2. „dat alle jagters op olifanten enz. die Portugeesche onderdaanen waren, vry zullen mogen jagten in ons (die Boere se) veld. En dat ook daarentegen den jagters van onzen zyde weder vry zouden mogen jagten over onzen olyn en in het Portugeeschen grondgebied.“ Die Volksraad het hiermee saamgestem.

3. „om een Fort te bouwen om een vyliker plaats te hebben om in tyd van oorlog met kaffers een vijlig-schuilplaats en voor onzen vrouwen en kinderen.“ Die fort sou in Transvaalse gebied gebou word.

Die/.....

Die goewerneur het ook gesê dat hy sou sorg-
dra vir kanonne in die fort. Die Volksraad het die goe-
werneur verseker dat so 'n stap hulle groot vreugde sou
verskaf en dat hulle dit reeds lankal wou gedoen het.

4. „om wanneer het mogelyk was, een Briewenpost
opgerichten van hier na Delagoabaai om in gedurige
briefwisseling te blyven.”

Hiermee was die Volksraad dit ook eens.

Die goewerneur het sy hoop uitgespreek dat die
Boere nie meer voortaan so sou rondtrek nie,
„en allen menschen nu in vriendschap zich er op zouden
toeleggen om in vreden en rust te leven en voor hunnen
vrouwen en kinderen te werken en te beproeven zoo geluk-
kiger te worden.”

Die Volksraad het aan die goewerneur gevra of
die uitvoer van kruit uit die Baai vry vir die Boere
was, want hulle het gehoor dat die Portugese die uit-
voer daarvan belet het. Die goewerneur het geantwoord
dat dit wel vry aan die Boere was, maar dat die kaffers
dit nie mag kry nie. Daar was 'n tydelike te kort aan
buskruit, daarom het die Portugese die uitvoer daarvan
belet.

In verband met die grenslyn is bepaal dat 'n
kommissie bestaande uit verteenwoordigers van beide
regerings die lyn sou vasstel. Ook die kwessie van
paspoorte is behandel. Die Portugese goewerneur het
gesê dat in alle lande die reisigers paspoorte van goeie
gedrag moes toon as hulle na 'n ander land gaan.
Daar is toe ooreengekom dat 'n paspoortstelsel in-
gevoer sou word. Al die Boere wat voortaan na die
Baai wou gaan, moes voorsien wees van 'n paspoort,
en andersom. (32)

Hierdie ooreenkoms van 1850 was baie beter as die een van 1844 van A.H. Potgieter met die Portugese. Veral die naturellebeleid is duideliker omskrywe. Daar sou nou vir die eerste keer 'n grenslyn tussen die Trekkers se gebied en die Portugese se gebied wees. Daar het nou 'n baie goeie verstandhouding tussen die Boere en die Portugese bestaan. Die Volksraad het selfs besluit

„dat allen uitlandschen naticn uitgezondert de Holland-sche en Portugeeschen belet zal worden om gronden te koopcn aan dezen ^yden Vaalrivier.“(33)

X Een van die vernamste redes waarom die Portugese graag in vriendskap met die Boere wou bly, was omdat hulle gewoet het dat die Trekkers mans genoeg was om die vyandige kaffers op hulle plek te sit. Die Boere moes dus hulle bondgenote wees.

✓ Met die ooreenkoms van 1850 het dit geskyn of die weg vir die toekoms gebaan was om in voortdurende verbinding met die Portugese te bly. Die toekoms het nou vir die Trekkers baie rooskleuriger gelyk, want die Boere sou deur hierdie traktaat groot voordele geniet, veral wat betref die invoer van ammunisie, die afbakening van die grenslyn en die naturelle-kwessie.

Dit is jammer dat die hele Transvaal nie saamgestaan het in die onderhandelings met die Portugese nie, want as 'n eenheid sou hulle meer krag gehad het om die voordele wat hierdie traktaat ingehou het prakties tot uitvoering te bring. Oostelike-Transvaal moes maar op eie houtjie voortgaan om die groot taak te verrig.

33. E.V.R. 4 p. 36. Volksraadsbesluit, Art. 5,
20 Mei 1850.

Tydens die Portugese goewerneur de Andrade se besoek aan Ohrigstad, het die reeds vervalde dorp die laaste voorreg gehad dat 'n kommissieraadsvergadering daar gehou is. (34) Die gevaarlike geelkoors het jaarliks, maar veral in 1849 baie slagoffers in Ohrigstad geëis, (35) met die gevolg dat die inwoners na hoërliggende gebiede verhuis het. Die vyandige houding van die naburige kafferstamme het ook tot die ontvolking van Ohrigstad bygedra. Elke keer as 'n huisgesin verhuis het, het die weerbaarheid van die gemeenskap as geheel daaronder gely. (36)

Landdros Versfeld het die voortou geneem toe hy in Augustus 1849 sy kantoor na Krugerspost verskuif het. Baie van die Volksraad se ondersteuners het in die omgewing van Krugerspos, Rusplaas, Vlakfontein, Rozenkrans en Goedgedacht gaan woon. (37) Die Volksraad het besluit dat daar in Maart 1848 'n vergadering te Krugerspos gehou en sou word aangesien dit dan vir die publiek maklik bereikbaar sou wees. (38) Dit was die eerste samekoms wat nie in Ohrigstad gehou is nie.

34. E.V.R. 4. p. 61.

(35). Prof. A.N. Pelzer:
Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek;"
Deel I p. 136.

35. R. 137a/48, 3 Februarie 1848.
Voortrekker-Argiefstukke, p. 307.

37 A.P. van der Merwe:
Die stigting van Lydenburg. Historiese Studies,
Jaargang I, No. 4,
p. 28.

38. E.V.R. 2, p. 147.

Op 21 September 1849 het die Volksraad op Krugerspost besluit om 'n nuwe dorp Lydenburg, op die plase Boshock, Waterval en Enkeldoorn, aan te lê.⁽³⁹⁾ Die naam is heelwaarskynlik gekies ter herinnering aan die naamlose leed en ellende wat die mense in Ohrigstad as gevolg van die gevreesde geelkoors, te verduur gehad het,⁽⁴⁰⁾ die veeverliese, die hopelose kerktoestand, die treurige handelsaangeleenthede en die bittere staatkundige verdeeldheid.⁽⁴¹⁾

Op 20 Mei 1851 is die eerste Volksraadsvergadering in Lydenburg gehou. Dit het van die begin af swaar gegaan in die nuwe dorp. Weens die giftige tse-tsevlieg kon die handel met die Baai nie vooruitgang maak nie. Die vordering was stadig. Ds. van der Hoff skrywe in 1854 aan professor Louts:

„Lydenbug..... is een ellendig nest, 10 of twaalf huise en of liever hutten, ter nauwernood voor de helft bewoond... een nest, dat evenals Ohrigstad schynt opgegeven te zullen worden...“⁽⁴²⁾

Lydenburg het tog in teenstelling met Ohrigstad, Schoemansdal en Leydsdorp stadig maar seker een van die vooruitstrewendste plattelandse dorpe van Transvaal geword.⁽⁴³⁾

39. E.V.R. 4 p. 8.

40. Prof. A.N. Pelzer: t.a.p. p. 136. Vgl. ook Manfred Nathan: „The Voortrekkers of South Africa,“ p. 326.

41. A.P. van der Merwe: t.a.p. p. 34. Vgl. Ook Theal. „History of South Africa,“ dl. VI p. 504.

42. Prof. S.P. Engelbrecht: „Geschiedenis v.d. Ned. Herv. Kerk in Z.A.“ dl. I Bylaag 27.

43. A.P. van der Merwe: t.a.p. p. 34.

HOOFSTUK VI.
DIE VERDRAG VAN
VREDE, VRIENDSKAP EN HANDEL VAN 1869.

Na die verdrag van 1850 met die goewerneur van Lourenço Marques, het die Oos-Transvalers ook probeer om met Inhambane te onderhandel. Vroeg in 1851 het die Volksraad 'n Lydenburger na Inhambane afgevaardig om met die goewerneur Pedro Valente Costa Pinho handelsbetrekkings aan te knoop. Laasgenoemde het toe afgesante na die Boere gestuur. Onderhandelings is aangegaan maar is nooit prakties uitgevoer nie, aangesien die afstand tussen Lydenburg en Inhambane te groot was en die tse-tsevlieg en vyandige kaffers die verbinding verder bemoeilik het. Blykbaar het die Portugese bure te min belanstelling en ondernemingsgees besit om hulle deel tot die sukses van so 'n onderneming by te dra. Die Portugese wou vriendskaplike betrekkings met die Boere aanknoop meer met die oog op die uitwerking wat dit op die vyandige naturellestamme sou hê, as om ekonomiese voordele.⁽¹⁾ Aandag is toe weer aan Lourenço Marques geskenk.

Op 22 Januarie 1851 het die opvolger van Goewerneur De Andrade naamlik Jose Gonsalve Martinho hom deur middel van korrespondensie in verbinding met die Volksraad gestel. Hy k¹a dat naturelle onderdane van die Boere een van sy kafferkapteins, Macaxulla, kwaad aangedoen het en eis dat die skuldiges uitgelewer moes word.⁽²⁾

-
1. R. 1279/57 No. 15.
dd. 7 September 1851 en No. 16
dd. 5 April 1851.
 2. E.V.R. 3. pp. 139-144 art. 8.
Jose Consalve Martinho aan Volksraad
dd. 22 Januarie 1851.

Die Volksraad het geantwoord dat hulle dink dat Macaxulle self verantwoordelik was vir die moord en kwaad wat in sy kraal voorgekom het, en dat die kaffers wat in die Boere se gebied gewoon het onskuldig was. Die goewerneur moes ook verstaan dat dit onmoontlik is om elke keer as daar 'n twis is tussen die naturelle 'n kommando diep in kafferland in te stuur. As Macaxulle wou kom wraak neem teen sy vyande sou die Volksraad hom nie in die weg staan nie.

Aangesien goewerneur Martinho ook verneem het of daar nie 'n handelsweg na Lourenco Marques geopen kon word nie, laat weet die Volksraad dat hulle van voornemens is om in Mei 1851 'n groot getal mense na die Baai te stuur om die pad te maak en te kom handel drywe. Die naturellekwessie sou ook by daardie geleentheid bespreek word.⁽³⁾

Die Volksraad het in die winter van 1851 weereens 'n kommissie met A.T. Spies as hoof na die Baai gestuur. Die naturellekwessie is met die Goewerneur bespreek en uit die weg geruim. In sy verslag aan die Volksraad verklaar Spies dat hulle nog nie daarin kon slaag om 'n weg sonder tsetsevlieë, tussen die Lebomboberge en die Baai te vind nie. Hy verklaar verder dat die kafferkaptein Umswaas baie vyandig gesind is teenoor die Boere en dat dit onveilig is om slegs met 'n paar waens en weerbare manne deur sy gebied te trek.⁽⁴⁾

In 1851 is weer 'n kommissie uit Lydenburg na Lourenco Marques gestuur. Die waarnemende goewer-

3. E.V.R. 3 pp. 139-144. art. 8.
Volksraad aan J.G. Martinho,
dd. 15 Februarie 1851.

4. V.R. 175/51
Verslag van A.T. Spies aan Volksraad i.v.m.
pad na Lourenco Marques, 28 Augustus 1851.

neur het hulle kortaf behandel en gesê dat die verdrag van 1850 nie geldig is nie. Die Transvaal is nog nie onafhanklik verklaar deur Engeland nie en is dus nie in staat om onafhanklik op te tree nie. Die Boere was natuurlik verontwaardig en het vir 'n lang tyd niks met Lourenco Marques te doen gehad nie. ⁽⁵⁾ Die sukses van die onderhandelings het afgehang van wie in bevel was in Lourenco Marques. Daar was kort-kort 'n ander goewerneur. Sommige was die Boere goedgesind maar ander weer nie. Tref die Boere dit dus gelukkig, het dit geskyn of sake na wens sou verloop, maar in die meeste gevalle is die beste vooruitsigte bederf deur die feit dat die goewerneur te gou opgevolg is deur 'n ander wat van die vorige onderhandelinge niks wis nie of hom nie steur aan die verorderinge van die goewerneur-generaal van Mosambiek nie.

In 'n brief van 11 April 1852 wat deur die toenmalig Portugese goewerneur van Lourenco Marques nl. Marcos Rodriques Cardinas geskrywe is kla hy by die Volksraad dat die Zoeloes oorlog teen die Portugese verklaar het en hy vra dat die Boere hulle moes kom help en die Zoeloes verhinder om voort te gaan met hulle geplunder. ⁽⁶⁾ Die Boere het Panda gewaarsku om nie die Portugese te hinder nie. ⁽⁷⁾ Panda het besluit dat dit vir hom veiliger sou wees om die Portugese met rus te laat.

Ook die Portugese van Inhambane is met rus gelaat deur die vyandige Mannekos nadat die Trekkers hulle intrek in Zoutpansberg geneem het. Volgens 'n brief

5. E.V.R. 235, VR. 410/54
Die Besluit van die Volksraad.

6. S.S.R. 1279/57 No. 14.
Cardinas aan Volksraad dd. 11 April 1852.

7. E.V.R. 4 p. 162, 5 Mei 1852.
'n Besluit van die Volksraad.

van landdros Duvenhage aan Kommandant Schoeman blyk dit dat as gevolg van die vriendskaplike verhouding wat daar tussen die Zoutpansbergers en die Portugese van Inhambane ontstaan het, Mannekos geskrik het en sy onderdane beveel het om ongehinderd deur sy gebied te gaan. Sommige van sy kapteins wat vir 'n lang tyd die Portugese lastig geval het, het hulle onderwerp en weggeloepe slawe aan die Portugese base uitgelewer. Alles uit vrees vir die Boere.⁽⁸⁾ Die Portugese was dus ter wille van hulle veiligheid verplig om in vriendskap met die Boere te bly.

Ook ter wille van die handel sou dit die Portugese betaal om op goeie voet met die Boere te verkeer. Hulle het gereken dat die Portugese hawens nou 'n ryk hinterland deur die aanweigheid van die Boere sou hê. Daar sou nou verskillende soorte produkte deur die hawens vervoer kon word wat groot winste vir die Portugese kon afwerp. Hulle was begerig dat die Boere met hulle allen sou handel dryf, en nie met die Hollanders nie. Alle swarighede is deur die Portugese op vreemde skepe wat met die Boere wou handel drywe, gelê. In 1852 ~~ov.~~ kla Smeekamp in 'n brief aan die Volksraad dat die handelwyse van die Portugese koloniale goewerment, in Lissabon sowel as in Mosambiek, van so 'n aard is dat die Hollandse vriende geen vertrouwe meer sal stel in die pogings/wat aangewend mag word om oor Delagoabaai 'n gereelde handelsverbinding met die Boere daar te stel nie. Hy beweer dat die Portugese gesaghebbendes skelms is en dat hulle „op deze havens geheel naar willekeur handelen en geene andere zaken voorstaan, dan die hen, in hun parti-

8. R. 997/56.
Duvenhage aan Schoeman, dd. 6 Maart 1856.

culier, geld in de zak kunnen brengen."⁽⁹⁾

'n Vorige goewerneur van die Baai nl. da Silva het gesê dat hy ontevrede was dat Britse handelware deur Lourenco Marques na die Trekkers ingevoer word. Hy het gesê dat dit nadelig vir die Portugesse en in stryd met die ooreenkoms van 1844 was. Die Boere het destyds belowe dat hulle nitsluitlik met die Portugese sou handel drywe. Die Volksraad het geantwoord dat die Trekkers „niets meer wenschen dan een handel geopend te zien tus-schen hier en Delagoabaai."⁽¹⁰⁾

Na die mislukking van verskillende pogings om regstreeks met Nederland deur Delagoabaai 'n handelsverbinding daar te stel, het die Trekkers gestreef om regstreeks met die Portugese te onderhandel. Die Boere wou nie met die Engelse handel drywe nie want hulle het gemeen dat staatkundige vryheid alleen afhang van ekonomiese onafhanklikheid. Hulle het baie vertroue in die Portugese gestel en het gedink dat Portugal 'n magtige moondheid was. Engeland sou egter sorg dat die Transvalers ekonomies afhanklik van hom bly, selfs na die tot standkoming van die Sandrivier-traktaat in 1852. Dit was veral Andries Hendrik Potgieter wat niks met die Engelse regering te doen wou hê nie, en sy politiek is deur sy opvolgers voortgesit.

'n Ander rede waarom die Boere hulle meer tot die Portugese gewend het, was omrede die Britse smouse altyd getrag het om die Trekkers uit te buit deur lae pryse vir die Boere se produkte te betaal. 'n Gevoel

9. V.R. 198/52 Smellekamp aan Volksraad,
dd. 24 Februarie 1852.
Vgl. ook: Prof. A.N. Pelzer: Geskiedenis van die
Suid-Afrikaanse Republiek. p. 175.

10. Vr. 42/48.
da Silva aan Volksraad. dd. 24 Januarie 1848.

teen alles wat Engels was, het ontstaan en die Boere het hulle oë op Delagoabaai gerig.

Op 24 Julie 1854 skrywe die nuwe goewerneur van Lourenco Marques, daCosta e Silva, aan die Volksraad in Lydenburg en deel hulle mee dat daar in Portugal 'n party aan bewind gekom het wat 'n hele politieke omwenteling veroorsaak het. Die nuwe regering het by die koning van Portugal aanbeveel dat 'n veranderde handelsbeleid met betrekking tot die kolonies gevolg moes word. Die Portugese het die hawes Lourenco Marques, Inhambane, Sofala, Quitimane en Ibo vir alle nasies oopgestel op voorwaarde dat hulle invoerrechte betaal, terwyl voorheen die Portugese die alleenreg tot handel dryf in daardie plekke gehad het.⁽¹¹⁾ Hy sê dat die Suid-Afrikaanse Republiek baie hierby sou baat, aangesien die omstandighede nou so verander het dat albei sal voordeel trek uit die nuwe beleid, vra hy dat die Trekkers 'n vriendskaplike handelsverdrag met die Portugese moes aangaan.⁽¹²⁾ Hy is seker dat beide lande daaruit voordeel sal trek. Die goewerneur versoek verder dat die Volksraad 'n gevolmatigde persoon of persone na hom toe moes stuur met wie hy so 'n kontrak kan sluit.⁽¹³⁾

Die Transvaalse regering het toe 'n kommissie aangestel om die saak te ondersoek. Die kommissie het op 6 November 1854 aan die goewerneur geskrywe en gesê dat die Portugese die verdrag van 1850 sonder enige ernstige rede vernietig het, maar dat hulle die Portugese

-
11. E.V.R. 4 pp. 347-348.
Da Costa e Silva aan Volksraad.
dd. 24 Julie 1854.
 12. Die Portugese het die verdrag van 1850 as ongeldig beskou. (sien vorentoe.)
 13. S.S.R. 1279/57 No. 12.
Da Costa e Silva aan Volksraad, dd. 24 Julie 1854.

sou vergewe en nog steeds wens om 'n verdrag van vriendskap en handel met die Portugese te sluit.⁽¹⁴⁾

Op 1 Mei 1855 het da Costa e Silva, die goewerneur van Lourenco Marques, 'n antwoord op die brief van die Volksraad gestuur en verduidelik dat goewerneur de Andrade nie in 1850 die reg gehad het om met die Boere 'n verdrag te sluit nie, aangesien Engeland toe nog nie die onafhanklikheid van die Transvaal erken het nie. Daarom het die goewerneur-generaal van Mosambiek nie die verdrag wat tussen die Boere en de Andrade gesluit was, erken nie. Da Costa e Silva het verder geskrywe en gesê:

„maar hoden terwyl deese U Edele Republiek is vry verklaard door het Engelsch gouvernement haast zich het Portugeesche gouvernement om het contract hetwelke U Ed. verlangt, tot stand te bringen. De Republick moet geliewe indachtig *zijn* dat het Portugeesch gouvernement zeer verlangt om onz contract in orde te zien, en wenscht dat beide deeze Staten in een handels en vriendschaps vereeniging te brengen en dat het Portugeesch gouvernement *ni* daartoe heeft gezonden ten einde zulks ten voordeelen van beide staten te bewerken.“⁽¹⁵⁾

Die Boere was nou weer met nuwe moed besiel. Die Volksraad het op 1 Junie 1855 besluit dat dit „allernoodzakelykst *zijn* dat er eene vaste onderhandeling tussehen de Zuid Afrikaansche Republiek en het Portugeesche gouvernement tot stand gebragt moet word^en.“⁽¹⁶⁾

14.V.R. 410/54 Volksraad aan goewerneur Da Costa e Silva, dd. 6 November 1854.

15. S.S.R. 1279/57 No. 11.
da Silva e Costa aan Volksraad, 1 Mei 1855
('n vertaling.)

16. V.R.B. Art. 119.
'n besluit van die Volksraad, 1 Junie 1855.

'n Kommissie van drie lede bestaande uit C. Potgieter, F. de Clercq en H. Buhrman^{is} nog dieselfde winter na die Baai gestuur,⁽¹⁷⁾ maar nog voor hulle aankoms daar is die Portugese goewerneur skielik oorlede, en was daar niemand wat volmag gehad het om mee te onderhandel nie. Die Portugese wat aan bewind van sake was, het die Boerekommissie nietemin gevra om 'n ooreenkoms op te stel wat hulle dan na die goewerneur-generaal van Mosambiek sou stuur vir ondertekening en goedkeuring. Oor die volgende punte is besluit.

Art. I. Dat die Portugese die onafhanklikheid van die Z.A.R. sou erken en dat die Portugese nie die reg sou hê om gronde wat aan die Republiek behoort, te bewoon nie.

Art. 2. Dat die Z.A.R. die onafhanklikheid van die Portugese erken en hulself nooit die reg sou toeëin om Portugese besittings te neem nie.

Art. 3. Dat beide regerings die grense tussen die Z.A.R. en Mosambiek sal bepaal en dat die Portugese goewerment 'n strook grond aan die rivier in die nabyheid van die Lebomboberge⁽¹⁸⁾ aan die Republiek sou afstaan^a ten einde die handel te bevorder.

Art. 4. Dat beide goewermente in geval hulle aangeval word, mekaar die nodige hulp sou verleen.

Art. 5. Dat van beide kante slawehandel belet sou word en dat diensbodes onder kontrak geneem sou word.

Art. 6. Dat dit nie toegelaat sou word dat kruit, lood, gewere ens. aan naturelle verskaf sou word nie. 'n Persoon wat hom aan hierdie oortreding skuldig maak,

17. V.R.B. Arts. 5 & 6.
Notulle van Volksraad, 4 Julie 1855.

18. Blykbaar die Komatirivier.

is strafbaar met die dood.

Art. 7. Dat bostaande bepaling in die nuusblaai bekend gemaak moes word.

Art. 8. Dat die regbanke van beide kante die reg sou hê om misdadigers te verhoor.

Art. 9. Dat misdadigers wedersyds uitgelewer sou word.

Art. 10. Dat die Portugese regering in aanmerking moes neem dat die Z.A.R. al baie gedoen het om die handel te bevorder en dat die Portugese met alle mag moes saamwerk.

Art. 11. Dat die Portugese regering invoertariewe moes verminder.

Art. 12. Dat beide regerings alles sou doen wat in hul vermoë is om die paaie van die Baai na die Republiek in orde te bring.

Art. 13. Dat hierdie artikels sal geld in al die hawens van die Portugese in Oos-Afrika.

Art. 14. Dat die Volksraad afskrifte van alle onderhandelings moes kry. (19)

Hierdie punte van onderhandeling is na die goewerneur-generaal van Mosambiek, Vasco Guide de Carvalho Menciais gestuur. Hy het die Volksraad geantwoord: „Ek kan U Ex. verzekeren dat myn gouvernement verlangend is om vriendschaps en handelsbetrekkings voor altyd durende aan te knopen met de Zuid-Afrikaanse Republiek en dat gy de beste voldoening zult hebben zoo gedurende myn bestuur de behoorlyke traktaten in orden worden gemaakt.”

19. S.S.R. 1279/57, 14 Augustus 1855.
Ontwerp traktaat tussen Volksraad en Portugese.

Hy sê verder dat hy nie op eie gesag kan handel wat die punte wangaande die afstand van grondgebied en die vermindering van invoertariewe, betref nie. Hy skrywe dat hy 'n gevolmagtigde Kommissie na die Volksraad sou stuur onder voorsitterskap van goewerneur Machado, om/te onderhandel. As die Volksraad nie met die Kommissie kon ooreekom nie, sou hy self probeer om die besware uit die weg te ruim. Verder skrywe hy:

„Ik kan de Edele Kommissie verzekeren dat de onderdanen der Zuid Afrikaansche Republiek, al ware het dat er geen traktaat bestaand, zullen toegelaten worden tot elk handelsvoordeel even als de meest begunstigde natie, zoo wel te Lourenco Marques als in het overige gedeelte der provincie waarheen ik de nodige orders ga geven.“(20)

Op 15 September 1855 het die opvolger van da Costa e Silva, nl. goewerneur Machado aan die Volksraad te Lydenburg geskrywe en gee sy spyt te kenne dat daar geeneen was om met die Boere te onderhandel in die Baai nie as gevolg van die skielike dood van die goewerneur. Hy deel die Volksraad mee dat daar in Lourenco Marques 'n kommissie deur die goewerneur-generaal benoem is om met die kommissie van die Volksraad te onderhandel. Hy sê dat die Volksraad die tyd en plek moes bepaal waar die kommissies mekaar moes ontmoet. Ook moes die Volksraad die kommissie voorsien van die nodige stukke wat noodsaaklik is vir die opstel van 'n traktaat.(21)

20. S.S.R. 1279/57 No. 1. goewerneur-generaal van Mosambiek aan die Volksraad. 'n Vertaling. Daar is geen datum by nie.

21. S.S.R. 1279/57 No. 7. Goewerneur Machado aan Volksraad, dd. 15 September 1855.

Die/.....

Die Volksraad het toe aan goewerneur Machado geskrywe en gesê dat hulle graag wou hê dat die onderhandelinge in Lydenburg moes plaasvind. Op 9 Desember 1855 het Machado die Volksraad laat weet dat die goewerneur-generaal nie wou hê dat hy van Lourenco Marques moes weggaan nie en dat die Volksraad 'n kommissie na die Baai moes stuur. As daar enige beswaar is waarom die Volksraad nie 'n afvaardiging kon stuur nie, moes hulle die rede gee sodat hy aan die goewerneur-generaal verslag kon doen. (22)

Die Boere het egter gemeen dat hulle alreeds baie gedoen het om die verhouding tussen hulle en die Portugese te verbeter en het gesê dat dit die keer die Portugese se beurt was om na die Republiek te kom. Die sluiting van 'n verdrag tussen die twee is hierdeur vir 'n lang tyd vertraag.

Die Boere het gewoonlik gedurende die wintermaande hulle waens gepak met produkte soos mielies, horings, ivoor, pluimvee en varke en dit dan in die Baai gaan verkoop aan die Portugese handelaars of aan skepe wat dan ook die hawe aandoen. Die Boere het gewoonlik saamgetrek in groepe sodat hulle hulle kan verdedig teen die vyandige kaffers. Daar was gewoonlik van ses tot tien waens bymekaar. Hulle het in die wintermaande getrek omdat die tsetsevlieë en koors dan nie so erg was nie. Tussen 1850 en 1860 was die verkeer tussen die Boere en die Portugese van so 'n omvang dat daar twee bekende weë van Lydenburg oor die berge en deur die Laeveld na Delagoabaai oopgery is. Die pos is met natuurlike boodskappers van Lourenco Marques na Lydenburg

22. S.S.R. 1279/57 No. 6.
Machado aan Volksraad, dd. 9 Desember 1855.

en/.....

110.

en omgekeerd, gestuur. (23)

Nadat die Boere hulle produkte verkoop het, koop hulle dan weer wat hulle nodig het. In die eerste plek koop hulle dan weer ammunisie, want baie Boere was vir hulle bestaan afhanklik van jag, veral die olifantjagters, en tweedens moes hulle ammunisie hê vir beskerming teen die vyandige kaffers en roofdiere. Verder word klerasie en kruideniersware gekoop. Daar moet soveel van elke artikel gekoop word dat dit 'n jaar lank kan hou. daar het wel Engelse smouse na Oos-Transvaal gekom, maar hulle het baie hoë pryse vir hulle ware gevra sodat die Boere maar liewers in die Baai gaan koop of ruil het.

Die Portugese handelaars het later winkels in Lydenburg opgerig en toe het dit beter gegaan. In Delagoabaai was die Portugese traag en het die gebrek aan behoorlike fasiliteite vir handelsdoeleindes die handel tussen die Boere en Portugese groot skade berokken. (24)

In 1857 het Lydenburg hom geheel en al afgeskei en 'n onafhanklike Republiek gestig. (25) In staatkundige opsig het hulle verskil met die beleid van Pretorius, en is daar 'n diep kloof bespeurbaar tussen die verskillende seksies. Die belange was taamlik uiteenlopend en daar was nie eensgesindheid wat die politieke aangeleenthede betref nie. Daar was 'n verskil wat hoofsaaklik berus het op 'n uiteenlopende buitelandse beleid. Potgieter en die Volksraad wou niks met die Engelse te gehad het nie en het alle heil van die handel met die

23. G.M. Theal: Records of South Eastern Africa
Vol. IX. p. 108

24. Das Neves: A Hunting expedition to the Transvaal.
p. 176.

(25). F. Wichmann: Die wordingsgeskiedenis van die
Z.A.R. p. 171. Vg. 1.

Ook: Prof. A.N. Pelzer: Geskiedenis van die
Suid-Afrikaanse Republiek. p. 205.

Portugese/.....

Portugese verwag,⁽²⁶⁾ terwyl Pretorius nooit die verlore Natal kon vergeet nie. Hy wou vir eens en altyd bly staan en die uitslag aan die swaard of aan onderhandeling toevertrou.

'n Ander rede vir die afskeiding van Lydenburg staan in verband met Smellekamp. Daar het om verskeie redes 'n stryd losgebrand tussen ds. van der Hoff en Smellekamp, en die uitslag was dat laasgenoemde deur die Volksraad wat in Rustenburg vergader het, beboet en belet is om hom met kerklike en politieke sake te bemoei. Later is hy uit die Transvaal verban.⁽²⁷⁾ Die Lydenburgers het gemeen dat Smellekamp vir baie jare geen moeite en ontbering in die belang van die Trekkers ontzien het nie, en dat hy nie so 'n behandeling verdien het nie.

Hierdie persoonlike, politieke, konstitusionele en kerklike kwessies in Transvaal het die onderhandelings tussens tussen die Boere en Portugese baie skade berokken en selfs tydelik tot 'n stilstand laat kom.

Gelukkig het tekens van 'n eenheidsdrang, van 'n gevoel onder die Transvalers dat hulle op slot van sake tog aanmekaar geheg was, natuurlik nie heeltemal ontbreek nie. Die grootste faktor in die rigting van 'n eenheidstaat was nog altyd die houding van die Pretorius-party. M.W. Pretorius het die ideaal van sy vader tot die mikpunt ook van sy eie strewe gemaak, en sy invloed het toegeneem. Nouere samewerking het 'n stappie verder gevorder toe Utrecht, waar 'n seksie van die

26. R. 248/51, Potgieter aan Pretorius, 16 Januarie 1851.

27. Prof. S.P. Engelbrecht: „Geschiedenis van die Nederduits Hervormde kerk in Afrika. Tweede hersiene en vermeerderde uitgawe, p. 98vv.

Trekkers reeds in 1848 ingetrek het, in Mei 1858 met Lydenburg verenig het, en Zoutpansberg ook in Januarie 1858 by die Suid-Afrikaanse Republiek (Potchefstroom) aangesluit het. Op 4 April 1860 het ook Lydenburg met die Suid-Afrikaanse Republiek geamalgameer⁽²⁸⁾ sodat daar nou 'n verenigde Republiek noord van die Vaal, met Pretoria as die nuwe hoofstad, tot stand gekom het.

Soos ons weet was daar na die vereniging nog innerlike verdeeldheid, en selfs 'n dreigende burgeroorlog omdat Pretorius wat graag al die Voortrekkers onder een vlag wou hê, onkonstitusioneel gehandel het deur homself verkiesbaar te stel as president van die Vrystaat.

Die jarelange partytwis het die ontwikkeling van die Republiek, veral op ekonomiese gebied, geweldig gestrem. Alfredo Duprat, Portugese verteenwoordiger in Kaapstad het in 1860 bv. sy bes probeer om M.W. Pretorius aan te moedig om 'n verdrag met Portugal te sluit,⁽²⁹⁾ maar as gevolg van die dreigende burgeroorlog in Transvaal⁽³⁰⁾ moes die president al sy aandag by die inwendige toestand van die Republiek vestig. Om dieselfde rede het 'n voorstel van die Portugese handelaars aan M.W. Pretorius om stoomwaens tussen die Transvaal en Lourenco Marques te laat loop, misluk.⁽³¹⁾

Onder die besef dat die Suid-Afrikaanse Republiek as gevolg van die onderlinge getwis geen status of prestige in die oë van die buiteland gehad het nie; dat

28. „Staats Courant," 20 April 1860.
Ook Volksraadsnotule 4 April 1860. Volkerbond
29. S.S.R. 3734/60, Alfredo Duprat aan Staatssekretaris.
- ⁽³⁰⁾ F. Wichmann: Die wordings geskiedenis van die Z.A.R. p. 193.
31. S.S. 20: De Paiva Rapozo aan Albasini, dd. 8 September 1860, en Albasini aan Schoeman 26 Desember 1860.

hy/.....

hy geen ekonomiese opbloei onder die omstandighede kon verwag nie, en dat die natuurlike onrus intussen tot 'n dreigende gemeenskaplike gevaar ontwikkel het, het die leiers en die volk hulle onderlinge getwis, naywer en tweedrag gestaak en skouer aan skouer gestaan om die dreigende gevare te bestry en die staat saam op te bou.

Toc alles weer rustig was, het Portugal probeer om Transvaal se handel in die hande te kry. Van nou af het die Portugese direk vanuit Lissabon alle pogings aangewend om met die Trekkers deur middel van Alfredo Duprat te onderhandel. Die Portugese se oë het hopenaan en hulle het besef dat die Engelse hawens, veral Port Natal, met die Transvaal se handel sou heengaan.

In 1866 het die regering van die Zuit-Afrikaanse Republiek vir M.W. Pretorius gevra om so gou moontlik 'n vriendskaplike en kommersiële vredesverdrag soos vroeër voorgestel, met die Portugese te sluit, en dat die grense tussen die twee state bepaal moes word. (32)

'n Ander gedagte het egter nou by die president M.W. Pretorius posgevat. Hy wou 'n eie seehawe vir die Republiek verkry. Die gebied wat hy vir die doel by die Republiek wou aanheg was die mond van die Mapoetarivier, suid van Delagoabaai. Die President het gedink dat Engeland die mond van die Mopoetarivier vry verklaar het, en het gedink dat die Portugese alleenseggenkap in die noordelike helfte van die Baai besit het. Op 29 April 1868 het Pretorius 'n proklamasie uitgevaardig waardeur die Republiek se grense uitgebrei word, sodat dit die mond van die Mapoetarivier, en 'n strook grond 'n myl breed aan weerskante van die rivier ingesluit het

32. V.R.B. art; 369, 13 Oktober 1866.

het. (33)

Die Britse regering wat die Republiek ekonomies afhanklik van Engeland wou gehad het, het dadelik teen hierdie proklamasie van Pretorius geprotesteer. (34)

Die Engelse Goewerment het gesê dat Engeland reeds jare tevore die gebied in hande gekry het van die inboorlinge stamme en dat 'n Britse vloot onmiddellik na die gebied sou gestuur word, as Pretorius verder voortgaan met sy planne.

Die Portugese regering het die Volksraad deur middel van Alfredo Duprat weer in kennis gestel dat die gebied aan Portugal behoort en dat Pretorius nie die reg het om dit by die Republiek aan te heg nie. (35) Pretorius was bang dat hy met Engeland en Portugal in die Moeilikhed sou kom en hy moes dus sy planne laat vaar.

In dieselfde brief waarin die Portugese protes teen Pretorius se proklamasie aanteken, spreek hulle ook die hoop uit dat daar 'n vriendskaps- en handelsverdrag gesluit moes word. Duprat het self na die Republiek gegaan as verteenwoordiger van die Koning van Portugal, en op 29 Julie 1869 het die langverwagte verdrag tussen Portugal en die Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria tot stand gekom.

Die volgende is die punte van die ooreenkoms:
Art. 1. Daar sal onverbreekbare en volmaakte vriendskap tussen die goewerment van die Z.A.R. en die koning van Portugal bestaan.

33. De Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, pp. 308-309.

Ook: W.J. Leyds: „Het insluiten van de Boere Republieken Deel I p. 296.

34. C. de Kiewiet: „British Colonial Policy and the S.A.R. 1848-1872." p. 261.

35. S.S.R. 803/68 du Prat aan Volksraad, 24 Junie 1868.

Art. 2. Die twee kontrakterende partye wens om die handel tussen die twee lande op die vrygewendste grondslag van volkome gelykheid en onderlinge wederkerigheid te vestig en kom ooreen dat daar tussen hulle grondgebied 'n wederkerige vryheid van handel sou wees. Die burgers en onderdane van elke party mag in die gebied van die ander ingaan en sal die vryheid hê om te woon op enige plek waar Europeane toegelaat word om te woon, ten einde hulle handelssake te behartig, en hulle sal dieselfde voorregte en beskerming geniet as die onderdane van die land self op voorwaarde dat hulle hul aan die wette van die land onderwerp.

Art. 3. Die vryheid van handel sal insluit alle soorte koopware behalwe wapens. Laasgenoemde sal onderworpe wees aan die bepalinge van die kantore van inkomende regte van elke party.

Art. 4. Slawehandel sal nie geduld word in enige van die twee lande nie. Persone wat hulle aan hierdie oortreding skuldig maak, sal in hegtenis geneem word.

Art. 5. Alle ander koopware en goedere wat nie in die voorafgaande artikels uitgesonder is nie, sal beskou en gehou word as vry, en sake van vrye wettige handel.

sodat dit op die vryste wyse deur beide die kontrakterende partye selfs na plekke behorende aan 'n vyand vervoer kan word, uitgesonderd alleen die plekke wat op die tyd beleër of geblokkeer is, en om alle twyfel hierin in besonder te vermy, word dit verklaar dat die plekke allenbeleër of geblokkeer is wat werklik deur 'n oorlogvoerende mag aangeval is, en wat nie in staat is om die binnetrede van 'n onsydige te belet nie.

Art. 6. Die Portugese sal nie dat Transvaal hoër invoertariewe betaal as ander lande nie, en omgekeerd.

Art. 7/.....

Art. 7. Indien een van die partye aan 'n ander volk 'n besondere voorreg toestaan in verband met die handel, sal die voorreg ook dadelik aan die ander party toegestaan word.

Art. 8. Alle voorregte van vervoer van artikels deur mekaar se gebied sal bly voortbestaan.

Art. 9. Dit sal vir alle handelaars en ander onderdane en burgers vry wees om hulle eie sake te behartig solank hulle die bepaalde wette van die land in verband met die handel nakom.

Art. 10. Geen onderdane en burgers van een van die kontrakterende partye se goedere sal in beslag geneem word vir militêre en ander doeleindes tensy so 'n persoon volle skadevergoeding ontvang van die betrokke regering.

Art. 11. Die Burgers en onderdane van elke kontrakterende party sal die reg hê om oor hulle persoonlike eiendom te beskik, onderworpe aan die wette van die land.

Art. 12. Beide kontrakterende partye onderneem om beskerming te verleen aan mekaar se onderdane en hul besittings.

Art. 14. Testamente, huweliksertifikate en ander dokumente sal wedersyds erken word.

Art. 15. Daar sal vryheid van godsdienst in beide lande wees.

Art. 16. Die twee partye sal die reg hê om handelsagente of konsuls in mekaar se gebied aan te stel. Hierdie persone sal dieselfde regte en beskerming van die betrokke staat geniet, as wat ander lande se konsuls en handelsagente in die land ontvang.

Art. 17. Alvorens die konsuls en handelsagente hul amp kan aanvaar, moet hulle eers die nodige aanstellingsvorme aan die betrokke regering oorhandig.

Art. 18. Die konsuls en hulle personeel, as hulle geen

onderdane/.

onderdane van die staat is nie, sal nie verplig word om publieke diens te doen nie, en sal ook nie oorlogsbelastings betaal nie.

Art. 19. Beide partye onderneem om mekaar se afgevaardigde ministers en ander publieke agente dieselfde regte en voorregte te verleen as wat die mees begunstigde nasie geniet of sal geniet.

Art. 20. Wanneer een van die kontrakterende partye in oorlog verkeer met 'n staat, sal die ander party nie die geseigde vyand help nie.

Art. 21. Indien 'n oorlog ontstaan tussen die twee partye, moet die handelaars in die betrokke lande eers ses maande kans gegee word om hulle goedere te verwyder en hulle sake te reel.

Art. 22. As onderdaan van een party geld in die bank van 'n ander party het, mag hierdie geld nie verbeurd verklaar word nie, al is die twee partye ook al in oorlog met mekaar.

Art. 23. Die twee partye hoop dat hierdie verdrag van vrede, vriendskap en handel baie lank sal duur, en kom ooreen in verband met die volgende punte:

a) Die Traktaat sal vir ten minste ses jaar van krag wees.

b) Die traktaat se bepalings geld vir al die besittings van Portugal in Oos-Afrika.

c) Indien 'n onderdaan een van die bepalings van die verdrag oortree, sal sodanige persoon gestraf word.

d) Indien een party 'n sekere bepaling in die traktaat oortree, sal die moeilikheid op vriendskaplike wyse uit die weg geruim word, en nie deur weerwraak nie.

e) Daar is niks in die traktaat wat bestaande

traktate/.....

traktate met ander volke teëwerk nie.

Art. 24. Die traktaat sal goedgekeur en bekragtig word deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die koning van Portugal. (36)

In hoofsaak kom die verdrag neer op 'n erkenning van die kant van Transvaal van Lourenco Marques as Portugese gebied in ruil vir vryhandel van Portugese sy. (37) Die verdrag kan beskou word as 'n mylpaal wat bereik is in die verhouding tussen die Transvaal en Portugal. Die Portugese regering het besef dat Transvaal as hinterland van die Portugese hawe Lourenco Marques, van groot ekonomiese waarde is. Daarom het die versoek om 'n traktaat te sluit van hulle kant gekom. Die verdrag van 1869 kan as die produk van jare se onderhandelings met mekaar beskou word. Die Transvaal kon nooit voor 1860 met alle mag die saak aanpak nie omrede die politieke verdeeldheid wat daar in Transvaal geheers het. Die Volksraad van Lydenburg kon voor die vereniging van die Transvaalse republieke nooit die volle steun van die Boere wat dieper die land in gewoon het, kry nie. Nou dat daar 'n eenheidsstaat was, was sake anders, en kon die Volksraad 'n vaste beleid handhaaf.

Die Volksraad het 'n kommissie benoem wat volmag gehad het om die traktaat met die Portugese verteenwoordigers te sluit. Hierdie verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Republiek se kant was: die staatspresident M.W. Pretorius, die Volksraadslede: H.J. Ueckermann,

36. A.F. de Kock: Verdragen der Zuid-Afrikaansche Republiek Compitatie van Tractaten, convensies enz.

37. Dr. C.W. de Kiewiet: Britian Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872. p. 271.

J.J. Fourie, J.R. Lys, die Uitvoerende Raadslede: M.J. Viljoen, S.J.P. Kruger (Kommandant-Generaal) en B.C.E. Proes.

Die verteenwoordigers van die Portugese koning was Ridder Commandeur Alfredo du Prat, Consul Generaal van Portugal in die Kaap en in Suid-Afrika en gevolmagtigde van sy Majesteit die koning van Portugal.

Die Verdrag is op 29 Julie 1869 geteken. Die Volksraad het die optrede van die gevolmagtigdes ongewysig goedgekeur. Die Portugese regering was tevrede met al die artikels en ^{het} geen wysigings voorgestel nie. Die traktaat sou van krag bly vir 'n tydperk van ses jaar vanaf die dag van uitwisseling van die ratifikasies. Die ooreenkoms is in Hollands en in Portugees opgestel.

Die regering van Portugal sowel as die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het die traktaat bekragtig en die ratifikasies is op 10 Julie 1871 in Pretoria uitgewissel.

Na die totstandkoming van die verdrag het die Suid-Afrikaanse Republiek baie snel ontwikkel. Goeie verbindingsweë is daargestel en die Transvaal het nou uiteindelik die reg gehad om sonder enige restriksies gebruik te maak van sy naby-geleë natuurlike hawe, Delagoabaai. Die Republiek kon nou kragtiger na buite optree en onder die aandag van die buitewêreld kom. Nederland, Frankryk en België het die Republiek 'n jaar na die totstandkoming van die verdrag erken. In een opsig was die verdrag dalk nadelig vir die Republiek want hy het hom die verdere vyandskap van Engeland op die hals gehaal. Die Britte wou die Transvaal ekonomies afhanklik van Engeland hou en wou

dus/.....

dus gehad het dat die Republiek gebruik moes maak van Fort Natal as hawe en nie van Lourenco Marques nie. Agt jaar na die verdrag is Transvaal vir die eerste keer deur Engeland geannekseer en voor die einde van die eeu is die Republiek tot 'n val gebring.

Lourenco Marques het baie gebaat deur hierdie Verdrag. Hierdie hawe het as gevolg van die vooruitgang van die Transvaal op gebied van die landbou, vee-teelt en ~~wyn~~wynbou snel ontwikkel en die hoofstad van Mosambiek geword. Sy bloei het hy dus te danke gehad aan die feit dat hy die uit- en invoerpoort van die ryk hinterland was, wat deur die Voortrekkers beskaaf is.

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE EN WERKE.

I. ARGIVALE BRONNE.

Die volgende argiefafdelings in die staatsargief in Pretoria.

- a. Staatsekretaris, S.A.Republiek (aangedui S.S.)
- b. Staatsekretaris, S.A.Republiek Inkomende Stukke (aangedui R.)
- c. Staatsekretaris, S.A. Republiek Uitgaande Stukke (aangedui B.B.)
- d. Uitvoerende Raad, S.A.Republiek (aangedui U.R.)
- e. Volksraad, S.A.Republiek (aangedui E.V.R. en V.R.)
- f. Louts-versameling.
- g. Scutter- Versameling.
- h. T.A. Skenking 81.

II. GEDRUKTE BRONNE.

Bird, J: The Annals of Natal, 1495-1845 (Twee dele) Pietermaritzburg, 1888.

Breytenbach, J.H. en Pretorius, H.S: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I en II.

Chase, J.C.: The Natal Papers, Grahamstown, 1843.

Engelbrecht, Dr. S.P: Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk in Zuid-Afrika.

Eybers, G.W: Select Constitutional Documents illustrating South African History, London, 1918.

Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885.

Preller, G.S: Dagboek van Louis Trigardt, 1836-1838. Bloemfontein, 1917.

Preller, G.S: Voortrekker Wetgewing. Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845. Pretoria 1924.

Pretorius, Dr.H.S: en Kruger D.W: Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849, Pretoria 1937.

Theal, Dr. G. McCall: Records of South Eastern Africa.

Verdragen der Zuid Afrikaansche Republiek, Compilatie van Traktaten, Conventies enz. in behoorlyke volgorde byeengebracht en gerangschikt door mnr. A.F. Kock lid van de Middle Temple.

III. Koerante.

Die Volkstem.

De Oude Emigrant.

Die Vaderland.

Die Volksblad.

Staats Courant der Zuid- Afrikaansche Republiek.

IV. Tydskrif-Artikels.

De Vaal, J.B: Joao Albasini, Die Huisgenoot, 4 Junie 1948 en 18 Junie 1948.

Macqueen, James: Journey from Inhambane to Zoutpansberg by the Santa Rita Montanha, Journal of the Royal Geographical Society, Vol. 32, 1862. (London.)

Punt, W: Louis Trichardt, Die Brandwag, 12 Desember 1939.

Oudschans Dentz F: Carolus Johannes Trichardt (1811-1901) de eigenlijke ontdekker van de Victoria-waterval, Het Tijdschrift van het koninklijk Nederlandsch Aardrijkskundig Genootskap, Januarie 1950.

Van der Merwe, A.P: Die stigting van Lydenburg, Historiese studies, Jaargang I, No. 4, p. 28.

Wichmann, F.A.F: Die Nedersetting in Orligstad, Historiese studies, Jaargang I, No. I, p. 16.

V. SEKONDÊRE BRONNE.

Agar-Hamilton, J.A.I: The Native Policy of the Voortrekkers, 1836-1858, Kaapstad, 1928.

Axelson, E: South East Africa. 1488-1530. London, 1940.

Bryant, A.I: Olden days in Zululand and Natal. London 1929.

Bryce, J: Impressions of South Africa. London, 1899.

Cloete, The late Hon. Henry: The history of the Great Boer Trek and the origen of the South African Republics. London 1899.

- Cory, G.E: The rise of South Africa, London, 1926.
- De Kiewiet, C.W: British Colonial Policy and the South African Republics, 1848-1872. London, 1929.
- Dicke, B.H: The bush speaks. Pietermaritzburg, 1936.
- Dicke, B.H: The Northern Transvaal Voortrekkers. Argief-Jaarboek vir S.A. geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel I, 1941.
- D'Orsey, J.D: Portuguese discoveries dependencies and missions in Asia and Africa, London, 1893.
- Engelbrecht, Dr.S.F: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Tweede hersiene en vermeerderde Uitgawe. Pretoria en Kaapstad, 1936.
- Engelenburg, Dr.F.V: De Delagoabaai-Spoorweg, een terugblik. Volksstem-Drukkery, 1894.
- Fuller, Claude: Louis Trichardts Trek across the Drakensberg, 1837-1838. Die van Riebeeck Genootskap, Kaapstad, 1932.
- Hofmeyr, N: Twintig jaren in Zoutpansberg. Kaapstad, 1890.
- Hofstede, H.J: Geschiedenis van de Oranje Vrijstaat. Den Haag, 1876.
- Huet, F: Het lot der Zwartten in Transvaal.
- Jackson, M.V: European powers in South East Africa.
- Junod, H.A: The life of a South African tribe. Neuchatel, 1912
- Kruger, Dr.D.W: Die weg na die See, Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Eerste jaargang, deel I, 1938.
- Leyds, Dr.W.J: De Eerste Annexatie van de Transvaal. Amsterdam, 1906.
- Moodie, D.C.F: The History of the Battles and Adventures of the British, Boers and the Zulus in Southern Africa. Vol.I and II? Cape Town, 1888.
- Muller, C.F.J: Die Britse owerheid en die Groot Trek.
- Munnik, Senator G.G: Kronieke van Noordelik Transvaal. S.A. Boekwinkel, Pretoria.
- Nathan, Manfred: The Voortrekkers of South Africa. London, 1937.

- Neves, Fernandes Das: A hunting expedition to the Transvaal.
London, 1879.
- Owen, The Diary of the Rev. Francis Owen, M.A., edited
by sir George Cory, M.A. D.Litt., Van Riebeeck Society
Cape Town, 1926.
- Pelzer, Dr.A.N: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek,
Deel I, Wordingsjare. Pretoria, 1949.
- Potgieter, Dr. Carel en Theunissen, N.H: Kommandant-Generaal
Hendrik Potgieter. Afrikaanse pers Beperk, Johannes-
burg.
- Preller, G.S: Historiese Opstelle.
- Preller, G.S: Fiet Retief. Kaapstad, 1930.
- Preller, G.S: Voortrekkermense. (Ses dele.) Nasionale Pers,
Beperk, Kaapstad, 1920, DL.II 1920, DL.III 1922,
DL.VI 1925, DL.V 1938, DL.VI 1938.
- Prestage, E: The Portuguese Pioneers. London, 1933.
- Slayt, H.A: The BaVenda. London, 1931.
- Stuart, J: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek
in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1854.
- Theal, Dr. G. McCall: The Portuguese in South Africa. Cape Town,
and London 1896.
- Theal, Dr. G. McCall: History of South Africa before 1795.
Vol. I; London, 1916.
- Theal, Dr. G. McCall: History of South Africa, 1834-1854.
London, 1893.
- Theal, G. McCall: History of South Africa, 1854-1872. London,
1889.
- Theal, Dr. G. McCall: History of South Africa since 1795.
London, 1922.
- Uys, Dr. C: In the era of Shepstone, being a study of British
expansion in South Africa, 1824- 1842-1877. Lovedale,
1933.
- Van der Merwe, Dr. F. J: Die Noordwaartse Beweging van die Boere
voor die Groot Trek, 1842 18 1770-1842. Den Haag, 1837.

Van Oordt, J.F: Paul Kruger en de opkomst der Z.A.Republiek.

Kaapstad, 1898.

Voortrekkergedenkboek van die Universiteit van Pretoria. Publi-

kasiekomitee van die Universiteit van Pretoria, 1938.

Van Warmelo, N.J: The copper miners of Messina. Pretoria, 1940.

Walker, E.A: The Great Trek. London, 1934.

Wichmann, Dr. F.A.F: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-

Afrikaansche Republiek, 1838-1860. Argief-Jaarboek vir

Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vierde Jaargang, Deel II

1941.

